

Die vrye-wil: 'n nie reduksionistiese perspektief

PF Muller

 **orcid.org/0000-0002-8131-732X**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad [Magister](#)
[Artium in Filosofie](#) aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Mnr MF van der Walt

Gradeplegtigheid: Mei 2021

Studentenommer: 25090178

BEDANKINGS

Ek wil graag my studieleier Mnr. Tinus van der Walt bedank vir sy insiggewende kommentaar en waardevolle advies. In besonder wil ek hom ook bedank daarvoor dat hy baie meer moeite gedoen het as wat van hom vereis is. Ek is ook uitsonderlik dankbaar teenoor my ouers, Desirée en Francois Muller, wat my ondersteun het en laat-aande aan proeflees en taalversorging oorgegee het. Ek is ook dankbaar teenoor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die finansiële ondersteuning wat hulle aan my gegee het vir die uitvoering van hierdie studie. Aan my verloofde, Helé Heyns, vir haar deurlopende ondersteuning en geduld wat vir my so waardevol is.

OPSOMMING

Die vrye-wil: 'n nie reduksionistiese perspektief

Die doel van hierdie projek is om die stand van sake in die kontemporêre vrye-wil diskoers, wat in 'n doodloop straat beland het, te evalueer en om 'n Reformatoriese benadering tot vrye-wil as alternatief voor te stel. Dit wil voorkom asof daar sekere onderliggende probleme is wat manifesteer in pogings om vrye-wil in verband te bring met 'n wetenskaplike begrip van oorsaaklikheid. Die verskillende dominante posisies oor vrye-wil, naamlik determinisme, kompatibilisme, en die libertariese beskouing, struikel elkeen oor sekere oënskynlik onoorkombare probleme sodat dit ten diepste lyk asof dat die vrye-wil diskoers vasgevang is in 'n dilemma – of te wel die genoemde doodloopstraat. Hierdie dilemma behels 'n kritieklose aanvaarding van 'n ongebonde, en dus onverklaarbare vryheid aan die een kant, en vryheidlose determinisme aan die ander. Hierdie dilemma is van noemenswaardige belang, aangesien ons begrip van vrye-wil 'n sentrale rol speel in baie ander filosofiese en lewenskwesties waaronder epistemologiese sekerheid en juridiese en morele aanspreeklikheid.

In hierdie projek word bogenoemde stand van sake op 'n kritiese wyse geanaliseer ten einde die dieperliggende aard van hierdie oënskynlike dilemma te identifiseer. Daar word aangevoer dat die vrye-wil diskoers in die meeste gevalle gerig en beperk word deur onderliggende en problematiese filosofiese en voorwetenskaplike vertrekpunte. Een van die kern probleme wat aangespreek word, is dié van reduksionisme en die rol wat dit speel in teorievorming. Vervolgens word daar geargumenteer dat die problematiese aard van hierdie vertrekpunte vermybaar is, en dat daar wel 'n alternatiewe benadering moontlik is. Die voorstel is dat die Reformatoriese nie-reduksionistiese filosofie en die gepaardgaande ontologie, wetenskapsfilosofie en antropologie, 'n raamwerk bied waarbinne die vrye-wil dilemma as sodanig moontlik omseil kan word met behulp van 'n meer sinvolle verrekening van vrye-wil.

Sleuteltermes: Vrye-wil, Vrye-wil dilemma, Vrye-wil kwessie / diskoers / gesprek / probleem, Reduksionisme, Filosofiese raamwerke, Reformatoriese filosofie, Verantwoordelikheid, Aanspreeklikheid, Wetenskapsfilosofie, Reformatoriese ontologie, Reformatoriese antropologie.

SUMMARY

Free will: a non-reductionist perspective

The aim of this project is to evaluate the state of affairs in the contemporary discourse on free will (which has run into in *cul-de-sac*) and to propose a Reformational approach to free will as an alternative. There appear to be certain underlying problems that manifest in attempts to relate free will to a scientific understanding of causality. Each of the various leading positions on free will, namely determinism, compatibilism, and the libertarian view, stumble upon certain seemingly insurmountable problems to such an extent that it seems that the discourse about free will is trapped in a dilemma - the above mentioned *cul-de-sac*. This dilemma consists of an uncritical acceptance of an unbound, and therefore inexplicable freedom on one hand, and a freedomless determinism on the other. This dilemma is significant, as our understanding of free will plays a central role in many other philosophical and real-world issues, be they epistemological certainty, as well as legal and moral liability.

In this project, the state of affairs mentioned above is critically analysed in order to identify the underlying nature of this apparent dilemma. It is argued that the free will discourse is often directed and limited by underlying and problematic philosophical and pre-scientific points of departure. One of the core issues that is addressed is that of reductionism and the role it plays in theory formation. It is then argued that the problematic nature of these points of departure can be avoided and that an alternative approach is possible. It is proposed that the Reformational non-reductionist philosophy and the accompanying ontology, philosophy of science and anthropology provide a framework within which the free will dilemma may potentially be circumvented by means of a more meaningful account of free will.

Key terms: Free will, Free will dilemma, Free will issue / discourse / dialogue / problem, Reductionism, Philosophical frameworks, Reformational philosophy, Responsibility, Accountability, Philosophy of Science, Reformational ontology, Reformational anthropology.

INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS.....	I
OPSOMMING.....	II
SUMMARY.....	III
INHOUDSOPGAWE	IV
LYS VAN FIGURE.....	IX
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 Agtergrond	1
1.2 Die vrye-wil “probleem”	2
1.2.1 Algemene opvatting oor vrye-wil	2
1.2.2 Algemene opvatting oor die vrye-wil “kwessie/s”	2
1.2.3 Opvatting oor die realiteit van vrye-wil	3
1.2.4 Implikasies van die vrye-wil probleem	4
1.3 Oënskynlike dilemma in die vrye-wil gesprek	4
1.3.1 Determinisme.....	4
1.3.2 Pogings tot versoening: vrye-wil én determinisme	5
1.3.3 Kwantum fisika en indeterminisme	5
1.3.4 Verdere besware teen die B.A.M. en libertariese vrye-wil	5
1.4 Ontologiese neigings: loutere of klassieke materialisme.....	6
1.4.1 Reduksie: Klassieke materialisme en fisikalisme.....	6

1.4.2	Post-reduksionisme: Nuwe ontologieë	6
1.5	Ontologie, oorsaaklikheid en wetenskapsfilosofie.....	7
1.5.1	Ontologie, oorsaaklikheid en vrye-wil.	7
1.5.2	Wetenskapsfilosofie en vrye-wil.....	8
1.6	Nie-reduksionistiese filosofie as alternatiewe benadering.....	8
1.6.1	Eienskappe van 'n nie-reduksionistiese filosofie	8
1.7	Probleemstelling.....	9
1.8	Sentraal teoretiese stelling	10
1.9	Subvrae.....	10
1.10	Doelwitte	10
1.11	Hoofstukke	11
1.12	Metode	11
1.13	Bydrae van die studie.....	11
1.14	Literatuurstudie	12
1.15	Etiese oorwegings	12
HOOFSTUK 2: VERNAAMSTE STANDPUNTE.....		13
2.1	Inleiding	13
2.2	Gronde vir die keuse van “vernaamste beskouings”	14
2.2.1	'n Motivering vir die keuse van sekere beskouings	14
2.2.2	Vernaamste beskouings en perke van hierdie studie	14
2.3	Vernaamste beskouings bespreek en geëvalueer.....	15
2.3.1	Plan en doel van aanbieding van gekose beskouings	15

2.3.2	Bespreking en kritiek op Churchland se reduksionistiese naturalisme .	15
2.3.3	Ander vorms van determinisme	18
2.3.4	Addisionele kritiek op determinisme	19
2.3.5	Kompatibilistiese beskouings.....	22
2.3.6	Libertariese beskouings.....	28
2.4	Slotopmerkings oor die huidige vernaamste standpunte: Verfynde kriteria.....	30

HOOFSTUK 3: ONTOLOGIE EN WETENSKAPSFILOSOFIE - DIE BEPALENDE		
	VERTREKPUNTE	31
3.1	Inleiding	31
3.1.1	Algemene opmerkings oor filosofiese raamwerke	31
3.2	Wetenskapsfilosofieë as raamwerke, en die debat oor vrye-wil	33
3.2.1	Wat is wetenskapsfilosofie?.....	33
3.2.2	Wat is 'n teorie?.....	34
3.2.3	Wat is 'n wetenskaplike teorie?	34
3.2.4	Modale abstraksie.....	36
3.2.5	Beknpte inleiding tot "aspekte van die werklikheid"	37
3.3	Die wyse waarop ontologie en wetenskapsfilosofie, wetenskaplike teorieë beïnvloed	39
3.4	Reduksionisme	40
3.4.1	Reduksionistiese ontologie	40
3.4.2	Reduksionistiese wetenskapsfilosofie	42
3.4.3	Swak en sterk reduksionisme	44

3.4.4	Kritiek op reduksionisme.....	44
3.5	Die wyse waarop wetenskapsfilosofie, ontologie, en reduksionisme gesprekke oor vrye-wil beïnvloed	49
3.5.1	Fisikalisme as spesifieke gevallestudie	50
3.5.2	Voorbeelde van meer subtile gevalle.....	50
3.5.3	Die algemeen geldende argument.....	51
3.6	Die rede waarom sekere filosofiese raamwerke reduksionisties is, en of dit vermybaar is.....	52
3.6.1	Die onvermydelikheid van voorwetenskaplike oortuigings in ontologieë en spesiale wetenskaplike teorieë	52
3.6.2	Is die Reformatoriese kritiek op outonome rede selfvernietigend?	57
3.7	Samevatting: 'n tree na 'n beter benadering	59
 HOOFSTUK 4: 'n NIE-REDUKSIONISTIESE ALTERNATIEWE BENADERING TOT VRYE-WIL		
		60
4.1	Inleiding	60
4.2	Kern-elemente van Reformatoriese filosofie	60
4.2.1	'n Nie-reduksionistiese benadering tot die werklikheid.....	61
4.2.2	'n Nie-reduksionistiese benadering tot wetenskap	69
4.2.3	'n Nie-reduksionistiese beskouing van die mens.....	70
4.3	Die vrye-wil begin verreken vanuit 'n Reformatories, nie-reduksionistiese oogpunt	73
4.3.1	Wat is vrye-wil: herbesoek.....	73
4.3.2	Hoe funksioneer die vrye-wil as deel van menswees: Die vrye-wil dilemma as valse dilemma	74

4.4	Die Reformatoriese verrekening van die vrye-wil in die lig van voorafgaande kriteria en probleme	75
4.4.1	Vrye-wil, determinisme, en wetenskap	75
4.4.2	Lukraakheid	76
4.4.3	Vrye-wil en verantwoordelikheid	76
4.5	Beperkings en geleenthede in ons verstaan van vrye-wil	77
4.6	Hoofstuk samevatting	78
HOOFSTUK 5: SLOT		80
5.1	Uiteensetting van hoe doelwitte behaal is	80
5.1.1	Doelwit een	80
5.1.2	Doelwit twee	80
5.1.3	Doelwit drie	81
BRONNELYS.		83

LYS VAN FIGURE

Figuur 3-1: Lys van aspekte- Clouser	38
Figuur 4-1 Uitgebreide lys van aspekte	62
Figuur 4-2 Aktiewe en passiewe aspekte in entiteite	66

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Agtergrond

“Vrye-wil” was nog altyd, en is steeds, ’n belangrike onderwerp in filosofie. Filosowe en ander denkers keer gedurig terug na hierdie tema.

Vanweë die breedvoerige aard van vrye-wil¹ as onderwerp in, onder andere, Westerse filosofie, is dit nie moontlik om ’n volledige uiteensetting te gee van elke moontlike posisie nie. Die doel van hierdie projek is die grondlegging van ’n nie-reduksionistiese (en Reformatoriese) verrekening van die vrye-wil kwessie². ’n Breë oorsig van die hoofkontoere van die akademiese bespreking van vrye-wil sal hiervoor genoegsaam wees.

Alhoewel dit, soos reeds genoem, nie moontlik is om elke posisie aangaande die vrye-wil kwessie te bespreek nie, is daar algemene ooreenstemming³ in die akademies-filosofiese gemeenskap dat die hoof posisies aangaande vrye-wil opgedeel kan word in sinvolle kategorieë. Kritiek wat dan geldig sou wees ten opsigte van een posisie binne ’n sekere kategorie of klas sou dan toepaslik kon wees op ander posisies in daardie selfde klas in soverre as wat die eienskap wat gekritiseer word, gemeenskaplik tot daardie klas is (Ekstrom, 2000b:1-14).

Verskeie kontemporêre posisies aangaande vrye-wil sal in hierdie projek geanaliseer en gevalueer word vanuit ’n Reformatories nie-reduksionistiese oogpunt. Dit wil nie sê dat daar uitsluitlik vanuit hierdie perspektief gewerk gaan word tot so mate dat die aanvaarding daarvan ’n vereiste sal wees vir die aanvaarding van elke analise en evaluering nie. Daar sal gepoog word om, wat die kritiek betref, hoofsaaklik op ’n immanente vlak te werk.

In hierdie projek sal slegs die mees relevante⁴ hoofkontoere van die vrye-wil kwessie, en die verskeie opvattings daarvan, bespreek word. ’n Oorsig van die onderwerp, skopus, en rigting van hierdie navorsingsprojek sal vervolgens gegee word.

¹ In hierdie projek sal die term “vrye-wil” gebruik word eerder as “die vrye-wil”. Die motivering hiervoor is om implisiet te suggereer dat vrye-wil ’n “ding” of “objek” is.

² Die terme vrye-wil kwessie, vrye-wil debat, vrye-wil gesprek, vrye-wil diskoers, vrye-wil, probleem, vrye-wil dilemma, kan gesien word as wissel terme tensy die konteks duidelik anders vermeld.

³ Die naas-sinekdogetiese samehang van die hoofstroom posisies oor vrye-wil kan betwyfel word, veral deur denkers van ’n epistemologies-skeptiese oortuiging. Hierdie soort skeptici is egter in die minderheid en hulle word meer breedvoerig in ander filosofiese dissiplines bespreek.

⁴ Die kriteria vir “mees relevante” sal later bespreek word.

1.2 Die vrye-wil “probleem”

Op hierdie punt moet twee sake aangaande die *vrye-wil probleem* aangeraak word. Eerstens: Waarna verwys die term “vrye-wil”? Tweedens: Wat is die “probleem” of “kwessie” ten opsigte van “vrye-wil”? Die oorhoofse doel van hierdie projek is om ’n alternatiewe karakterisering van, of aanslag tot, die “vrye-wil probleem” te begin voorsien. Daar bestaan baie verskillende definisies van “vrye-wil” en daar is ook verskillende opvattings van wat die “probleem” van vrye-wil is. Hierdie definisies verskil – soms radikaal – van een filosofiese tradisie tot die volgende. Die wyse waarop die probleem van vrye-wil aangespreek word wissel ook tussen tradisies. ’n Bespreking van die konsep van vryheid in die fenomenologiese tradisie kan byvoorbeeld op ’n radikale wyse verskil van hoe “vryheid” bespreek en hanteer word binne ’n ander tradisie. In hierdie projek sal die konsep van “vrye-wil” en die “probleem van vrye-wil” gebruik word op ’n wyse wat breedweg ooreenstem met die meer analitiese filosofiese tradisies.

1.2.1 Algemene opvattinge oor vrye-wil

Die presiese betekenis van die term “vrye-wil” is nie ’n uitgemaakte saak nie. Die rede waarom ’n finale definisie van vrye-wil nie hier reeds gegee kan word nie, is vanweë die wederkerige (dialektiese en retroaktiewe interafhanklike) aard van filosofiese posisies aangaande vrye-wil.

Die definisie van vrye-wil waaruit enige verdere bespreking voortvloei is reeds beïnvloed deur die posisie wat ingeneem is aangaande die bestaan en funksie van vrye-wil. Dit wil sê die antwoorde wat voorgestel word vir die “vrye-wil probleem”, beïnvloed retroaktief die definisie van vrye-wil self (Searle, 2004:151). “Vrye-wil” verwys egter in breë terme na die *oënskynlike of werklike vermoë van ’n mens om op te tree as ’n verantwoordbare oorsaak of agent met die vermoë om te kies*. Hierdie definisie sal deur die loop van hierdie projek verder gemotiveer en uitgebou word. Interafhanklike konsepte soos oorsaaklikheid, verantwoordelikheid, rasionaliteit, en agentskap sal ook ondersoek word om sodoende ook ’n beter begrip van die bostaande definisie te ontwikkel. Interafhanklike konsepte soos dié wat pas genoem is, speel ’n belangrike rol in hoe vrye-wil en die vrye-wil probleem verstaan word, en behoort dus ook ingesluit te word in die akademiese bespreking daarvan.

1.2.2 Algemene opvattinge oor die vrye-wil “kwessie/s”

Soos in die geval van die definisie(s) van vrye-wil, is die definisie van wat die vrye-wil “probleem” of kwessies behels, opsigself ’n kwessie vir bespreking. Dit is in hierdie geval egter ook moontlik om op hierdie punt ’n voorlopige beskrywing te voorsien wat algemeen genoeg aanvaar sou kon word. Die primêre vraagstuk aangaande vrye-wil, en gevolglik dus ook die

fokus van hierdie studie, sentreer om die oënskynlike teenstrydigheid tussen die menslike ervaring van vryheid en die algemene opvatting van oorsaaklikheid, veral in die wêreld om ons. As mense ervaar ons die gevoel van keuse en vryheid in sekere aksies: die idee dat ek iets doen omdat ek *kies* om dit te doen. Bowendien, sou dit blyk dat “dinge” (gebeure, prosesse, ensovoorts) in die wêreld om ons plaasvind of gebeur as gevolg van oorsake. Verder kom dit voor asof oorsaak en gevolg ’n sekere wetmatige struktuur vertoon. Dit is ook duidelik dat oorsaak en gevolg nie net bepaal *dat* dinge gebeur nie, maar ook *hoe* dinge gebeur. Die wetmatige proses van oorsaak en gevolg wil soms, of gereeld, voorkom om ’n geslote en volledig-beskrywende sisteem te wees waarin “wat volg” volledig en noodwendig bepaal word deur “dit wat veroorsaak” in ’n vaste ketting van gebeure (Searle, 2004:153).

Die idee dat gebeurtenisse die noodwendige produk (beide in terme van *dat* en *hoe*) is van ’n volledige stel oorsake (wat soms “*voorwaardes*” of “*omstandighede*” genoem word), staan bekend as *determinisme* (Earman, 1986:1-23). Die sentrale vraagstuk is dus om te weet hoe keuses – wat mense ervaar as outentieke wilshandelinge – verstaan kan word in verhouding tot determinerende of beïnvloedende faktore. Hierdie vraagstuk word ook soms die “probleem van *fatalisme*” in vrye-wil literatuur genoem (Van Inwagen, 1983). Een van die mikpunte van hierdie projek is vervolgens om bostaande kwessie te bespreek en te bepaal of die betrokke karakterisering daarvan nie op ’n ander wyse benader kan en behoort te word nie.

1.2.3 Opvattinge oor die realiteit van vrye-wil

Soos reeds genoem is daar verskillende sieninge oor die realiteit en funksie van vrye-wil. Standpunte aangaande die realiteit van vrye-wil kan egter breedweg in twee groepe ingedeel word. Aangaande vrye-wil as die *werklike vermoë van mense om keuses te maak* is daar is net twee moontlike posisies. “Ja” (soms of altyd) en “nee” (nooit nie): Ja, menslike dade en denke kan op ’n oorspronklike wyse in die mens self ontstaan, sodat die mens as die outentieke oorsaak daarvan beskou word; nee, menslike dade en denke is altyd die produk van voorafbestaande faktore. In die “ja” standpunt word daar ook gewoonlik beklemtoon dat die mens ’n werklike keuse moet kan uitvoer, in die sin dat die mens waarlik kon kies om anders te doen gegewe identiese omstandighede. Dit wil sê die omstandighede bepaal nie volledig (altyd) die keuse nie, en soms is daar situasies waarin ’n agent werklik ’n ander keuse sou kon gemaak het. Hierdie idee word na verwys as die Beginsel van Alternatiewe Moontlikhede (vervolgens B.A.M.).

Die “ja” standpunt word ook gereeld die libertariese⁵ standpunt aangaande vrye-wil genoem. Die “nee” standpunt waarin die B.A.M. verwerp word kan verder verdeel word in twee kategorieë. Eerstens, determinisme wat voorhou dat vrye-wil geensins bestaan nie. Tweedens, kompatibilisme waarin daar geargumenteer word dat die idee van vrye-wil wel versoen kan word met determinisme. Verskeie weergawes van kompatibilisme poog om ’n opvatting van vrye-wil te ontwikkel wat nie afhanklik is van die B.A.M. nie (Kane, 2011:15).

1.2.4 Implikasies van die vrye-wil probleem

Die verskillende standpunte wat ingeneem kan word ten opsigte van die vrye-wil probleem en die B.A.M. het verreikende implikasies. Beide kwessies binne die sfeer van die vrye-wil bespreking, sowel as kwessies buite die gesprek as sodanig, word op ’n noemenswaardige wyse beïnvloed. Wanneer die B.A.M. as geldig aanvaar word, lei dit tot verdere vrae binne die probleem van vrye-wil naamlik *hoe* vrye-wil sou funksioneer binne ’n oënskynlik wetmatige realiteit (byvoorbeeld: die wette van fisika). Verwerping van die B.A.M. en aanvaarding van determinisme of kompatibilisme lei hierteenoor weer tot ’n moeilike herooring van ’n reeks kwessies, vanaf epistemologie tot moraliteit self (Verplaetse, 2012). Hierdie verdere kwessies en implikasies speel ook ’n belangrike rol in die groter vrye-wil debat en sal ook verdere aandag geniet deur die loop van die projek.

1.3 Oënskynlike dilemma in die vrye-wil gesprek

Dit begin reeds duidelik word dat die vrye-wil probleem, soos reeds genoem, nie ’n afgehandelde saak is nie. Dat daarna verwys word as die “vrye-wil probleem” getuig reeds hiervan. Die redes waarom daar nie baie vordering gemaak word met die debat nie, is om verstaanbare redes self ook ’n kontroversiële saak. Dat daar noemenswaardige besware teen die bekendste vrye-wil standpunte is, word ondersteun deur die groot aantal kritiese werk wat steeds daaroor gepubliseer word. Dit bly gevolglik van kardinale belang dat daar voortdurend navorsing oor hierdie probleem gedoen word. Om standpunt in te neem oor vrye-wil, so uitdagend as wat dit is, is onvermydelik en het verreikende implikasies⁶.

1.3.1 Determinisme

Die suiwer deterministiese beskouing van vrye-wil is problematies om verskeie redes. Hoewel meer omvattende kritiek later in die studie gebied sal word, kan daar egter op hierdie punt reeds daarop gewys word dat ’n substansiële groep vernaamste denkers hierdie standpunt

⁵ Vrye-wil libertarianisme verwys na die filosofiese standpunt dat mense minstens soms werklik oor vrye wil beskik en moet nie met politiese libertarianisme verwar word nie.

⁶ Sien 1.13 Bydrae van die studie

verwerp of minstens as ongewens beskou (Kane, 2011). Een van die doelwitte van hierdie projek is die voorstel van 'n nie-deterministiese benadering tot vrye-wil.

1.3.2 Pogings tot versoening: vrye-wil én determinisme

Daar is 'n groep van standpunte waarin determinisme nie verwerp word nie, maar wat wel van determinisme onderskei moet word. Hierdie soort standpunte poog om die idee van determinisme te versoen met 'n idee van vrye-wil. Dit wil sê die argument word gevoer dat die mens beide gedetermineerd is én oor vrye-wil beskik. Hierdie pogings tot versoening probeer gewoonlik om vrye-wil sonder die B.A.M. te konstrueer. Sulke konstruksies wil nie te veel van die positiewe assosiasies met vrye-wil prysgee nie. Hierdie kompatibilisme is 'n meer onlangse benadering wat deur verskeie prominente figure (Harry Frankfurt, Daniel Dennet, ens.) ondersteun word. Dit omseil egter steeds nie van die welbekende probleme nie en reduceer gedurig vrye-wil net tot 'n minder-as-werklike gevoel van vryheid. Een van die primêre besware teen kompatibilisme is onder andere dat dit nie daarin slaag om werklik die sentrale punte van kritiek teen determinisme te omseil nie (Van Inwagen, 2000).

1.3.3 Kwantum fisika en indeterminisme

Met die ontwikkeling van kwantum fisika⁷ het verskeie denkers voorgestel dat kwantum fisika, of iets soortgelyks, 'n oplossing tot die vrye-wil probleem kan wees. Dit het egter gou duidelik geword dat die probleem van vrye-wil nie opgelos kan word deur bloot determinisme te verwerp nie. Dit het verder duidelik geword dat die tipe indeterminisme (die idee dat dinge kan gebeur sonder oorsaak, of dat die oorsaak nie die gevolg volledig bepaal nie), wat geïdentifiseer is deur kwantum fisika, nie as sodanig die vrye-wil probleem op 'n sinvolle wyse kan oplos nie (Ekstrom, 2000a:138-157). Kortliks: As dit wat ek doen eenvoudig net lukraak is, kan dit ook nie werklik vrye-wil genoem word nie. Hieruit word dit ook duidelik waarom die definisie van die B.A.M. wat hierbo gegee is, juis beklemtoon dat 'n agent anders moet kan *doen*, en nie net dat dinge anders moes kon *gebeur* het nie. Hierdie onderskeid sal uiteindelik 'n kardinale rol speel in hoe vrye-wil volgens hierdie studie gesien sal word.

1.3.4 Verdere besware teen die B.A.M. en libertariese vrye-wil

Die libertariese (B.A.M.) beskouing word ook met uitdagende probleme gekonfronteer. Die vernaamste vraag is “hoe” die vrye-wil sou funksioneer in verhouding tot 'n oënskynlik gedetermineerde, of dalk lukrake, kosmos. Dit word algemeen aanvaar dat menslike keuse beïnvloed word deur 'n verskeidenheid van omstandighede of oorsaaklike faktore wat wissel

⁷ Die studie van 'n soort fisika waarin sub-atomiese deeltjies nie volgens die normale kettings van oorsaak en gevolg optree nie. Sien Stapp (2017) vir 'n meer omvattende beskrywing.

van (maar nie beperk is nie tot) sosio-ekonomiese en fisiologiese aspekte, tot fisiese konstantes soos swaartekrag. Daar is tans geen algemeen aanvaarde standpunt wat die funksie of interaksie van vrye-wil met sulke faktore op 'n wetenskaplike wyse⁸ kan verklaar nie. Die redes waarom daar nie tans so 'n model is nie, is vervolgens ook 'n belangrike besprekingspunt in die projek. Dit is egter een van die hipoteses van hierdie projek dat die breër filosofiese raamwerk/e waarbinne die vrye-wil gesprek plaasvind reeds die moontlikheid van so 'n model uitsluit. Dit is om hierdie rede dat die ontologiese, epistemologiese, en wetenskapsfilosofiese vertrekpunte van die vrye-wil debat ook ondersoek en bespreek sal word.

1.4 Ontologiese neigings: loutere of klassieke materialisme

'n Persoon se ontologiese raamwerk speel 'n belangrike rol in ander filosofiese standpunte wat daarop volg. In die vrye-wil akademiese gemeenskap begin al hoe duideliker word dat die vrye-wil debat moontlik kan baat by 'n heroorweging van sekere filosofiese vertrekpunte en standpunte soos byvoorbeeld dié van klassieke materialisme (Ludwig, 2015).

1.4.1 Reduksie: Klassieke materialisme en fisikalisme

Die meerderheid⁹ invloedryke denkers oor die onderwerp van vrye-wil, veral in die moderne en kontemporêre eras, benader die probleem vanuit 'n basies materialistiese perspektief (Feser, 2013:54). Materialisme is, kortliks gestel, die ontologiese standpunt dat temporele realiteit uit fisiese “dinge” bestaan en dat alles ook volgens fisiese wette geskied. Hierdie vertrekpunt is dan ook in baie gevalle onderliggend tot 'n algemene (onbewustlike) aanvaarding van reduksionisme waarin gepoog word om alle fenomene in terme van hulle fisiese eienskappe te verklaar (Churchland, 1993:277). Materialisme (hier gebruik as wisselterm vir fisikalisme) bevorder ook 'n bepaalde idee van hoe wetenskaplike teorieë ontwikkel behoort te word. Materialisme en die gevolge daarvan word in meer besonderhede in hoofstukke twee en drie van hierdie projek bespreek.

1.4.2 Post-reduksionisme: Nuwe ontologieë

Daar het egter meer onlangs 'n tendens ontstaan waarin daar weg beweeg word van die klassieke materialistiese ontologieë. Verskeie kontemporêre denkers argumenteer hiervolgens dat 'n suiwer materialistiese ontologie fundamenteel onvoldoende is. Hierdie denkers argumenteer dat materie alleen nie ons ervaring van die realiteit kan verklaar nie, en

⁸ Wat presies 'n geldige wetenskaplike verklaring is, sal ook later ondersoek word.

⁹ Daar is egter ook 'n noemenswaardige getal dualistiese denkers. Dualisme as vertrekpunt sal ook later meer breedvoerig bespreek word.

dat daar ander aspekte van die realiteit (bv. inligting) moet wees wat ewe fundamenteel moet wees (Baker, 2009; Nagel, 2012). Tog het projekte wat poog om nuwe ontologieë te ontwikkel, waarin nie-fisiese aspekte (buiten klassieke dualisme) genoegsaam verreken word, nog nie algemene aanvaarding gevind nie. Dit is belangrik om die redes hiervoor goed te verstaan. Deel van die hipotese van hierdie projek is dat een van die redes waarom die meerderheid nie-reduksionistiese projekte misluk, juis te vinde is in 'n onvoldoende verrekening van die verhouding tussen ontologie en wetenskapsfilosofie.

1.5 Ontologie, oorsaaklikheid en wetenskapsfilosofie

Die breër filosofiese raamwerke waaruit en waarbinne die filosofiese gesprek oor vrye-wil plaasvind, speel 'n beduidende rol in hoe die gesprek verloop. In hierdie projek sal daar in besonder aandag gegee word aan kern elemente van hierdie raamwerke, naamlik: ontologie, in besonder oorsaaklikheid (as onderdeel van ontologie), en wetenskapsfilosofie.

Oorsaaklikheid, oftewel die verhouding tussen oorsaak en gevolg, neem 'n sentrale plek binne die vrye-wil kwessie in. Determinisme veronderstel immers 'n bepaalde beskouing van die verhouding tussen oorsaaklikheid en ontologie. Die meeste libertariese standpunte oor die vrye-wil struikel juis wanneer die *verhouding* tussen oorsaak en gevolg verklaar moet word. Oorsaaklikheid as filosofiese tema het ook 'n eie en ryke geskiedenis as filosofiese kwessie en is só 'n sentrale vraagstuk in die filosofie dat 'n mens met reg kan sê dat die vrye-wil kwessie eintlik net die antropologiese toepassing van die oorsaaklikheidsvraagstuk is. Die oorsaaklikheidsvraagstuk sal meer breedvoerig bespreek word in die tweede en veral derde hoofstukke van hierdie projek. In die volgende paragrawe sal wel sekere essensiële sake uitgelig word.

1.5.1 Ontologie, oorsaaklikheid en vrye-wil.

Daar is 'n beduidende verhouding tussen 'n denker se ontologiese vertrekpunt en so iemand se opvatting van oorsaaklikheid. Materialistiese denkers soos Patricia Churchland en John Searle, beskou fisiese interaksies tussen fisiese dinge as die enigste ware oorsaaklikheid (Glas, 2002). Hierdie denkers meen ook dat ander vorms van oorsaaklikheid (byvoorbeeld, ekonomiese, juridiese en etiese) nie werklik bestaan nie, maar eerder "supervenient"¹⁰ of epifenomene is. Dit wil sê dat hierdie verskillende vlakke van oorsaaklikheid net 'n skyn van oorsaaklikheid is, wat ten diepste gereduseer kan word tot 'n meer basiese fisiese oorsaaklikheid.

¹⁰ Die idee dat 'n gegewe "ding", alhoewel dit mag voorkom om opsigself *iets* te wees, eintlik net 'n kombinasies is van meer werklike onderliggende "dinge" (Feser, 2013:54)

Gegewe die algemene indruk dat fisiese “dinge” in klassieke fisika se gedrag kan blyk om noodwendig en volledig bepaald, oftewel “vas”, te wees (Anscombe, 2000:84-100), kan daar verwag¹¹ word dat Churchland, Searle, en ander fisikaliste tot die gevolgtrekking sal kom dat die vrye-wil (B.A.M.) nie werklik kan bestaan nie. ’n Alternatiewe ontologie wat meer aspekte van realiteit as werklik beskou en ’n meer omvattende oorsaaklikheidsbeskouing omvat / bevat, sou meer opsies kon bied ten opsigte van die vrye-wil kwessie.

1.5.2 Wetenskapsfilosofie en vrye-wil

Wetenskapsfilosofie ondersoek kwessies aangaande wetenskap as sodanig, soos byvoorbeeld die epistemologiese raamwerke van die vakwetenskappe (die term vakwetenskap sal verduidelik word in hoofstuk 3). Ten opsigte van vrye-wil vervul wetenskapsfilosofie, vir die doeleindes van hierdie projek, ’n belangrike rol. Daar sal gekyk word na hoe bepaalde wetenskapsfilosofieë teoretisering oor vrye-wil bewustelik of onbewustelik beïnvloed. ’n Ondersoek vanuit ’n wetenskapsfilosofiese perspektief sal ook die verhouding tussen idees oor vrye-wil en die breër filosofiese raamwerke met meer klaarheid ten toon stel.

1.6 Nie-reduksionistiese filosofie as alternatiewe benadering

’n Nie-reduksionistiese filosofiese sisteem wat die probleme van beide determinisme en reduksionisme vermy, sonder om vasgevang te word in onoorkombare teenstrydighede, behoort ondersoek te word as ’n alternatiewe benadering. So ’n filosofiese raamwerk sou dalk ’n alternatiewe verrekening van vrye-wil en die vrye-wil kwessies moontlik maak. In hierdie projek sal daar voorgestel word dat so ’n raamwerk te vinde is in die tradisie van Reformatoriese filosofie. Hierdie tradisie is geskoei op die werk van denkers soos Herman Dooyeweerd en, D.H.Th. Vollenhoven, wat verder gebou het op die werk van Johannes Calvyn (Van der Walt, 2014). Kontemporêre denkers in hierdie tradisie is onder andere Daniël Strauss, Roy Clouser en Gerrit Glas.

1.6.1 Eienskappe van ’n nie-reduksionistiese filosofie

Die eerste relevante eienskap van hierdie Reformatoriese nie-reduksionistiese filosofie is dat dit nie poog om alles in die temporele realiteit tot net sekere dele (aspekte) daarvan te reduceer nie. Dit wil sê dat daar nie voorgehou word dat alles byvoorbeeld fisies is nie. Deur op ’n nie-reduksionistiese wyse na die temporele werklikheid te kyk, word daar gepoog om die problematiek van reduksionisme te vermy (Clouser, 2005:192,237-268). Die ontologie wat

¹¹ Hierdie noodwendige samehang van filosofiese idees en vertrekpunte word baie goed verreken deur D.H.Th Vollenhoven se probleem-historiese metode (Vollenhoven *et al.*, 2005).

voorgestel word deur die Reformatoriese tradisie verskil op 'n radikale wyse van die klassieke monismes¹² soos materialisme, en ook van die dualismes soos in die invloedryke antieke Grieks- en Thomistiese ontologieë (Bril, 2005). Deur die diverse ontiese en nomiese (wetlike) aard van temporele realiteit vanuit die staanspoor te erken, kan die Reformatoriese nie-reduksionistiese raamwerk moontlik goed in staat wees om 'n sinvolle alternatiewe verrekening van die vrye-wil kwessie te bied. 'n Nie-reduksionistiese raamwerk, soos beskryf deur Clouser (2005), bied vervolgens ook die moontlikheid om te onderskei tussen *verskillende soorte oorsaaklikheidsverhoudings* wat nie een modus van oorsaaklikheid (bv. die fisiese) as meer werklik of heersend beskou nie. Binne 'n Reformatoriese raamwerk behoort dit moontlik te wees om wilshandeling in verhouding tot ander oorsaaklike faktore só te beskryf, dat dit in lyn is met 'n breedweg libertariese beskouing van vrye-wil.

Die Reformatoriese tradisie beskik ook oor 'n unieke wetenskapsfilosofiese perspektief waarvolgens wetenskap op so wyse beoefen kan word dat dit nie in die slaggate van reduksionisme sal vasval nie. So 'n nie-reduksionistiese wetenskapsfilosofie sal ook 'n instrumentele rol kan speel in 'n alternatiewe verrekening van die vrye-wil.

Die argument wat gevoer gaan word ten gunste van 'n Reformatoriese nie-reduksionistiese benadering, moet nie verstaan word as 'n absolute aanspraak nie. Alhoewel dit die oortuiging van die skrywer is dat 'n Reformatoriese benadering dalk wel die *enigste* redelike manier is om vrye-wil te verstaan, is dit nie binne die skopus van hierdie projek om so 'n sterk aanspraak te maak nie. Die doel van hierdie navorsing is dus eerder om 'n Reformatoriese antwoord as 'n *moontlike* alternatief voor te stel.

1.7 Probleemstelling

Die probleem van vrye-wil, naamlik hoe die verhouding tussen agentskap en determinerende faktore – of die ordelikheid van realiteit – gekarakteriseer moet word om menslike outonomie en verantwoordbaarheid te verstaan, is oënskynlik onoorkombaar. Die huidige diskoers aangaande vrye-wil is vasgevang in 'n dilemma waarin die funksie van vrye-wil óf nie verklaar kan word nie, óf waarin dit gereduseer moet word tot 'n minder-as-werklike gevoel van vryheid.

Die sentrale vraag van hierdie studie is gevolglik: Hoe behoort vrye-wil en die vrye-wil probleem verstaan te word ten einde die dilemma van vryheid versus oorsaaklike faktore te vermy of te oorkom?

¹² Dat alles eintlik net uit een basis “ding” bestaan (Vollenhoven *et al.*, 2000:340).

1.8 Sentraal teoretiese stelling

Bovermelde dilemma, naamlik die oënskynlike spanning tussen vryheid en orde, is moontlik die produk van problematiese ontologiese en wetenskapsfilosofiese vertrekpunte, en maak op reduksie as vertrekpunt staat. Die sentrale teoretiese stelling van hierdie studie is dat die Reformatoriese filosofiese tradisie se nie-reduksionistiese filosofie 'n deurslaggewende bydrae kan maak tot 'n sinvolle verrekening van die vrye-wil kwessie. Die Reformatoriese benadering maak 'n sinvolle alternatiewe verrekening moontlik deur die opvatting van "wet" as ordelik en regulerend, maar nie alles-determinerend nie, en ook deur die idee dat die kern van vrye wil nie gelokaliseer word tot 'n sekere aspek of objek in temporele realiteit nie.

1.9 Subvrae

Om die sentrale teoretiese stelling te steun sal die volgende subvrae ook beantwoord moet word.

1. Wat is die algemene standpunte aangaande vrye-wil en die vrye-wil kwessie?
2. Watter onderliggende en fundamentele probleme kan ten opsigte van die betrokke standpunte geïdentifiseer word en hoe sou dit uitgeskakel kon word?
3. Hoe sal 'n nie-reduksionistiese filosofie 'n meer sinvolle antwoord kon bied ten opsigte van vrye-wil en die vrye-wil probleem?

1.10 Doelwitte

Om die sentraal teoretiese stelling van hierdie studie te ondersteun, sal die volgende subdoelwitte bereik moet word:

1. Om 'n kritiese en breedvoerige uiteensetting te voorsien van die algemene standpunte aangaande die vrye-wil vraagstuk.
2. Om aan te toon dat daar onderliggende en fundamentele probleme is met die algemene standpunte aangaande die vrye-wil kwessie, en om dit op so wyse te doen dat die kriteria vir 'n alternatiewe filosofiese raamwerk duidelik sal word.
3. Om te begin demonstreer hoe 'n nie-reduksionistiese filosofie 'n sinvolle en oortuigende verrekening kan bied ten opsigte van die vrye-wil en vrye-wil probleem.

1.11 Hoofstukke

1. Inleiding
2. Vernaamste standpunte
3. Ontologie en wetenskapsfilosofie – die bepalende vertrekpunte
4. 'n Nie-reduksionistiese alternatiewe benadering tot vrye-wil
5. Slot
6. Bronnelys

1.12 Metode

Hierdie studie maak gebruik van 'n literatuurstudie van die publikasies van die vernaamste figure in die vrye-wil debat. Die inligting verkry vanuit hierdie literatuurstudie sal ontleed word volgens verskeie filosofies-kritiese metodes: eerstens sal die standpunte verkry vanuit die literatuurstudie op *immanente* wyse gekritiseer word deur die interne samehang binne die betrokke standpunte te ondersoek. Tweedens sal *transendentale* metodes van kritiek toegepas word om sodoende kriteria te ontwikkel waarvolgens daar na 'n meer sinvolle verrekening van die vrye-wil kwessie beweeg kan word.

Daar word eerstens 'n kritiese oorsig gegee van die belangrikste standpunte aangaande vrye-wil, naamlik: determinisme, kompatibilisme, inkompatibilisme, en die libertariese idee van vrye wil. Hierna word die onderliggende tekortkominge in baie van die belangrikste-standpunte aangaande vrye-wil ondersoek. Laastens word daar gekyk na Reformatoriese filosofie as alternatiewe benadering wat die bovermelde onderliggende tekortkominge in die standpunte aangaande vrye-wil vermy om sodoende 'n beter verrekening van vrye-wil te begin gee.

1.13 Bydrae van die studie

Die nie-reduksionistiese filosofie van die Reformatoriese tradisie is tot dusver nog nie direk in gesprek gebring met die kontemporêre vrye-wil denkers nie. Daar bestaan dus 'n gaping in die toepassing van Reformatoriese filosofie. Hierdie projek poog om hierdie gaping te begin vul.

Vrye-wil en hoe dit verstaan word, is 'n bepalende faktor in 'n verskeidenheid relevante kwessies in die alledaagse lewe. Die begrip en hantering van morele en juridiese verantwoordelikheid en aanspreeklikheid word byvoorbeeld op 'n fundamentele vlak beïnvloed deur die siening van vrye-wil (Young, 1975:5). Die verstaan van sake rakende vrye-wil is ook

onderliggend tot beleidsvorming ten opsigte van verantwoordelikheid en sosiale geregtigheid (Zheng *et al.*, 2016). Wanneer aanspreeklikheid ter sake is, is die ingewikkelde verhouding tussen “omstandighede” en “agentskap” bykans altyd ter sprake. Die manier waarop hierdie vraag beantwoord word, oftewel die manier waarop die verhouding tussen oorsaaklikheidsfaktore en verantwoordbare agentskap geïnterpreteer word, word beïnvloed (“ingelig”) deur die dieper filosofiese begrip van die vrye-wil problematiek. ’n Verrekening van hierdie kwessie wat ’n meer kragtige, oortuigende, en beskrywende begrip van daardie verhouding voorsien, sal van beduidende waarde vir die samelewing wees. In hierdie studie word daar ’n begin gemaak aan ’n verrekening van vrye-wil wat juis die balans tussen omstandighede en agentskap op ’n sinvolle wyse verreken, waarin die agent nie gereduseer word tot die produk van omstandighede nie, maar waarin die beperkings van omstandighede tog geag word.

1.14 Literatuurstudie

Die databasisse en instellings wat geraadpleeg is om tekste te bekom vir hierdie navorsing is as volg:

Google Scholar

EBSCO Host

JSTOR

Katalogi van die Ferdinand Postma en Teologiese Biblioteek te Potchefstroom.

1.15 Etiese oorwegings

Hierdie studie is deur die Fakulteit Geesteswetenskappe se Navorsingsetiek Komitee van die Noord-Wes Universiteit onder die kode NWU-01474-19-S7 goedgekeur. Daar is nie in die studie met enige inligting gewerk wat van ’n persoonlike of sensitiewe aard is nie, en alle navorsing is gedoen deur gepubliseerde inligting wat openbaar beskikbaar is.

HOOFSTUK 2: VERNAAMSTE STANDPUNTE

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal 'n paar vernaamste beskouings van vrye-wil bespreek en geëvalueer word. Eerstens sal die kriteria vir die seleksie van hierdie spesifieke standpunte, kortliks oorweeg word. Daarna sal die “vernaamste standpunte” ondersoek word. 'n Paar samevattende opmerkings en voorstelle sal ten slotte gemaak word in die lig van die kritiese evaluering van bogenoemde standpunte.

Dit is belangrik om eers daarop te let dat die vrye-wil debat gerig is op 'n probleem-kompleks (n stel nou-verwante probleme), sodat standpuntbenaminge soms betrekking het op verskillende fasette daarvan. Determinisme is byvoorbeeld 'n tesis oor die metafisiese aard van realiteit en mense as sodanig. Kompatibilisme en inkompatibilisme is beskouings oor die moontlikheid, of natuur van vrye-wil *indien* determinisme waar is. Determinisme kan dus gekoppel wees met óf 'n kompatibilistiese óf 'n inkompatibilistiese standpuntinname. Libertarianisme is 'n inkompatibilistiese standpunt oor vrye-wil wat inhou dat determinisme vals is. Stephen Kearns (2015:235-252) gee 'n bondige oorsig van 'n aantal noemenswaardige standpunte, variasies en sub-posisies in die vrye-wil gesprek:

Semicompatibilists believe that (the freedom relevant to) moral responsibility is compatible with determinism even if the freedom to do otherwise is not (see Fischer, 2006, Fischer and Ravizza, 1998). Revisionist compatibilists believe that free will is compatible with determinism, but our concept of free will needs significant revision (Vargas 2009). Hard incompatibilists claim that free will is incompatible with determinism and with any world (including ours) that does not involve agent-causation (Pereboom, 2001). Impossibilists, who believe that free will and moral responsibility are impossible (Strawson, 1991). Free will contextualists believe that sentences expressing attributions of freedom to agents may differ in truth value depending on the context of the utterer of the sentence (Rieber, 2006). Agnostic autonomists stay neutral about whether or not free will is compatible with determinism, but claim that it is more likely that we have free will than that we do not (Mele, 1995). Non-cognitivists claim that sentences attributing freedom to agents are not truth-apt, but rather express certain attitudes (Honderich, 2002). Free will illusionists claim that there are important senses in which we lack free will (namely, we lack “libertarian free will”), but it is important that we remain under the illusion that we have it (Smilansky, 2002).

Hierdie kompleksiteit lei daartoe dat die standpunte vir die doeleindes van hierdie projek nie in afsondering van mekaar bespreek kan word nie. Daar sal nie noodwendig direkte aandag aan elke posisie gegee word nie, maar die “hoof” standpunt en standpunt-fasette (determinisme, libertarianisme, kompatibilisme, inkompatibilisme) sal wel aan die orde kom in hierdie hoofstuk.

2.2 Gronde vir die keuse van “vernaamste beskouings”

2.2.1 'n Motivering vir die keuse van sekere beskouings

Soos hierbo genoem, is die onderwerp van vrye-wil een van die staande vrae in filosofie. Die meeste filosowe het daarom ook waarskynlik iewers iets geskryf wat die onderwerp direk of indirek aanraak. Dit is dus onmoontlik om al hierdie literatuur te behandel. Om 'n sinvolle gesprek oor vrye-wil te voer, moet 'n mens dus staatmaak op die werk van ander denkers wat reeds baie gedoen het om die materiaal rakende vrye-wil te organiseer en te kategoriseer. Hierdie kategorieë, soos vroeër genoem, toon sekere eienskappe wat dit moontlik maak om in bepaalde opsigte kategorie-toepaslike evaluering en kritiek te gebruik.

Robert Kane (2011) bespreek, in die inleiding tot die *Oxford Handbook of Free Will*, die kontoere van die vrye-wil debat as 'n onderwerp in eie reg. Die hoof standpunte aangaande vrye-wil wat hier bespreek sal word, stem breedweg ooreen met die kontoere wat Kane skets. Hierdie posisies, soos deur Kane (Ibid) beskryf is indeterminisme, determinisme, libertarianisme, kompatibilisme en inkompatibilisme. Daar is ook wel verskeie onderafdelings binne hierdie kategorieë. Dit is ook belangrik om daarvan kennis te neem dat die terminologie, waarskynlik as gevolg van die komplekse en omvangryke aard van die literatuur, soms inkonsekwent gebruik word. Daar is gevalle waar soortgelyke benaminge of terme gebruik word om verskillende betekenisse weer te gee.

Die outeurs wie se bydraes in hierdie projek ondersoek word, is gekies op grond van die erkenning wat hulle in die akademiese gemeenskap geniet. Dit beteken nie dat hulle geskifte die enigste belangrike tekste is nie, maar wel dat dit die tekste is wat die hoofargumente en oorwegings in die akademiese diskoers oor vrye-wil die beste reflekteer.

2.2.2 Vernaamste beskouings en perke van hierdie studie

Soos hierbo genoem, is die tekste en argumente wat in hierdie projek bestudeer word slegs 'n seleksie vanuit die omvangryke korpus literatuur oor vrye-wil, en kan hierdie studie dus nie die volle nuanse van al die argumente reflekteer nie. Dit is daarom belangrik om daarop te let dat die stellings wat wel in hierdie studie gemaak word, gemaak word met direkte verwysing

na die spesifieke argumente onder bespreking. Die kritiek wat gelewer word, fokus egter op die beginsels onderliggend tot hierdie argumente. Dit sou dus moontlik wees om hierdie kritiek tot 'n groter verskeidenheid beskouings te ekstrapoleer indien die betrokke sienings op dieselfde onderliggende beginsels berus en soortgelyke eienskappe deel.

2.3 Vernaamste beskouings bespreek en geëvalueer

2.3.1 Plan en doel van aanbieding van gekose beskouings

'n Aantal verskillende beskouings van vrye-wil sal vervolgens bespreek word. Die klassiek-deterministiese standpunt word eerste ondersoek. Hierdie ondersoek sluit ook 'n besondere fokus op die reduksionistiese naturalisme (eliminierende materialisme¹³) van Patricia Churchland en 'n aantal van haar respondente en opvolgers in. Tweedens sal die kompatibilistiese argumente sowel as die agnostiese posisie ondersoek word. Die libertariese standpunt oor vrye-wil sal laastens ook kortliks hanteer word.

Die doel van hierdie afdeling is om die agtergrond en breë kontoere van die vrye-wil gesprek te belig. Die doel is ook om te begin aanvoer waarom beide die reduksionistiese en deterministiese posisies aangaande vrye-wil problematies is. Vanuit hierdie deel van die ondersoek behoort dit ook te begin duidelik word hoe die vernaamste standpunte oor vrye-wil gevorm word deur die breër filosofiese raamwerke waarbinne hierdie standpunte funksioneer.

2.3.2 Bespreking en kritiek op Churchland se reduksionistiese naturalisme

Patricia Churchland is een van die invloedrykste kontemporêre vrye-wil filosowe. In haar baanbrekerswerk *“Neurophilosophy: Towards a unified science of mind-brain”* (Churchland, 1993) stel sy 'n beskouing van die menslike verstand en wil voor wat gebaseer is op 'n empiriese studie van die brein as orgaan. Sy bied ook 'n goeie opsomming van haar posisie in haar toespraak voor die Amerikaanse Filosofiese Vereniging (Churchland, 1994).

Churchland argumenteer ten gunste van 'n deterministiese en reduksionistiese verstaan van vrye-wil wat deterministies aangaande die wil, en reduksionisties aangaande die ontologiese status sowel as die kenbaarheid daarvan is. Churchland argumenteer dat elke menslike aksie en ervaring verstaan moet word as 'n noodwendige en onvermydelike resultaat van voorafbestaande neurologiese toestande wat op sensoriese data reageer. Volgens Churchland (1994:23) beteken dit dat 'n mense se intuitiewe begrip van vrye-wil en van menslike keuse onwetenskaplik, en blote “volk-psigologie” is. Churchland voer verder aan dat

¹³ Eliminierende materialisme (*“eliminative materialism”*) verwys na die idee dat realiteit gesien kan word as iets wat uitsluitlik uit materie bestaan, en dat alles anders net 'n skyn-realiteit is.

die “hoër” psigologiese funksies van die menslike verstand, insluitend vrye-wil, in totaliteit gereduseer kan word tot, en verstaan kan word in terme van “laer” fisies-chemiese of biologiese toestande. Dit wil voorkom of Churchland se siening van vrye-wil die logiese resultaat van ’n fisikalistiese ontologie is. ’n Fisikalis sou kon argumenteer: dat daar fundamenteel gesproke slegs die fisiese bestaan. Vervolgens is dit *duidelik*¹⁴ dat fisiese dinge in streng ooreenstemming met sekere natuurwette optree. Die menslike verstand moet, as ’n fisiese entiteit, streng volgens hierdie selfde natuurwette optree. Hierdie siening is geensins nuut nie, maar Churchland begrond dit op ’n nuwe en oortuigende wyse deur ’n fyn beskrywing te gee van hoe die menslike senuweesisteem (insluitend die brein) funksioneer soos gesien vanuit die perspektief van die empiriese neurowetenskappe.

Volgens Churchland is *brein-toestande identies aan verstandstoestande* (“*mind states*”). Churchland (1994:23) argumenteer vervolgens dat daar geen fundamentele verskil kan wees tussen die fisies-chemiese toestande in die brein, en die kognitiewe toestande wat gelyktyd bestaan in daardie selfde brein se verstand nie. Churchland begrond hierdie posisie deur te verwys na die kontemporêre wetenskaplike begrip van fisika en chemie, sowel as onlangse ontwikkelings in die neurowetenskappe en evolusionêre biologie. Op hierdie punt verwys Churchland na voorbeelde soos neurowetenskaplike eksperimente waarin die oënskynlike korrelasie tussen psigiese en fisies-chemiese toestande in toenemende sekerheid en detail waargeneem word. ’n Bekende voorbeeld hiervan is die Libet-styl eksperimente waarin dit mag voorkom asof daar fisiese bewyse is dat ’n persoon ’n besluit geneem het voordat hulle self bewus is daarvan dat hulle ’n keuse gemaak het (Fischborn, 2016).

Churchland (1993:319) argumenteer dat daar geen empiriese bewyse is vir iets soos ‘substansie dualisme’ van denkers soos Descartes nie. Hy het geglo dat die menslike verstand ’n “spook in die masjien” is, en dat die funksionering daarvan nie aan die wette van fisika onderhewig is nie. Nietemin was hy ook van mening dat die menslike verstand die oorsaak kan wees van fisiese gebeure.

Die implikasies van Churchland se teorie is verreikend. Churchland se deterministiese standpunt is in stryd met ’n aantal algemeen aanvaarde aannames wat elkeen ’n beduidende rol binne samelewings speel. Volgens ’n streng deterministiese beskouing moet baie samelewings se opvatting van moraliteit, byvoorbeeld, radikaal hersien word, aangesien dit glad nie meer op konsepte soos keuse of agentskap (in die B.A.M. sin daarvan) kan berus nie. Daar is uiteraard benaderings wat poog om moraliteit en morele verantwoordelikheid /

¹⁴ Hier begin ons ook die rol van wetenskapsfilosofie sien.

aanspreeklikheid¹⁵ sonder die B.A.M. te rekonstrueer. Hierdie benaderings sal in 'n latere afdeling bespreek word. Dit kan egter op hierdie stadium gestel word dat die konsekwente toepassing van die implikasies van 'n deterministiese siening van vrye-wil, onversoenbaar is met meeste samelewings se intuïtiewe opvattinge van morele verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Hierdie opvattinge speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling en ontplooiing van samelewingsnorme, beleide, wette, ens. Die diskontinuiteit tussen die algemene intuïtiewe verstaan van agentskap, en 'n deterministiese siening soos dié van Churchland, is nie 'n weerlegging van deterministiese teorieë nie, maar dui daarop dat sulke uitgangspunte 'n hoër bewyslas vereis voordat dit algemeen aanvaar kan word en dit beteken tog hoër bewyslas vir die aanvaarding daarvan.

Selfs al sou Churchland se posisie en die gevolge daarvan onaantreklik wees sou dit kon voorkom asof daar egter nie 'n geldige wetenskaplike alternatief is nie. Determinisme is 'n antieke konsep, maar vir die grootste gedeelte van die geskiedenis is dit slegs gesien as die logiese, dog onbewysbare, implikasie van bepaalde ontologiese en antropologiese vertrekpunte. Indien klassieke fisika, byvoorbeeld, verstaan moes word as allesomvattend en alles-bepalend, sou die implikasie wees dat mense ewe gedetermineerd moet wees. Deterministiese posisies is dikwels filosofiese ekstrapolasies vanuit gevestigde wetenskaplike teorieë in velde soos fisika. Hierdie teorieë vind maklik aanklank, omrede hulle oënskynlik die wêreld en die gebeure daarin verklaar en voorspel.

Gegewe die radikale implikasies van 'n deterministiese beskouing van vrye-wil, is die bewyslas daarvoor uitsonderlik swaar. Daar is 'n noemenswaardige aantal teoretici wat argumenteer dat, vir die deterministiese argument om te slaag, die volledige ketting van oorsaak-en-gevolg wat betrokke sou wees in 'n keuse, waargeneem (en voorspel) moet kan word.

Vir honderde, indien nie duisende, jare nie het baie voorstanders van vrye-wil (B.A.M.) juis hierdie onvermoë om 'n volledige oorsaaklike ketting waar te neem, gebruik om 'n "oorsaaklikheidsgaping" te postuleer waarin menslike agentskap bewaar kon word. René Descartes (1972:119) het byvoorbeeld geglo dat daar 'n misterieuse interaksie tussen die menslike siel en materiële liggaam in die pineaalklier plaasvind. Hierdie klier fasiliteer 'n "bo-na-onder" oorsaaklikheid waarin die "gees" of verstand die fisiese liggaam kan beïnvloed. Die lokus van hierdie interaksie tussen die fisiese en die nie-fisiese, soos Descartes dit verstaan

¹⁵ Ek verwys hier na *morele* verantwoordelikheid omrede dit dalk die beste illustrasie bied van die verhouding tussen verantwoordelikheid en die idee van vrye-wil. Dit is egter belangrik om nie alle vorms van verantwoordelikheid te reduceer tot morele verantwoordelikheid nie. Daar is belangrike verskille tussen o.a. ekonomiese-, sosiale-, etiese- en juridiese- verantwoordelikheid, wat nie almal onder die "morele" as gemeenskaplike noemer tuisgebring kan word nie. Sien hoofstuk 4 vir die buitelyne van 'n nie-reduksionistiese ontologie.

het, oortree dan die normale fisiese orde van realiteit. Verskeie ander denkers het soortgelyke idees voorgestel aangaande die funksie van die wil in hulle pogings om die probleem van vrye-wil te verklaar. Hierdie “gaping” strategie is algemeen teenwoordig in B.A.M. benaderings tot vrye-wil (Double, 1990:190).

Die oorbrugging van hierdie “gaping” lê aan die hart van Churchland (en verskeie ander) se voorstelle aangaande vrye-wil. Churchland se oënskynlike sukses in die kleiner-maak van hierdie gaping is juis wat haar argumente, en soortgelyke argumente van ander denkers, skynbaar meer oortuigend maak. Deur hulleself te beroep op die nuutste ontwikkelings in tegnologie, en deurbrake in neurobiologie, voorsien wetenskaplikes soos Churchland al hoe meer volledige en noukeurige beskrywings van die neurologiese ketting van gebeure wat betrokke is in menslike kognisie en besluitneming. Dit lyk of die vordering in wetenskaplikes se vermoëns om menslike kognisie in terme van eksakte neurobiologiese gebeure te beskryf, hierdie “gaping” waarin die vrye-wil sou kon funksioneer, al hoe kleiner maak. Dit is ook om hierdie rede dat, soos dit later aangetoon sal word, vele skrywers poog om ’n beskouing van vrye-wil te konstrueer wat determinisme aanvaar, maar wat terselfdertyd ons algemeen aanvaarde idees oor verantwoordelikheid probeer instandhou.

2.3.3 Ander vorms van determinisme

Churchland se posisie bied nie die enigste manier met behulp waarvan ’n deterministiese begrip van vrye-wil voorgestel kan word nie. Deur die loop van die geskiedenis van filosofie het verskeie denkers deterministiese standpunte, eksplisiet of implisiet, gehandhaaf. Die lokus of wyse van determinering was ook nie beperk tot die fisiese aspek van realiteit nie. Daar is posisies wat mense op verskillende maniere as gedetermineerde wesens beskryf. Sekere skole in die psigologie, byvoorbeeld dié wat die funksie van die onderbewuste, of sosiale-kondisionering beklemtoon, beskryf alle menslike handeling gereeld as die noodwendige gevolg van voorafgaande psigologiese faktore of gebeure (Freud, 1957). Evolusionêre biologie is nog ’n dissipline wat dikwels gronde verleen vir deterministiese beskouings van menslike keuses. Keuse word vervolgens gesien as die produk van evolusionêre prosesse (bv. deur ’n Darwinistiese natuurlike seleksie) (Hodgson, 2004). Deterministiese posisies kan ook afgelei word vanuit verskeie kontemporêre sosio-ekonomiese en politiese teorieë. Sekere interpretasies van Marx se samelewingsteorie kan byvoorbeeld daartoe lei dat alle menslike optrede gereduseer word tot die gevolg van sosio-ekonomiese faktore (Resnick & Wolff, 1982).

Twee sake moet ten opsigte van die bogenoemde voorbeelde van verskillende vorms van determinisme in ag geneem word. Sommige van hierdie vorms mag dieselfde deterministiese

ontologie veronderstel, terwyl hulle van mekaar verskil in terme van hoe epistemologiese toegang tot daardie determinisme gesoek word. 'n Spesifieke deterministiese denkskool in psigologie mag byvoorbeeld glo dat die heelal – insluitende die mens – fundamenteel bepaal word deur die fisiese aard daarvan, maar dat hierdie determinisme in psigologiese terme geïnkarnasie kan word. Hierteenoor kan 'n deterministiese denkskool in fisika glo dat determinisme slegs (in 'n wetenskaplike sin) toeganklik is deur die studie van fisika. Churchland se siening behels 'n deterministiese begrip van die mens wat fisiese gedetermineerd is, en waarvan kennis primêr in 'n biologiese- en soms in chemiese terme bekom kan word. Churchland stel ook dat wetenskaplikes se opvatting van menslike optrede nie fundamenteel beperk is tot die biologiese nie, aangesien verdere redusering tot die fisies-chemiese tans slegs verhinder word deur beperkings in ons tegniese kennis. Dit beteken dat Churchland se klem op die biologiese aspek as toegangspunt tot hoe die mens besluite neem, (in Churchland se eie woorde) net 'n funksionele plekhouer is wat uiteindelik vervang sal word as ons die volledige ketting van fisiese oorsaaklikheid kan waarneem en verklaar (Churchland, 1994:26).

Verskillende deterministiese teorieë van vrye-wil kan radikaal van mekaar verskil ten opsigte van *hoe* mense gedetermineer is of word, en ten opsigte van hoe ons die determinerende wette moet verstaan. Die bespreking van deterministiese teorieë sal egter algemeen geldig bly vir elkeen van hierdie teorieë vir sover as wat hulle dieselfde eienskappe toon en implikasies het.

2.3.4 Addisionele kritiek op determinisme

Voor hierdie afdeling oor determinisme afgesluit word, sal dit waardevol wees om eers 'n addisionele punt van kritiek te opper. Die verskillende vorms van kritiek verskil ten opsigte van hulle doelwitte. Daar is argumente wat daarop gemik is om te bewys dat determinisme onversoenbaar is met vrye-wil. Dit sluit argumente oor ons verstaan van moraliteit en agentskap in. Hierdie soort argumente poog nie noodwendig om te bewys dat determinisme vals is nie, maar probeer slegs om te toon dat determinisme nie versoen kan word met ons intuïtiewe opvatting van o.a. moraliteit nie. Hierdie soort argumente sal later saam met kompatibilisme ondersoek word.

Vervolgens sal daar gefokus word op nóg 'n soort argument, naamlik argumente teen determinisme as sodanig. Die doel van hierdie soort argument is om argumente vir determinisme te weerlê of te verswak.

2.3.4.1 Thomas van Aquino / Haldane se epistemologiese argument teen determinisme

Een van die argumente teen determinisme as *sodanig*, is aanvanklik deur Thomas van Aquino ontwikkel en het al oor die jare in verskillende weergawes verskyn. Haldane (O'Connor, 1972:36) se formulering van Thomas se argument lui soos volg:

If my mental processes are determined wholly by the motions of atoms in my brain,
I have no reason to suppose that my beliefs are true (. . .) and hence I have no
reason for supposing my brain to be composed of atoms.

Haldane en sy kritikus, O'Connor (1972), het debat gevoer in neurologiese terme. Haldane se argument teen determinisme kan egter ook in meer algemene terme gestel word. Indien ons omstandighede alles wat ons glo geheel en al bepaal, kan ons nooit weet of dit wat ons glo waar is, en of dit net die produk van omstandighede is nie. Om dit verder te verduidelik kan 'n mens dink aan die feit dat mense se oortuigings dikwels verskil. Indien verskillende mense verskillende oortuigings aangaande dieselfde saak huldig, is die implikasie dat minstens iemand verkeerd moet wees. Geskille sal dan nie besleg kan word nie, omrede elkeen se oortuigings deur hulle afsonderlike omstandighede bepaal word. So word die hele konsep van waarheid, en veral gemeenskaplike toegang tot die waarheid, ondermyn. Indien ons oortuigings volledig die produk van omstandighede is, hoe kan ons weet dat ons oortuigings oor determinisme wel waar is en nie net die produk van omstandighede is nie?

Haldane en verskeie voorstanders van hierdie argument glo dat die argument 'n aanduiding is van die valsheid van determinisme. O'Connor (1972:37) reageer egter soos volg op hierdie addisionele afleiding:

If Haldane's objection can be sustained, it is a serious criticism of determinism, or at least of those forms of determinism that rely on neurophysiology for part of their force. What can be said about it? It is worth noting, first of all, that even if we allow it to be valid, it does not prove that determinism is false. At best it shows only that we could never have any reason for supposing it to be true. And it is perhaps worth bearing in mind that all sorts of statements may be true even if we have no evidence at all in their favour. Lack of evidence is merely a warning that we should be unwise to believe them. But this argument is intended to establish more than that determinism can never be proved true.

O'Connor argumenteer dus dat dit 'n *non sequitor* is om op grond van Haldane se argument die afleiding te maak dat determinisme vals is. O'Connor verduidelik wat Haldane se argument egter wel impliseer indien dit aanvaar sou word:

Reasoning of this sort applied to the argument under consideration purports to show that the conclusion cannot follow. The argument asserts that if determinism is true, no human reasoning can be valid. But, it is alleged, this supposed consequence is not even false. Rather, it is meaningless. For unless some reasoning were valid, none could be invalid for the reasons we considered earlier. The two words "valid" and "invalid" are correlative terms that take their meaning from each other by contrast. (O'Connor, 1972:39).

Die meer gematigde punt van kritiek, naamlik dat teoretiese regverdiging van determinisme onmoontlik is, bly egter staan. O'Connor se antwoord op dié kritiek is dat die epistemologiese uitdagings wat dit voor die deur van determinisme plaas, geensins groter is as dié van enige ander epistemologies-skeptiese standpunt nie. Vir O'Connor en ander filosowe in die skeptiese tradisie, is skeptisisme nie as sodanig 'n self-weerleggende standpunt nie. Daar is nog die moontlikheid dat determinisme – net soos die geval met skeptisisme – waar kan wees, selfs al sou dit beteken dat ons dit nie kan weet nie. O'Connor se verweer teen Haldane se argument, stuur dus die gesprek na die basiese vraagstukke van epistemologie.

Waar laat die gesprek tussen Haldane en O'Connor hierdie studie? Die Thomas-Haldane tipe argument wat hier ter sprake is, kan weliswaar nie determinisme falsifiseer nie. O'Connor se repliek bring egter ook die eintlike waarde van Haldane se argument duideliker na vore, naamlik dat dit toon hoedat determinisme teoreties onregverdigbaar is. O'Connor se verweer demonstreer ook dat deterministe genoop is om hulle toevlug tot 'n skeptiese epistemologie te neem. Die probleem hiermee is egter dat, soos vervolgens geargumenteer sal word, 'n skeptiese epistemologie determinisme ondermyn.

Soos reeds genoem, kan heelwat van die aansien wat kontemporêre deterministiese beskouings geniet, daaraan toegeskryf word dat dit lyk asof sekere hoogsaangeskrewe natuur-wetenskaplike teorieë, 'n gedetermineerde heelal impliseer. Hierdie wetenskaplike teorieë maak gewoonlik aanspraak op 'n hoë mate van eksaktheid en sekerheid, wat nie net die oortuigingskrag van hierdie teorieë nie, maar ook dié van determinisme verhoog.

Haldane se argument bring die teenstrydigheid wat hierin opgesluit lê, aan die lig. Kom ons dui determinisme aan as teorie A, en die standaardmodel van fisika (Oerter, 2006) as teorie B. Teorie A volg vanuit die sekerheid van teorie B. Teorie A impliseer dat ons nie kan weet

wat die waarheid is nie, aangesien alle oortuigings bloot die produk is van omstandighede en toeval. Teorie B is dan, soos alle ander oortuigings, ook slegs die produk van 'n gedetermineerde verstand, en kan dus ook nie op grond van enige rede as waar aanvaar word nie. Dit beteken weer dat die oortuigingskrag van teorie A, wat van die staanspoor te danke was aan dié van teorie B, ondermyn word.

Wat Haldane se argument demonstreer, is nie dat determinisme as sodanig self-weersprekend is nie, maar eerder dat dit epistemologies self-ondermynend is. Dit is daarom redelik om te aanvaar dat 'n siening van vrye-wil wat 'n minder skeptiese epistemologiese standpunt inneem, meer aantreklik of oortuigend sal wees.

2.3.5 Kompatibilistiese beskouings

In die bostaande bespreking van determinisme het dit begin duidelik word waarom daar verskeie aspekte van die libertariese, of “volk-psigologiese” verstaan van vrye-wil is wat 'n groot aantal filosowe traag sal wees om prys te gee. Hierdie aspekte sluit morele aanspreeklikheid en verantwoordelikheid in. Die argumente ten gunste van determinisme kan egter moeilik geïgnoreer word. Kompatibilisme is 'n benadering wat determinisme met vrye-wil probeer versoen. Kompatibiliste se strategie is om 'n begrip van vrye-wil te konstrueer wat die B.A.M. uitsluit, sonder om idees soos morele aanspreeklikheid in geheel te laat vaar. Kompatibiliste probeer om met ander woorde te argumenteer vir die versoenbaarheid van die gewenste implikasies van vrye-wil, met behoud van 'n deterministiese beskouing van mens en kosmos.

2.3.5.1 Die konsekwensie-argument en die Beginsel van Alternatiewe Moontlikhede

Kompatibilisme staan teenoor inkompatibilisme. Peter van Inwagen se *konsekwensie-argument*¹⁶ is 'n welbekende inkompatibilistiese argument (Kane, 2011). Van Inwagen (1983:56) argumenteer:

If determinism is true, then our acts are the consequences of the laws of nature and events in the remote past. But it is not up to us what went on before we were born, and neither is it up to us what the laws of nature are. Therefore, the consequences of these things (including our present acts) are not up to us.

Hierdie argument van Van Inwagen sluit aan by die algemene argument ten gunste van die Beginsel van Alternatiewe Moontlikhede, soos verduidelik deur Kane (2011:9):

¹⁶ In Engels staan dit as die “consequence-argument” bekend.

The case for incompatibility from this AP¹⁷ (or “could have done otherwise”) condition has two premises:

- 1. The existence of alternative possibilities (or the agent's power to do otherwise) is a necessary condition for acting freely, or acting “of one's own free will”;*
- 2. Determinism is not compatible with alternative possibilities (it precludes the power to do otherwise).*

Die meeste van die argumente teen determinisme en 'n gepaardgaande deterministiese beskouing van vrye-wil, maak, soos ons reeds begin aantoon het, op hierdie twee argumente van onderskeidelik Van Inwagen en Kane staat. Kompatibiliste bevraagteken gewoonlik een of meer elemente daarvan.

'n Paar welbekende kompatibilistiese argumente, en reaksies daarop, sal vervolgens ondersoek word. Kompatibilistiese argumente word gewoonlik in twee verskillende historiese groepe verdeel, naamlik klassieke kompatibilisme en kontemporêre kompatibilisme (McKenna, 2018). Klassieke kompatibilisme sal eerste hanteer word. Dit moet ook genoem word dat sommige van die kompatibilistiese outeurs waarna gekyk sal word eerder as semi-kompatibiliste geklassifiseer sou kon word. Hiermee word bedoel dat hulle argumenteer dat net *sommige* fasette van ons intuitiewe verstaan van vrye-wil versoenbaar is met determinisme en nie alle eienskappe nie (bv. slegs die morele fasette, maar nie die epistemologiese fasette ook nie).

2.3.5.2 Klassieke kompatibilisme

Een van die bekendste voorbeelde van die klassieke kompatibilistiese argument is aangevoer deur die Engelse filosoof Thomas Hobbes in sy *Leviathan* (1991:108) waar hy argumenteer dat die vryheid van 'n persoon daaruit bestaan dat hy of sy *geen keer vind* in wat hy of sy ook al wil doen nie. McKenna (2018) verduidelik verder:

Hobbes' brief remarks represent an exemplary expression of the classical compatibilist account of freedom. It involves two components, a positive and a negative one. The positive component (doing what one wills, desires, or inclines to do) consists in nothing more than what is involved in the power of agency. The negative component (finding “no stop”) consists in acting unencumbered or unimpeded. Typically, the classical compatibilists' benchmark of impeded or

¹⁷ Die akroniem “AP” staan vir “Alternate Possibilities”.

encumbered action is compelled action. Compelled action arises when one is forced by some foreign or external source to act contrary to one's will.

In hierdie soort gedagtegang val die fokus op die verandering van hoe “vryheid” begryp word – en wel vanuit 'n metafisiese realiteit van keuse, na die *ervaring* of gevoel van keuse of vryheid. Vryheid in hierdie sin beteken nie dat 'n persoon anders sou kon gedoen het nie (B.A.M), maar eerder dat so iemand kon doen wat hy of sy wou. McKenna meen dat Hobbes se argument daarop neerkom dat vrye-wil:

...is the unencumbered ability of an agent to do what she wants. And it is plausible to conclude that the truth of determinism does not entail that agents lack free will since it does not entail that no agents ever do what they wish to do unencumbered. Compatibilism is thus vindicated. (McKenna, 2018)

Daar is al verskeie besware gemaak teen Hobbes se tipe argument. Een voorbeeld is die van pasiënte wat verstandelik ongesteld is en ly aan een of ander vorm van psigose. Sulke pasiënte sou teoreties kon doen wat hulle wil. Ons sou egter versigtig wees om 'n handeling wat uitgevoer word deur iemand in 'n psigotiese toestand, 'n daad van vrye-wil te noem. In 'n hofsaak sou so iets byvoorbeeld ook nie somer as 'n vrye, verantwoordbare en toerekeningsvatbare handeling gesien word nie.

Hierdie soort beswaar ontbloom sekere van die meer fundamentele probleme met Hobbes se soort argument. Indien vrye-wil herdefinieer word tot 'n *gevoel* van vryheid, word die basiese besware teen determinisme nie vermy nie. Die probleem van morele verantwoordbaarheid bly steeds daar: 'n agent mag dalk vry wees ten opsigte van 'n spesifieke daad as hulle daardie daad wou uitvoer, maar hulle is tog nie vry ten opsigte van of hulle die daad wou uitvoer of nie. Moordenaars, mag byvoorbeeld dalk volgens hierdie vorm van kompatibilisme vry wees in dié sin dat hulle die slagoffer wou vermoor, maar hulle het nie 'n keuse daarin gehad of hulle wou vermoor nie, en ook nie in of hulle daardie begeerte bevredig nie. Verder ontwyk hierdie benadering ook nie die epistemologiese besware teen determinisme nie, omrede hierdie benadering nie die noodsaak van die B.A.M. in 'n epistemologiese sin, vervang nie.

2.3.5.3 Frankfurt-styl kompatibilisme

Noudat klassieke kompatibilisme kortliks bespreek is, kan daar na die meer kontemporêre vorms van kompatibilisme gekyk word. Daar kan begin word met Harry Frankfurt (1969) se beswaar teen die Beginsel van Alternatiewe Moontlikhede (B.A.M) as kriterium vir morele aanspreeklikheid. Frankfurt voer aan dat morele aanspreeklikheid en verantwoordelikheid nie

noodwendig vereis dat die agent anders sou moes kon doen nie. McKenna bied hier ook 'n goeie opsomming van die voorbeeld wat Frankfurt in sy oorspronklike 1969 artikel gebruik het.¹⁸

Jones has resolved to shoot Smith. Black has learned of Jones's plan and wants Jones to shoot Smith. But Black would prefer that Jones shoot Smith on his own. However, concerned that Jones might waver in his resolve to shoot Smith, Black secretly arranges things so that, if Jones should show any sign at all that he will not shoot Smith (something Black has the resources to detect), Black will be able to manipulate Jones in such a way that Jones will shoot Smith. As things transpire, Jones follows through with his plans and shoots Smith for his own reasons. No one else in any way threatened or coerced Jones, offered Jones a bribe, or even suggested that he shoot Smith. Jones shot Smith under his own steam. Black never intervened.

In hierdie voorbeeld kon Jones nie anders as om vir Smith te skiet nie. Jones wou vir Smith skiet, en dit was nooit nodig vir Black om tussen beide te tree nie. In hierdie situasie sou ons intuitief Jones verantwoordbaar hou daarvoor dat Jones vir Smith geskiet het, selfs al het Jones nie werklik die vermoë gehad om anders te kon doen nie. Hierdie voorbeeld mag dalk vreemd voorkom, maar dit laat dit lyk asof daar wel situasies kan wees waarin 'n agent moreel aanspreeklik kan wees sonder die B.A.M. Indien dit wel die geval is, dan sal die konsekwensies vir die morele aspek van die probleem van vrye-wil verreikend wees.

Frankfurt-styl voorbeelde het oor die laaste paar dekades nuwe belangstelling in die vrye-wil debat gekweek en tot die produksie van 'n verstommende hoeveelheid literatuur gelei. Baie denkers probeer voortbou op Frankfurt se verwerping van die B.A.M. kriterium, terwyl ander die geldigheid van die voorbeelde kritiseer. Dit val nie binne die bestek van hierdie projek om 'n volledige oorsig oor al die reaksies op Frankfurt se voorbeeld te gee nie. Vir die doel van hierdie projek sal daar wel gekyk word na 'n basiese beswaar teen Frankfurt-styl gevalle om sodoende te verstaan waarom die probleem van vrye-wil nie daardeur opgelos is nie.

David Widerker (1995) argumenteer dat Frankfurt se voorbeeld nie die B.A.M. ongeldig maak as kriterium vir morele aanspreeklikheid nie. Volgens Widerker misluk Frankfurt se voorbeelde daarin om daardie elemente van 'n aksie of daad wat morele verantwoordbaarheid uitmaak, voldoende te onderskei. Verder meen Widerker dat in gevalle soos dié van Frankfurt, daar 'n onderskeid getref moet word tussen om iets te doen en om iets te wil doen. Indien Jones, in

¹⁸ Frankfurt se eie voorbeeld is te omslagtig om hier weer te gee.

die Frankfurt scenario, wel besluit het om Smith nie te skiet nie, maar toe geforseer is om dit te doen, sou Jones nie moreel aanspreeklik gewees het nie. Indien ons na die Frankfurt voorbeeld kyk, wetend dat Jones nie sy begeerte en daad *kon* verander het nie, dan sou ons nie noodwendig vir Jones op dieselfde manier aanspreeklik gehou het nie. Om na die Frankfurt voorbeeld te kan kyk sonder die vooraf-kennis dat Jones nie sy begeerte en daad sou kon verander nie, moet ons steeds staat maak op die B.A.M. Die Frankfurt voorbeeld maak vervolgens in hierdie sin steeds staat op die B.A.M. om morele aanspreeklikheid toe te ken aan Jones wat vir Smith geskiet het. Frankfurt voorbeelde beskryf dus nie waarlik 'n scenario van morele aanspreeklikheid in die afwesigheid van die B.A.M. nie.

Buiten sy beswaar teen die B.A.M., bou Frankfurt ook sy eie kompatibilistiese teorie, genaamd "*Hierarchical mesh compatibilism*" (Frankfurt, 1971). Op hierdie punt bou Frankfurt voort op die klassieke karakterisering van kompatibilisme:

...that one essential difference between persons and other creatures is to be found in the structure of a person's will. Besides wanting and choosing and being moved to do this or that, men may also want to have certain desires and motives. They are capable of wanting to be different, in their preferences and purposes, from what they are. Many animals appear to have the capacity for what I shall call "first-order desires" or "desires of the first order," which are simply desires to do or not to do one thing or another. No animal other than man, however, appears to have the capacity for reflective self-evaluation that is manifested in the formation of second-order desires (Frankfurt, 1971:1).

Daar is vrye-wil, volgens Frankfurt, wanneer ons eerste-orde begeertes ooreenstem met ons tweede-orde begeertes. 'n Voorbeeld wat Frankfurt gereeld self gebruik is dié van 'n dwelmverslaafde: Die dwelmverslaafde kan nie anders as om dwelms te gebruik nie, en besit nie oor die vermoë om te weier nie. Indien die verslaafde egter steeds die dwelms sou kies al kon hy anders doen, dan is hy vry, selfs in die situasie waarin hy nie anders kan doen nie. Kortliks, 'n verslaafde wat verkies om verslaaf te wees kan nie anders nie, maar is nietemin vry. Frankfurt se "mesh" teorie beskryf vrye-wil as 'n psigologiese oriëntasie ten opsigte van 'n eksterne realiteit, of eenvoudig gestel, as die sensasie dat jy kan doen wat jy wil doen (wat die begeerte om te begeer, of om nie te begeer nie, insluit). Frankfurt se teorie is wel nie sonder interne probleme nie, soos uitgewys deur Watson (1975). 'n Meer fundamentele beswaar teen hierdie benadering tot vrye-wil, is dat die geldigheid van Frankfurt se kompatibilisme afhanklik is van sy omstrede beswaar teen die B.A.M. as kriterium vir morele aanspreeklikheid.

Ander teorieë wat ook poog om voort te bou op Frankfurt-styl (of soortgelyke) besware teen die B.A.M is o.a. Susan Wolf (1990) se “Reason view”, wat ook ’n soort “mesh” teorie is,¹⁹ en “Reason-Response” kompatibilisme (Fischer & Ravizza, 1998). Nog ’n voorbeeld is Strawson-styl argumente wat beklemtoon dat morele verantwoordbaarheid in die reaksie van ’n morele gemeenskap gesetel is, eerder as in die agent of in ’n deontologiese realiteit (Strawson, 1962). Dit is egter steeds die geval dat hierdie benaderings, net soos dié van Frankfurt, kwesbaar is teen besware wat gemaak is in die lig van die B.A.M.

2.3.5.4 Ander kontemporêre vorms van kompatibilisme

Daar is verskeie ander vorms van kontemporêre kompatibilisme wat inkompatibilisme op verskillende wyses uitdaag. Daar is byvoorbeeld besware teen die idee van noodwendigheid in die konsekwensie-argument²⁰ en besware teen die geldigheid van afleidings gebaseer op noodwendigheid (Slote, 1982). Daar is ook kompatibiliste wat erken dat selfs al sou die konsekwensie-argument en die B.A.M. oorkom word, daar steeds uitdagings sal wees wat beantwoord moet word, veral vir diegene wat argumenteer vir regulatiewe beheer²¹. Hierdie groep sluit denkers in soos Michael Fara (2008) en Kardi Vihvelin (2013). Fara en Vihvelin argumenteer dat die voorwaardelikeheidsanalise van klassieke kompatibiliste faal. Die rede hiervoor is dat hierdie tipe analise op ’n eenvoudige teenfeitlike voorbeeld staatmaak, waarin die vermoë van die agent om anders te doen, geïnhibeer is. Hulle argumenteer dat teenfeitlike kondisies beperk moet word tot moontlike wêrelde waarin die agent se begeerte of wil uitgeoefen kan word sonder beperking. Hierdie siening ontlok die vraag waarom Fara en Vihvelin daartoe geregtig is om die moontlike wêrelde te beperk tot ’n spesifieke stel opsies. Hierdie sogenaamde “neo-disposisionisme” is ’n onlangse verwikkeling in kontemporêre kompatibilisme en die vrye-wil gesprek, en is steeds die onderwerp van vele debat.

2.3.5.5 Samevatting: kompatibilisme

Kompatibilisme is ’n baie aktiewe en genuanseerde filosofiese veld en kan nie werklik opgesom word in ’n enkele onderafdeling van ’n hoofstuk nie. ’n Oorsigtelike blik van die belangrikste argumente vir die versoenbaarheid van vrye-wil en determinisme is gevolglik hierbo aangebied. Drie belangrike resultate wat hieruit voortspruit is eerstens dat daar tot dusver nog nie ’n standpunt is wat werklik ’n bevredigende antwoord kan gee op die besware

¹⁹ Volgens “mesh” teorieë is daar vryheid, wanneer verskillende ordes van begeertes ooreenstem.

²⁰ Sien 2.3.5.2

²¹ Regulatiewe beheer (“Regulative control”) verwys na John Martin Fischer se onderskeid tussen regulerende en leidende beheer. ’n Agent met regulerende beheer kan reguleer tussen verskillende alternatiewe. ’n Agent met leidende beheer, begelei haar daad, selfs al sou sy oor geen ander alternatiewe beskik nie (Fischer, 1982).

teen determinisme nie. Die bespreking van kompatibilisme bied tweedens ook 'n beter begrip van die soorte probleme wat na vore kom in gesprekke oor vrye-wil en determinisme. 'n Gesonde begrip van hierdie probleme sal later 'n belangrike rol speel in die bespreking van die verhouding tussen die vrye-wil vraagstuk en wetenskapsfilosofie. Derdens begin dit duidelik word dat die aanhangers van kompatibilistiese argumente oor die algemeen probeer om die konsep van vrye-wil so te herkonstrueer, dat dit nog steeds min of meer herkenbaar lyk, maar sonder om vrye-wil in geheel, dit wil sê met die volle erkenning van die B.A.M. te behou. Hierdie verskuiwing is belangrik, want vir solank as wat die B.A.M. misken of verwerp word, sal die fundamentele besware teen determinisme relevant bly. Die besware teen determinisme sal dus tot dieselfde mate van toepassing wees op enige kompatibilistiese benadering wat determinisme as vertrekpunt neem en die B.A.M. misken of verwerp.

2.3.6 Libertariese beskouings

2.3.6.1 Algemene bespreking van libertarianisme

Die libertariese beskouing sal vervolgens bondig bespreek word. Die doel is om hier 'n uiteensetting te gee van die kern-eienskappe van 'n libertariese beskouing van vrye-wil, en ook om te begin kyk na wat sommige van die kern-uitdagings is wat deur 'n libertariese posisie beantwoord moet word.

Daar bestaan verskeie soorte libertariese benaderings tot vrye-wil soos nie-oorsaaklikheid-teorieë, gebeure-oorsaaklikheid-teorieë en agent-oorsaaklikheid-teorieë (Clarke & Capes, 2017), om maar enkeles te noem. Hierdie posisies verskil in terme van wat presies elkeen as vrye-wil beskou, en watter kriteria geld in die beoordeling van of 'n handeling vry is of nie. Daar is ook verskille ten opsigte van hoe die struktuur en funksie van 'n vrye aksie verstaan word. Vir die doel van hierdie projek hoef daar nie 'n oorsig van al hierdie posisies gegee word nie. Dit is wel belangrik om die basiese gemeenskaplike kenmerke en uitdagings te identifiseer.

Die meeste libertariërs verwerp determinisme (fatalisme), steun die B.A.M., en glo dat mense minstens soms oor die vermoë beskik om as verantwoordelike en verantwoordbare agente op te tree. Hierdie soort posisies word ook soms as inkompatibilisties of nie-deterministies beskryf. Hierdie terme kan egter verwarrend en misleidend wees, aangesien 'n denker in sy of haar formele teoretisering 'n inkompatibilis kan wees, terwyl hy of sy ook glo dat vrye-wil nie bestaan nie. Dit is ook moontlik om 'n nie-determinis te wees, en te glo dat menslike besluite lukraak is, en dus ook nie werklik voldoen aan die libertariese beskouing se kriteria nie.

Libertariese vrye-wil word binne akademiese kringe beskou as die mees intuïtiewe en populêre beskouing in die breër samelewing. Die feit dat die algemene opvatting van morele

aanspreeklikheid so intiem gebonde is aan vrye-wil en die B.A.M., getuig hiervan. Die libertariese benadering belyn dus goed met die algemene intuïtiewe opvattinge van o.a. moraliteit en rasionaliteit, wat juis die hoeksteen van meeste besware teen determinisme vorm. Daar kan dus aangevoer word dat libertarianisme 'n baie aantreklike finale posisie is om in te neem aangaande vrye-wil.

2.3.6.2 'n Beswaar teen libertarianisme

Daar is egter 'n paar basiese besware teen libertarianisme wat verskeie vooraanstaande denkers deur die geskiedenis geopper het. Hierdie projek poog juis om een van hierdie besware in diepte te bespreek, naamlik die probleem van determinisme / fatalisme (wat ook gereeld die probleem van vrye-wil genoem word). Die betrokke beswaar teen libertarianisme naamlik die skynbare wetenskaplike bewyse vir 'n deterministiese begrip van die wêreld, mens inkluis, is reeds hierbo in detail bespreek. Eenvoudig gestel kom dit daarop neer dat klassieke fisika en die standaard model van die heelal, 'n meganistiese, deterministiese en dus fatalistiese beeld van die heelal voorhou. Mense en menslike gedrag is deel van hierdie heelal en moet dus ook op hierdie wyse gedetermineer wees. Onlangse verwikkelinge in ons begrip van die fisiese heelal dui egter daarop dat die heelal miskien nie heeltemal gedetermineer is nie, maar dat dit moontlik lukrake ("random") gebeure bevat.

Dit wat soms voorgestel word, is dat die moontlikheid van intrinsieke lukraakheid binne die fisiese heelal gronde kan verleen aan 'n teorie van vrye-wil wat die gevare van determinisme kan oorkom. Dit het egter vinnig duidelik geword dat lukraakheid of indeterminisme as sodanig nie menslike agentskap kan verklaar op 'n manier wat voldoen aan die vereistes van 'n libertariese begrip van vrye-wil nie (Stapp, 2017). Indien die fundamentele oorsaak van 'n aksie teruggelei kan word na 'n lukrake gebeurtenis, kan daardie aksie nog steeds nie die B.A.M. kriterium (sien hoofstuk 1) slaag nie. Net omdat realiteit van so 'n aard is dat omstandighede kan varieer en tot ander uitkomst kan lei, beteken dit nie dat die menslike agent enige werklike beheer het om anders te **doen** nie.

Uiteindelik worstel meeste van diegene wat die libertariese standpunt inneem steeds om die konsep van outentieke vryheid met beperkende faktore soos oorsaaklikheid te versoen. Dit wil voorkom asof 'n mens (soms arbitêr) 'n grens iewers moet trek tussen hoe menslike vryheid begryp word en hoe oorsaaklikheid in die natuur begryp word ten einde 'n libertariese posisie te huldig. Verder is dit gewoonlik die geval dat hierdie grens op die perke van ons empiriese (wetenskaplike) waarneming van oorsaaklikheid geplaas word. Die 'spook in die masjien' tipe van argumentasie is 'n voorbeeld van so argumentasielyn. Dit is ook juis hierdie styl van

argumentasie wat wankel in die lig van die skynbare vooruitgang van die empiriese wetenskappe soos neurowetenskap.

2.4 Slotopmerkings oor die huidige vernaamste standpunte: Verfynde kriteria

In hierdie hoofstuk is sommige van die basiese kontoere van die vrye-wil vraagstuk ondersoek. Dit blyk duidelik dat elkeen van die verskillende posisies in die vrye-wil bespreking sy eie uitdagings en besware het. Dit wil voorkom asof die gesprek oor vrye-wil in baie opsigte vasgevang is tussen die Scylla van wetenskaplike determinisme en alles wat daarmee gepaard gaan, en die Charibdis van 'n skynbaar onversoembare ideaal van vryheid (die libertariese posisie). Om die gevolge te dra van 'n deterministiese siening van die mens is baie onaantreklik, en daar kan ook nie geregverdig en verklaar word hoe vrye-wil in 'n andersins wetmatige wêreld kan funksioneer nie. Die vraag is egter of dit moontlik is om hierdie dilemma te vermy, of anders te benader? In die volgende hoofstuk sal ek aanvoer dat hierdie dilemma moontlik wel vermy kan word as sekere elemente van die breër filosofiese raamwerke waarbinne vrye-wil gewoonlik bespreek word, heroorweeg word.

'n Vedere kwessie wat vanuit die bespreking na vore gebring is, is 'n duideliker begrip van die kriteria vir 'n sinvolle verstaan van vrye-wil. Op grond hiervan kan gesê word dat 'n sinvolle en samehangende begrip van vrye-wil verkieslik logies samehangend moet wees, sowel as om ooreen te stem met ons begrip van die werking van die heelal rondom ons. So 'n argument moet ook in staat wees om ons ervaring van byvoorbeeld, moraliteit en rasionaliteit – wat onlosmaaklik aan vrye-wil gekoppel is – te verreken, en wel sonder om sulke begrippe tot blote illusies of pragmatiese konstruksies te vereng. Let daarop dat hierdie vereistes nie noodwendig die kriteria vir 'n geldige of noodwendig ware begrip van die vrye-wil is nie, maar wel vir een wat moontlik waar en betekenisvol kan wees. Hierdie kriteria dien met ander woorde slegs as 'n riglyn vir ons intuïsie namate hierdie projek vorder.

Die doel van hierdie hoofstuk was om die nodige konteks te gee vir die volgende hoofstuk waarin ons die verband tussen hierdie posisies oor vrye-wil en die gepaardgaande ontologiese en wetenskapsfilosofiese vertrekpunt sal ondersoek. Ek sal argumenteer dat die vrye-wil dilemma nie onoorkombaar is nie, maar eerder die resultaat van sekere beperkende filosofiese- en uiteindelik voorwetenskaplike vertrekpunte wat moontlik heroorweeg kan word.

HOOFSTUK 3: ONTOLOGIE EN WETENSKAPSFILOSOFIE – DIE BEPALENDE VERTREKPUNTE

3.1 Inleiding

Een van die hoof-doelwitte van hierdie projek is om 'n sinvolle begrip van die probleem van vrye-wil, wat voldoen aan die voorwaardes van 'n breë libertariese siening van vrye-wil, te bevorder. In die vorige hoofstuk is daar vordering gemaak met die aantoon van die hipotese dat daar nie eenvoudige alternatiewe tot die libertariese siening van vrye-wil blyk te wees nie. Hierdie stelling word gemaak met inagneming van die feit dat dit lyk asof die probleme waarmee die libertariese posisie gekonfronteer word, onoorkomelik kan wees.

In hierdie hoofstuk sal ek argumenteer dat 'n substansiële deel van die hedendaagse debat oor vrye-wil, soos bespreek in die vorige hoofstuk, beperk word deur bepaalde filosofiese vertrekpunte wat in die meeste gevalle buite die vrye-wil debat self lê. Eerstens sal die verband tussen filosofiese raamwerke en teorievorming ondersoek word. Daarna sal die verband tussen teorieë oor vrye-wil en die breër filosofiese raamwerk waarbinne hierdie teorie ontwikkel is, ondersoek word. Verder sal daar gepoog word om aan te dui hoe filosofiese raamwerke dikwels gevorm word deur problematiese (in hierdie geval reduksionistiese) voorwetenskaplike oortuigings. Sodoende kan 'n alternatiewe benadering wat die vrye-wil dilemma²² kan vermy, duideliker omlyn word.

Ten einde bostaande te bereik, sal daar hoofsaaklik gesteun word op die werk van filosowe in die Reformatoriese tradisie waaronder Herman Dooyeweerd, Danie Strauss en Roy Clouser. Herman Dooyeweerd word algemeen beskou as een van die kern denkers in die Reformatoriese tradisie en is dus van belang. Daar is egter noemenswaardige tekortkominge in Dooyeweerd se denke, wat weer deur Strauss uitgelig word en deur Clouser beredder word. Die werk van hierdie drie denkers saam vorm dus 'n baie volledige prentjie van die Reformatoriese filosofiese tradisie, veral ten opsigte van die kwessies wat in hierdie projek aangespreek word.

3.1.1 Algemene opmerkings oor filosofiese raamwerke

As ek verwys na die filosofiese raamwerk waarbinne besprekings oor vrye-wil gehou word, verwys ek na filosofiese vertrekpunte wat besprekings oor vrye-wil beïnvloed, lei of beperk,

²² Soos gesien in hoofstuk 2, is die dilemma enersyds die skynbare onverklaarbaarheid van die vrye-wil in 'n andersins wetmatige wêreld. Hiermee hang saam die ernstige gevolge van die aanvaarding van 'n deterministiese siening van die mens.

maar wat gewoonlik nie as sodanig in die vrye-wil debat self bespreek word nie. Hierdie vertrekpunte sluit ontologie, epistemologie, die begrip van oorsaaklikheid en wetenskapsfilosofie in as die mees relevante begrippe. Daar is ook ander tersaaklike aspekte van enige gegewe filosofiese raamwerk wat moontlik oorweeg kan word, byvoorbeeld, antropologie en etiek. Ter wille van die skopus van hierdie projek is ek van mening dat dit geregverdig is om die fokus te beperk tot die raamwerk elemente wat hieronder uitgelig word.

Ontologie verwys gewoonlik na 'n bepaalde begrip van wat die werklikheid fundamenteel behels. Ontologiese vertrekpunte kan uiteraard die bespreking oor vrye-wil beïnvloed. As daar vanuit 'n materialistiese ontologie byvoorbeeld beweer word dat die werklikheid in 'n fundamentele sin tot materie en energie gereduseer kan word, kan enige idee van vrye-wil wat op begrippe soos dié van 'n nie-materiële siel staatmaak, onmiddellik gediskrediteer word. Die effek van ontologiese vertrekpunte sal in meer besonderhede in die gedeeltes oor reduksionisme in ontologie en oorsaaklikheid, ondersoek word.

Epistemologie verwys gewoonlik na ons begrip van kennis, waarheid, hoe ons kennis verkry, en hoe ons waarheid van valsheid onderskei. Breër epistemologiese invloede in die bespreking van vrye-wil kan duidelik gesien word in byvoorbeeld, besprekings oor die epistemologiese beswaar teen determinisme. Ons epistemologiese vertrekpunte manifesteer dan ook weer gereeld in bepaalde wetenskapsfilosofiese vertrekpunte (wat dikwels gesien word as 'n tak van epistemologie). Die effek van epistemologiese en wetenskapsfilosofiese vertrekpunte op die vrye-wil bespreking word deegliker in die afdeling oor reduksionisme in wetenskapsfilosofie ondersoek.

Bogenoemde uitgangspunte funksioneer nie geïsoleerd van mekaar nie, en beïnvloed mekaar ook nie noodwendig volgens 'n vaste hiërargie nie. Ontologie kan 'n invloed hê op epistemologie, en omgekeerd. Indien daar 'n vaste manier sou wees waarop hierdie verskillende elemente van 'n breër filosofiese raamwerk in wisselwerking met mekaar tree, val 'n ondersoek daarvan buite die bestek van hierdie projek. Daar word nie hier aangevoer dat die vrye-wil debat volledig bepaal word deur ontologiese, epistemologiese en wetenskapsfilosofiese vertrekpunte nie. Die rol van ander faktore kan geredelik erken word. Laastens kan daar genoem word dat 'n streng eenrigtingverhouding, vanaf die breër filosofiese raamwerk na 'n gegewe begrip van vrye-wil, nie hier veronderstel word nie. Daar is geen ooglopende rede om te dink dat 'n bepaalde begrip van die vrye-wil, die basiese filosofiese vertrekpunte nie terugwerkend kan beïnvloed nie.

In die volgende afdelings sal daar ondersoek ingestel word na hoe hierdie verskillende vertrekpunte die bespreking oor vrye-wil beïnvloed, en dan ook hoe daardie vertrekpunte self gevorm word.

3.2 Wetenskapsfilosofieë as raamwerke, en die debat oor vrye-wil

Om die verband tussen die gesprek oor vrye-wil as sodanig en die breër filosofiese raamwerke waarbinne die gesprekke gevoer word beter te verstaan, sal daar nou vanuit 'n wetenskapsfilosofiese oogpunt gekyk word na wat die verhouding tussen teorieë en filosofiese raamwerke is.

3.2.1 Wat is wetenskapsfilosofie?

Wetenskapsfilosofie is 'n tak van die filosofie wat fokus op vrae oor wetenskap. Vrae word gestel rakende die aard van wetenskaplike bevindings; wat die verskil is tussen wetenskap en nie-wetenskap en wat hierdie onderskeid sou beteken vir ons begrip van die aard en doel van wetenskaplike teorieë. Wetenskapsfilosofie poog ook om die verband tussen wetenskaplike bevindings en waarheid te verstaan. Wetenskapsfilosofie ondersoek ten slotte ook die wyse waarop wetenskaplike teorieë gevorm (behoort te) word (Rosenberg, 2005:6). Soos wat dit die geval met baie kwessies in filosofie is, is dit nie 'n eenvoudige taak om 'n presiese definisie van wetenskapsfilosofie te gee nie. Hierdie vrae is relatief onomstrede, maar is geensins 'n volledige beskrywing van die soort probleme wat in wetenskapsfilosofie aandag kry nie.

Die belangrikste wetenskapsfilosofiese vraag wat hier bespreek word, handel oor hoe wetenskaplike teorieë gevorm word. Dit is juis deur hierdie onderwerp van nader te bekyk dat die verhouding tussen die antwoorde tot en karakterisering van die vrye-wil vraagstuk, as wetenskaplik-teoretiese veld van ondersoek, en die breër filosofiese raamwerk daarvan beter verstaan kan word.

Iets wat voor die bespreking aangetoon moet word, is dat hoewel daar op 'n sekere wyse van interaksie in die verhouding tussen ontologie en wetenskapsfilosofie, sowel as wetenskaplike teorieë en sintuiglike ervaring gefokus sal word, dit nie beteken dat dit die enigste manier is waarop hierdie interaksie plaasvind nie. Wetenskaplike teorieë kan byvoorbeeld die sintese wees van 'n bepaalde wetenskaplike se observasies, wetenskaplike raamwerk, en ontologiese vertrekpunte. In sommige gevalle kan die observasie van 'n fenomeen egter lei tot 'n wysiging van die wetenskaplike se ontologie en/of wetenskapsfilosofie. Die verhoudings tussen hierdie raamwerke, teorieë en ervarings van verskynsels, is ingewikkeld. Vir die huidige doeleindes is dit egter voldoende om slegs een van die moontlike verhoudingsrigtings te ondersoek.

Daar sal nou gekyk word na hoe wetenskaplike teorieë gevorm word om sodoende 'n beter uiteensetting te gee van die verband tussen wetenskaplike teorieë en hul breër filosofiese raamwerke.

3.2.2 Wat is 'n teorie?

Die term teorie word in die algemeen gewoonlik gebruik om te verwys na 'n voorstel of stel voorstelle wat bedoel is om iets te verklaar (Psillos & Curd, 2008: xx – xxvii). Clouser (2005:62) noem hierdie sentrale kenmerk van 'n teorie die 'hipotese', wat hy definieer as 'n ingeligte raaiskoot wat voorgestel word om iets te verklaar. Alhoewel “hipotese” en “teorie” dikwels as wissel terme gebruik word, verwys “teorie” soms na 'n verwante stel hipoteses eerder as 'n enkele hipotese (Clouser, 2005:62).

Nie alle teorieë is wetenskaplik nie. My “teorie” oor wat ek moontlik vir my verjaardag gaan kry, kan byvoorbeeld beswaarlik wetenskaplik genoem word in dieselfde sin waarin Einstein se teorie van algemene relatiwiteit wetenskaplik is²³. Dit is juis wetenskaplike teorieë wat vir die doeleindes van hierdie projek duidelik verstaan moet word, en waarvoor daar 'n definisie benodig word.

3.2.3 Wat is 'n wetenskaplike teorie?

Die filosofie bied 'n ryk tradisie ten opsigte van die beskrywing van wat 'n wetenskaplike teorie is. Hierdie beskrywings speel 'n sentrale rol binne wetenskapsfilosofie as dissipline. Buiten die formele debatte en besprekings oor wat teorieë is, stel die meeste akademiese vakgebiede en dissiplines ook sekere standaarde daar waarvolgens die gehalte van die navorsing en die teorieë wat ontwikkel is, gemeet word. Hierdie standaarde is egter nie altyd op 'n formele, kritiese definisie geskoei nie, maar is eerder vanuit die praktyk in die betrokke dissipline of vakgebied ontwikkel. Daar is ook geen eenduidige en algemeen aanvaarde wetenskaplike metode waarvolgens die wetenskaplike praktyk afgebaken, gelei en gemeet kan word nie. Daar ontbreek verder ook eenstemmigheid wat betref 'n enkele definisie van die onderskeid tussen wetenskaplike denke en nie-wetenskaplike denke (ook bekend as die afbakeningskriterium) (Sankey, 2008).

²³ Ons definisie van 'n teorie, en later van 'n wetenskaplike teorie, bepaal nie of 'n teorie goed, geldig, geregverdig of waar is nie, maar eerder of dit wel 'n teorie, en meer spesifiek 'n wetenskaplike teorie, is. Nie-wetenskaplik beteken nie onwetenskaplik nie.

Die idee van wat 'n wetenskaplike teorie en wat goeie wetenskaplike praktyk behels, verskil boonop tussen dissiplines. Dit gebeur selfs dat wetenskaplikes binne 'n vakgebied met mekaar kan verskil hieroor. 'n Verdere komplikasie in die afbakeningskwessie is dat wetenskaplikes in baie gevalle nie ook wetenskapsfilosowe is nie. Die gevolg is dat alhoewel hulle wetenskap beoefen met 'n idee van wat wetenskap is en hoe wetenskaplike denke moet gebeur, hulle dit dikwels doen sonder dat hulle bewustelik en krities daaroor reflekteer (Sankey, 2008:251). Daar is al verskeie pogings aangewend om 'n afbakeningskriterium vir die wetenskap te ontwikkel, waarvan Karl Popper (1963) se vervalsingskriterium een van die bekendstes is. Alhoewel geen maatstaf universeel aanvaar is nie, het die verskillende kriteria wat voorgestel en bespreek is veel gedoen om 'n dieper begrip te bied van hoe wetenskaplike denke funksioneer (Coletto, 2011).

Omdat hierdie projek benader word vanuit 'n Reformatoriese oogpunt toegepas op die probleem van vrye-wil, word die definisie van wetenskaplike denke wat diegene in hierdie tradisie voorstaan, gebruik – te wete dié van Danie Strauss bron. Strauss definieer wetenskaplike denke as *modaal abstrakte*²⁴ *denke*. Aan die hand van die voorbeeld van hoe ons leer tel met behulp van 'n telraam, beskryf Strauss (2009:48) die proses van modale abstraksie²⁵ in wetenskaplike denke soos volg:

When we learn to calculate with the help of the abacus, we begin by involving *different aspects of reality* at once: we take into account the *color*, the *movement*, the *shape* and the *quantity* of blocks on the abacus, that is, we initially include the many-sidedness of these blocks by leaving their physical, kinematical, spatial and numerical properties *intact*. However, gradually we had to ignore the color, movement and shape, and concentrate on the quantitative side only, i.e. we had to elevate the numerical aspect in order to simultaneously ignore the non-numerical aspects.

Strauss voer aan dat wetenskaplike denke 'n soort denke is waarin ons nadink oor hoe entiteite binne sekere modaliteite funksioneer. In wiskunde probeer ons byvoorbeeld om 'n beter begrip kry van hoe entiteite binne die numeriese modaliteit of aspek van die werklikheid funksioneer deur middel van 'n teoretiese ontleding daarvan.

²⁴ Die terme “modaal” en “abstraksie” word in die paragrawe hierna bespreek.

²⁵ Vervolgens sal beide die terme ‘modale abstraksie’ en ‘hoë abstraksie’ gebruik word. Hierdie terme kan, in die konteks van hierdie projek, as wissel terme gebruik word. Strauss verkies die term ‘modale abstraksie’ en Clouser ‘hoë abstraksie’. Die verskillende terme ontstaan uit nuanse verskille in hoe die terme verduidelik word maar is funksioneer eenders.

Om Strauss se definisie van wetenskap beter te verstaan, sal die terme “aspekte” en “modale abstraksie” verder uiteengesit word. Hiervoor sal staat gemaak word op die werk van Clouser, eerder as Strauss. Alhoewel beide ten opsigte van hierdie kwessies redelik eenstemmig is, is Clouser se uiteensetting dalk makliker om te volg.

3.2.4 Modale abstraksie

Clouser (2005:64) beskryf modale abstraksie as die proses waardeur spesifieke soorte eienskappe of kwaliteite (wat “aspekte” genoem kan word) vanaf 'n entiteit, soos dit ervaar word deur 'n observeerder, uitgesonder word. Clouser voer aan dat wanneer ons 'iets' waarneem, beseft ons dat dit 'n verskeidenheid soorte eienskappe vertoon. As mens byvoorbeeld na 'n boom kyk, sien jy dat die boom eienskappe soos kleur, grootte, aantreklikheid, ens. het. Die proses waardeur ons verstandelik 'fokus' op hierdie eienskappe *qua* (as) eienskappe is modale abstraksie. Clouser verwys na dit wat geabstraheer word as 'n 'aspek' van daardie entiteit²⁶. Clouser se gebruik van die term 'aspek' kan dus verstaan word as verwysend na 'n tipe of klas van kwaliteite of eienskappe wat bestudeer kan word, afgesien van enige spesifieke entiteit waarvan dit geabstraheer word. Die term “aspek” sal in 3.2.5 meer volledig bespreek word, asook in hoofstuk 4.

Daar kan ook tussen twee verskillende soorte abstraksie onderskei word. Clouser gebruik die voorbeeld van 'n motor en die verskeidenheid eienskappe daarvan om die verskil tussen twee soorte abstraksie te verduidelik, nl. lae en hoë abstraksie. 'n Motor se as het sekere eienskappe, soos om 'n sekere kleur te wees, 'n sekere massa te hê asook 'n sekere koste. Lae abstraksie is om te fokus op 'n eienskap soos dit aan die motor behoort. Dit beteken dat daar bloot op die eienskap, soos die kleur van die motor, gefokus word. D.w.s. om bewus te wees daarvan dat die kleur 'n eienskap van die motor is, en nie die motor self nie. Waar lae abstraksie altyd 'n eienskap in verhouding tot 'n entiteit behels, sal hoë abstraksie die fokus op die spesifieke eienskap verskerp, sodat die eienskap as sodanig oorweeg kan word, sonder om dit (noodwendig) met enige spesifieke entiteit te verbind. In hierdie voorbeeld sou dit dan beteken dat kleur, of rooi-wees as sodanig bestudeer word. Dit is veral in die konteks van wetenskaplike denke dat hoë abstraksie benut word.

²⁶ “Entiteit” word in die breedste sin van die woord gebruik, en sluit in dinge, gebeure en prosesse.

3.2.5 Beknopte inleiding tot "aspekte van die werklikheid"

Clouser (2005:66) verduidelik "aspekte van ervaring" (wat hierbo modale aspekte²⁷ genoem is) as *verskillende soorte eienskappe* wat deur entiteite vertoon word²⁸. Clouser voer aan dat eienskappe wat deur spesifieke voorwerpe vertoon word, eienskappe van sekere soorte (kategorieë) is, en dat hierdie soorte eienskappe van mekaar onderskei kan word. Die gewig en snelheid van 'n motor is byvoorbeeld verskillende eienskappe, maar blyk dieselfde soort of klas eienskappe te wees. Terwyl snelheid en gewig fisiese eienskappe blyk te wees, is sommige ander eienskappe soos die estetiese eienskappe van dieselfde motor duidelik weer van 'n ander soort. Verder stel Clouser dat hierdie verskillende soorte eienskappe nie na mekaar herlei kan word nie – elkeen is duidelik fundamenteel uniek en eiesoortig. Alhoewel die skoonheid van die motor byvoorbeeld verband hou met die fisiese eienskappe daarvan, is dit nie identies daarmee nie. Hierdie onreduseerbaarheid of onherleibaarheid van aspekte speel 'n kardinale rol in die Reformatoriese siening van wetenskap en sal later weer ter sprake kom.

Verder is dit belangrik om daarop te let dat verskillende klasse van eienskappe, wat ook aspekte genoem kan word, blykbaar op verskillende wyses funksioneer. Fisiese eienskappe funksioneer byvoorbeeld op 'n ander wyse as estetiese eienskappe.

Clouser voer aan dat alle entiteite in die temporele werklikheid in al hulle aspekte funksioneer. Dit beteken dat elkeen van hierdie entiteite, op die een of ander wyse, eienskappe het wat funksioneer in ooreenstemming met elk van die bogenoemde aspektuele (aspectual) wette. Presies hoe entiteite volgens alle aspekte funksioneer, word in die volgende hoofstuk in meer besonderhede uiteengesit.

Na aanleiding van hierdie redenasie bied Clouser 'n lys van aspekte van ons ervaring. Clouser, kwalifiseer hierdie lys deur te noem dat die inhoud daarvan geensins 'n noodwendige waarheid is nie, en dat die lys altyd oop is vir hersiening. Nietemin is die lys wat hy bied (sien hier onder) die produk van uitgebreide navorsing en akademiese debat. Ander bekende Reformatoriese filosowe soos Dooyeweerd (2012:7), en Strauss (2009:82), ondersteun ook die elemente, samestelling en volgorde van hierdie lys.

²⁷ Die term aspek kan na beide aspek as wet, en aspek as eienskap verwys word. Daar is 'n nou verband tussen aspek as wet en aspek as eienskap maar die terme is nie identies nie. Aspek as eienskap staan aan die feit-sy van die werklikheid en aspek as wet staan aan die wet-sy van die werklikheid. Vir meer inligting oor hierdie nuanse kan o.a. Strauss (2009) geraadpleeg word.

²⁸ "For we not only abstract individual properties, relations, and patterns, we also abstract *kinds* of them." (Clouser, 2005:66).

Volgens Clouser (2005:66) is die lys van aspekte:

Sekerheidsaspek
Etiese
Juridiese
Estetiese
Ekonomiese
Sosiale
Linguistieke
Historiese
Analities- Logiese
Sensoriese
Biotiese
Fisiese
Kinematiese
Ruimtelike
Kwantitatiewe

Figuur 3-1: Lys van aspekte- Clouser

Vanuit hierdie lys kan ook gesien word hoedat daar 'n korrelasie is tussen die verskillende modale aspekte en sommige²⁹ wetenskaplike dissiplines. Hierdie korrelasie is nie toevallig nie. Die redes hiervoor sal duideliker word in die volgende hoofstuk.

²⁹ Alhoewel verdere verduideliking nodig is vir toegepaste-, transdissiplinêre- en intermediêre wetenskappe, asook vir wetenskappe waarvan die studieveld addisioneel afgebaken word deur 'n tipe entiteit, is dit voldoende om hier te vermeld dat Reformatoriese filosofie wel rekenskap hiervan kan gee.

Na aanleiding van die voorafgaande uiteensetting van Clouser se siening kan Strauss se definisie van wetenskap vervolgens beter verstaan word. Wetenskaplike denke is dus denke wat fokus op spesifieke modale aspekte. 'n Wetenskaplike "kyk deur die bril" van modale- of hoë abstraksie na hoe entiteite binne spesifieke aspekte funksioneer, om sodoende 'n beter begrip van die temporele werklikheid rondom hulle te kry.

3.3 Die wyse waarop ontologie en wetenskapsfilosofie, wetenskaplike teorieë beïnvloed

In die vorige afdeling is daar gekyk na hoe 'n wetenskaplike teorie gedefinieer kan word. Hierdie gedeelte dien dan ook as 'n wegspringpunt vir die verkryging van meer duidelikheid rakende die proses van wetenskaplike teorievorming self. Die ondersoek sal nou verder fokus op die vraag hoe wetenskaplike teorieë gevorm word, om sodoende aan te dui hoe dat ontologie en wetenskapsfilosofie 'n belangrike rol speel in die wyse waarop spesifieke wetenskaplike teorieë gevorm word.

Clouser gee 'n goeie voorbeeld van die verband tussen ontologie, wetenskapsfilosofie en wetenskaplike teorieë wanneer hy die verskillende sienings wat Einstein en Heisenberg gehad het, ondersoek. Clouser (2005:147-158) beskryf hoe hierdie twee bekende wetenskaplikes dramatiese verskillende interpretasies van die atoomteorie gehad het. Einstein was oortuig dat atome op dieselfde manier as ander (groter) fisiese verskynsels verstaan kon word. Heisenberg het van hom verskil en het aangevoer dat atome en sub-atoomdeeltjies nie verstaan kan word in die sin van klassieke fisika nie, waar fisiese voorwerpe beskryf word in terme van posisie, momentum of spoed. Die rede waarom Heisenberg daarvan oortuig was en Einstein nie, is belangrik om te verstaan.

In die atoom- en sub-atoomwetenskap is dit, ten minste nog op hierdie stadium, onmoontlik om die momentum/spoed sowel as die posisie van 'n sub-atoomdeeltjie gelyktydig te ken. Die rede hiervoor is dat die meting van die posisie of die snelheid van 'n sub-atomiese deeltjie die toestand van daardie deeltjie verander. Die proses waarmee een van hierdie veranderlikes (byvoorbeeld spoed) gemeet word, verander die ander veranderlike (byvoorbeeld posisie). 'n Mens kan gevolglik nie die snelheid van 'n deeltjie meet sonder om die posisie van daardie deeltjie te verander nie, en andersom. Heisenberg noem dit 'n 'onsekerheidsverhouding'.³⁰ Terwyl Einstein en Heisenberg oor hierdie feit van die atoomwetenskap saamgestem het, was hulle nie eens oor wat dit ingehou het nie.

³⁰ Die algemeen erkende term in Engels is "uncertainty relation".

Volgens Clouser (2005: 152) het Einstein die ontologiese oortuiging gehuldig dat 'n eksterne fisiese werklikheid bestaan waartoe ons toegang het deur middel van ons sintuie, logika en ons begrip van die wiskundige sy van die werklikheid. Heisenberg het hierteenoor geglo dat die werklikheid eerder fundamenteel wiskundig as fisies is, of ten minste dat die wiskundige sy van die werklikheid meer fundamenteel is as die fisiese kant. Daarom het Heisenberg geglo dat sub-atoomdeeltjies nie in die "klassieke sin" kan bestaan nie. Heisenberg het aangevoer dat omrede hierdie deeltjies nie gelyktydig in terme van posisie en snelheid in wiskundige sin kan bestaan nie, dit ook nie op dieselfde wyse in die fisiese kan bestaan nie. Einstein het hiervan verskil en aangevoer dat hierdie onsekerheidsverhouding nie beteken dat deeltjies in beide opsigte bestaan nie, maar dat ons eenvoudig nie waarnemende toegang tot albei hierdie feite op dieselfde oomblik het nie. Hier kan ons sien hoe verskillende vertrekpunte in terme van ontologie, tot verskillende interpretasies van 'n dieselfde datastel kan lei. Toe 'n skynbare teenstrydigheid tussen die fisiese en wiskundige kante van die werklikheid hanteer moes word, het Einstein prioriteit aan die fisiese gegee, en Heisenberg aan die wiskundige.

Die bostaande voorbeeld toon hoe ontologie vakwetenskaplike teorieë kan beïnvloed. Dit demonstreer ook hoe 'n bepaalde wetenskapsfilosofie ons begrip van wetenskaplike teorieë en die rol wat bepaalde oorsake daarin speel, kan beïnvloed. Die feit dat Heisenberg geglo het dat die werklikheid fundamenteel wiskundig is, het daartoe gelei dat hy 'n fundamenteel ander begrip van oorsaak en gevolg as Einstein aanvaar het. Heisenberg was tevrede met die idee dat 'n oorsaaklike verklaring gebaseer is op waarskynlikheid, omdat deeltjies in 'n waarskynlike sin bestaan. 'n Deeltjie het 'n sekere waarskynlikheid om êrens te wees of iets te doen, en geen verklaring kan verder gaan as dit nie, omdat die fundamentele vlak waarin die deeltjie bestaan en funksioneer, wiskundig is. Einstein het nie saamgestem nie, en het aangevoer dat ons afhanklikheid vir die verklaring van sub-atomiese deeltjies in terme van waarskynlikheid, te wyte is aan 'n epistemiese beperking wat moontlik oorkom kan word as ons die deeltjie beter kan waarneem. Die rede hiervoor is dat Einstein in 'n wêreld geglo het wat fundamenteel fisies is. In so 'n wêreld is oorsaak en gevolg 'n geslote en volledig beskrywende stelsel, met geen ontiese ruimte vir waarskynlikheid nie.

3.4 Reduksionisme

3.4.1 Reduksionistiese ontologie

In die vorige afdeling is daar gekyk na hoe ontologie en wetenskapsfilosofie die vorming van wetenskaplike teorieë kan beïnvloed. In hierdie afdeling sal daar dieper op hierdie idee ingegrawe word deur te kyk na reduksie en reduksionisme, en hoe dit ook 'n bepaalde rol in wetenskaplike teorieë speel.

Die konsep van reduksie is welbekend in filosofiese kringe, en pogings om dit te definieer is as sodanig ook nie juis kontroversieel nie. Wat kontroversieel kan wees, is die verskil tussen reduksie en reduksionisme, en óf (of wanneer) reduksie geregverdig is. Voordat hierdie sake in die volgende afdeling bespreek word, sal daar eers 'n werksdefinisie van reduksie/reduksionisme gegee word, asook 'n meer gedetailleerde uiteensetting van reduksie/reduksionisme in ontologie en oorsaaklikheidsbeskouing. Hierdie definisie van reduksie en reduksionisme sal hoofsaaklik daargestel word vanuit die werk van Roy Clouser, wat soos hierbo genoem is 'n filosoof in die Reformatoriese tradisie is.

In ons bespreking van reduksie en reduksionisme, sal ons ook gebruik maak van die konsepte van aspekte en abstraksie. Met inagneming van bogenoemde, beteken reduksie in die ontologiese of nomologiese sin dat daar geglo word dat 'n sekere aspek of groep aspekte (uitgesonder die volledige lys) van 'n entiteit of ding meer werklik, of belangriker is, as die res. 'n Voorbeeld hiervan is die fisikalistiese reduksionisme van Patricia Churchland, wat beweer dat mense fundamenteel fisiese wesens is, en dat alles aangaande mense uiteindelik aan die hand van die wette van die fisika verklaar kan word. In die Churchland-voorbeeld is nie-fisiese aspekte, soos estetiese of sosiale eienskappe, bloot epifenomene; superstrukture wat geheel en al afgelei is van, en dus bepaal word deur, die fisiese aspek van die werklikheid. Voorgenoemde is 'n voorbeeld van reduksie of reduksionisme.

In *The myth of religious neutrality* (2005) voer Clouser aan dat enige daar in enige ontologie gedwing word om iets wat as fundamenteel vir die werklikheid beskou word, te kies. Dit sou, volgens Clouser se argument, beteken dat enige gegewe ding of entiteit binne die werklikheid ook gekonstitueer moet word deur, en funksioneer volgens dit wat as fundamenteel beskou word. Baie ontologieë kies die een of ander aspek van die werklikheid as die fundamentele bestanddeel van die werklikheid. Dit hoef egter nie noodwendig die geval te wees nie aangesien dit ook moontlik is om die basis van die werklikheid buite die temporele werklikheid self te plaas³¹. Na aanleiding van Clouser se argumentslyn, impliseer die resultaat van 'n reduksionistiese ontologie dikwels dat, afgesien van dit wat verhef is tot die eksklusiewe status van werklik bestaan, alles anders as óf nie-bestaande, óf bloot afgeleide epifenomene gesien word.

Die verskillende soorte fisikalisme wat in die vrye-wil bespreking voorkom, is almal reduksionisties. Die posisie van Patricia Churchland is 'n gepaste voorbeeld. Behalwe dat sy haarself uitdruklik as 'n reduksionis identifiseer, bevorder sy ook reduksie as "'n wetenskaplike

³¹ Hierdie is die benadering wat die Reformatoriese beskouing navolg en word in hoofstuk 4 weer bespreek.

wêreldbeskouing", in beide 'n epistemologiese en ontologiese sin (Churchland, 1994). Aangesien ons reeds Churchland se standpunt in 'n vorige afdeling in detail bespreek het, word dit nie hier herhaal nie. 'n Volgende vraag wat ten opsigte van die reduksionistiese houding van Churchland gestel moet word, is of Churchland se reduksionisme geregverdig en geldig is. Dit sal egter eers hier onder in afdeling 3.4.4 gedoen word. Vervolgens sal oorsaaklikheidsreduksie bespreek word.

Reduksionisme kan dikwels ook gesien word in oorsaaklikheidsbeskouings. Ontologie gaan gewoonlik oor die vraag na wat die werklikheid "is", maar wat "is" kan selde in 'n suiwer statiese sin verstaan word, en moet ook beskou word in terme van "hoé is dit wat is". Dit is vanselfsprekend dat 'n siening van wat ook al die basiese aard van die werklikheid sou wees, onlosmaaklik gekoppel is aan hoe die werklikheid fundamenteel funksioneer. 'n Ontologiese posisie wat die fisiese as die fundamenteel werklike aspek van die werklikheid beskou, moet byvoorbeeld ook voorrang verleen aan oorsaaklikhede van 'n fisiese aard. Met ander woorde, fisiese oorsaaklikhede moet dan ook gesien word as die enigste werklike soort oorsaaklikheid. Ander nie-fisiese oorsake en gevolge (soos die ekonomiese) word dus tot blote epifenomene gereduseer. Dit mag dalk voor die hand liggend lyk, maar dit is belangrik om daarop te let dat daar 'n sterk verband is tussen 'wat is' en 'hoe is'.

Die verband tussen ontologie en ons begrip van oorsaaklikheid word meer volledig uitgeklaar deur Clouser (2005:78-82) en sal in die afdeling oor wetenskapsfilosofie verder ondersoek word.

3.4.2 Reduksionistiese wetenskapsfilosofie

'n Reduksionistiese wetenskapsfilosofie gaan in die meeste gevalle hand-aan-hand met 'n reduksionistiese ontologie. Wetenskapsfilosofie verwys in hierdie geval spesifiek na hoe wetenskaplikes verstaan hoe wetenskaplike teorieë ontwikkel en evalueer moet word.

'n Reduksionistiese wetenskapsfilosofie behels, vir die doeleindes van hierdie studie, 'n sekere begrip van wat wetenskap moet wees, en word geregleer deur 'n ontologiese vertrekpunt waarin een of ander aspek, of seleksie van aspekte, as die fundamentele basis van die werklikheid beskou word. 'n Wetenskaplike wat met so 'n reduksionistiese raamwerk opereer, sal teorieë in die lig daarvan verstaan, konstrueer en evalueer. 'n Fisikalistiese wetenskaplike sal byvoorbeeld teorieë wil ontwikkel wat verskynsels in terme van die fisika daarvan verklaar. 'n Fisikalis sal ook die wetenskaplike geldigheid of kwaliteit van die verklarings wil evalueer aan die hand van kriteria wat versoenbaar is met die breër idee van fisikalisme – soos hierbo aangetoon in die bespreking van die verskille tussen Einstein en Heisenberg. In hierdie sin

verwerp so 'n wetenskaplike miskien nie 'n teorie wat beweer dat 'n ander oorsaak as die fisiese moontlik is nie, maar klassifiseer so iemand eerder daardie teorie as minder wetenskaplik en minder waardevol. 'n Voorbeeld van so 'n geval sou Churchland se siening van sielkunde wees. Sy voer aan dat hoewel sielkunde uiteindelik tot fisika gereduseer kan word, sielkundige teorieë tog nuttig is, maar wel minder wetenskaplik aangesien ons gekortwiek word deur ons beperkte vermoë om die geheelbeeld van fisiese oorsaaklikheid in die brein te sien. Wetenskaplikes moet altyd daarna streef om hierdie onderliggende fisiese begrip te ontwikkel (Churchland, 1994).

Die effek van 'n reduksionistiese siening van die wetenskap kan, soos hierbo genoem, nog verder strek. Om wetenskap vanuit 'n reduksionistiese oogpunt te beskou, kan ook maklik lei tot onvanpaste beperkings op geldige wetenskaplike metodes. Dit kan in 'n absolute sin wees waarin slegs sekere metodes (byvoorbeeld empiriese eksperimentering) as hoegenaamd wetenskaplik beskou word, of in 'n hiërargiese sin waarin sekere velde en metodes as meer waardevol geag word. Hierdie soort beperking of onregverdigbare evaluering van wetenskaplike waarde dra daartoe by dat die spesifieke reduksionistiese siening verskans word. Deur byvoorbeeld slegs die kriteria en metodes van die fisiese wetenskappe uit te sonder of te waardeer, konstrueer die fisikus 'n bevooroordeelde netwerk van wetenskaplike feite wat weer as regverdiging vir fisikalisme dien.

Die verband tussen reduksionistiese wetenskaplike beskouings en reduksionistiese ontologiese raamwerke is ook selfversterkend. As die hele werklikheid fundamenteel deur een enkele aspek, soos die fisiese, gereguleer word, dan volg dit dat ons wetenskaplike verklarings uiteindelik ook in die terme van beginsels van fisika moet plaasvind. So 'n reduksionistiese kriterium vir geldige wetenskaplike ondersoek versterk dan die reduksionistiese ontologie deur die skepping van netwerke van feite en teorieë te reguleer, wat dan weer die idee van 'n reduksionistiese werklikheid blyk te bevestig.

Ons begrip van wat wetenskap is of behoort te wees, kan ook bepaal watter soort kennis ons as wetenskaplik beskou. Soos in die geval van die bogenoemde beperkings op wetenskaplike metodes, kan beperkings op die wetenskaplike kennis ewe problematies wees. As die aard van wetenskaplike kennis beperk word tot byvoorbeeld empiriese verifieerbare "feite", of oënskynlik-perfek voorspelbare wette, kan daar maklik in dieselfde selfversterkende vooroordeel, soos vroeër genoem, verval word.

'n Finale moontlike gevolg wat genoem moet word, is een wat die doel van die wetenskap self raak. 'n Ander algemene manier waarop kennis as wetenskaplik geëvalueer word, veral in die hedendaagse tyd, is dié van nut (Dewey, 2008). Wat is die bruikbaarheid van die kennis wat

verkry word? Kan dit op een of ander manier gebruik word om te voorspel wat nie voorheen voorspel kon word nie, of om te beheer wat voorheen nie beheer kon word nie? Hierdie pragmatiese benadering tot die wetenskap bevoordeel die toegepaste wetenskappe. Soos in die voorbeelde hierbo, kan hierdie soort epistemiese bevoordeling tot 'n selfversterkende vooroordeel lei.

3.4.3 Swak en sterk reduksionisme

Reduksionisme kom in twee hoofweergawes voor, naamlik swak of sterk reduksionisme. 'Swak' en 'sterk' verwys na die mate waarin die werklikheid as reduseerbaar beskou word. Swak reduksionistiese beskouings skeep die indruk dat die bestaan van die verskillende aspekte aanvaar word, maar slaag egter nie daarin om die betrokke aspekte se eiesoortigheid werklik te respekteer nie. Dit vind plaas wanneer daar geredeneer word dat een of meer aspekte afhanklik is van, veroorsaak word deur, of afgelei is van die ander aspek (of aspekte). 'n Sterk reduksionistiese benadering gee egter geensins bestaansreg aan die (volle) diversiteit van aspekte nie, omdat dit die bestaan van sekere aspekte heeltemal ontken of elimineer. Hierdie benadering gaan gewoonlik gepaard met die bewering dat die werklikheid uitsluitlik van die een of ander aspektuele aard is. Fisikalisme van die sterk reduksionistiese tipe kan byvoorbeeld beweer dat die werklikheid uitsluitlik fisies is. Fisikalisme van die swak reduksionistiese tipe kan byvoorbeeld beweer dat die fisiese aspek van die werklikheid die ander aspekte, wat tog bestaan, reguleer.

3.4.4 Kritiek op reduksionisme

In hierdie afdeling word Clouser se algemene kritiek op reduksionisme bespreek en ter illustrasie toegepas op die filosofie van Patricia Churchland. Die kritiek word ook ontwikkel aan die hand van die psigiater-filosof, Gerrit Glas, se werk.

3.4.4.1 Algemene kritiek op reduksionisme

Soos reeds genoem argumenteer Clouser in *The Myth of Religious Neutrality* (2005) teen reduksionisme as 'n strategie in die vorming van wetenskaplike teorieë. Hierdie kritiek is van toepassing op enige filosofiese raamwerk wat reduksionisties is, sowel as op enige reduksionistiese wetenskapsfilosofiese begrip. Volgens Clouser (2005:86) moet enige poging om 'n reduksionistiese beskouing van die werklikheid te ontwikkel, noodwendig self-uitvoerend onsamehangend wees, en is dit nie regverdigbaar as 'n geldige wetenskaplike- of filosofiese teorie nie.

Self-uitvoerende samehang is 'n maatstaf vir die beoordeling van teorieë. Hierdie kriterium vereis dat 'n teorie versoenbaar moet wees met "the conditions necessary for its own production" (Clouser, 2005:86). Clouser gebruik Descartes se bekende *Cogito ergo sum* argument as 'n voorbeeld van so 'n voorwaarde vir die daarstel van teorieë. In sy *Discourse on the Method of Reasoning* (deel IV) het Descartes 'n ankerpunt gesoek wat die effek van sy metodiese twyfel kon weerstaan:

But immediately upon this I observed that, whilst I thus wished to think that all was false, it was absolutely necessary that I, who thus thought, should be somewhat; and as I observed that this truth, I think, therefore I am (COGITO ERGO SUM), was so certain and of such evidence that no ground of doubt, however extravagant, could be alleged by the sceptics capable of shaking it, I concluded that I might, without scruple, accept it as the first principle of the philosophy of which I was in search.

Descartes het dit intuïtief³² herken dat sy eie bestaan 'n voorwaarde was vir die kognitiewe aktiwiteit wat betrokke was in sy poging om alles, insluitend sy eie bestaan, te betwyfel. Van die twee onderling uitsluitende aansprake wat hy oor sy eie bestaan sou kon maak, naamlik "Ek bestaan" en "Ek bestaan nie", kan die waarheid van eersgenoemde nie betwyfel word nie, en die laasgenoemde is ongetwyfeld vals. Die tweede opsie ("Ek bestaan nie") sou die gevolg hê van "Ek kan nie twyfel nie". Aangesien betwyfeling vereis dat "ek" (Descartes) wel bestaan, en aangesien hierdie "ek" daadwerklik die aksie van betwyfeling uitgevoer het, moet dit wees dat "ek" bestaan.

Sonder dat Descartes dit heeltemal besef het, het hy afgekom op 'n kriterium wat gebruik kan word om die samehang tussen die aanspraak van 'n teorie en die (meer as logiese) ontiese toestand buite die teorie te bepaal. Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat hierdie maatstaf nie meet of 'n teorie waar is nie, maar wel of dit geregverdig kan word om so 'n teorie te steun as 'n mens sou waarde heg aan die self-uitvoerende samehang daarvan.

Met inagneming van bogenoemde, voer Clouser aan dat enige reduksionistiese teorie van die werklikheid (ontologie) dus nie aan die kriterium van self-uitvoerende samehang voldoen nie. Clouser bied twee argumente aan ter ondersteuning van sy standpunt. In die eerste argumenteer Clouser (2005:192) dat denkers wat tot reduksionistiese gevolgtrekkings kom, dit dikwels doen omdat hulle nie die aard van abstraksie verstaan nie. Hierdie verskynsel is

³² Descartes het nie raakgesien dat hy wel een observasie gespaar het van skeptiese ondersoek nie. Hy stel "But immediately upon this I *observed* that, whilst I thus wished to think all was false..." Hy het toe voortgegaan en hierdie een waarneming gestel as kwansuis 'n "onbetwisbare" beginsel.

reeds in die vorige hoofstuk belig. Clouser meen dat denkers dikwels tot reduksionistiese gevolgtrekkings kom op grond van wat hulle beskou as die waargenome onafhanklike bestaan van sekere aspekte, sonder om te beseef dat hierdie persepsie van onafhanklikheid deur die denker geskep is in die aksie van abstraksie. As voorbeeld wys hy op Aristoteles wat 'n dualistiese antropologie gehad het waarin die siel onafhanklik van die liggaam bestaan. Aristoteles het waargeneem dat die liggaam ouer kan word, terwyl die siel skerp bly. Dit het hom tot die gevolgtrekking gebring dat die siel onafhanklik van die liggaam moet wees. Aristoteles het egter nie beseef dat hy net die funksies van die verstand (soos die verstaan van logika) van al die ander funksies van mense (soos ons biotiese, sensitiewe, historiese, sosiale, linguale, ens. funksies) geabstraheer het nie. Die kunsmatige voorkoms van die analitiese funksie wat 'n aparte bestaan in abstrakte denke het, is beskou as 'n aanduiding van die werklike onafhanklikheid daarvan. Aristoteles het gevolglik per abuis 'n geabstraheerde funksie in 'n entiteit ('rede') verander en onafhanklike bestaan daaraan toegeskryf. Clouser (2005) sluit af:

The point of this part of the critique is therefore simple: to abstract any aspect of experience and then take the resulting appearance of its separation as demonstrating its independent existence, is to make the mistake I earlier called self-performative incoherence. Since the abstraction and sharp distinction of the favoured aspect is a product of the thinker's activity, the thinker has no right to believe that the distinction in thought corresponds to its independence in existence.

In die tweede argument staan Clouser die legitimiteit van reduksionisme as verklarende metode teen deur die kognitiewe (mentale) ondenkbaarheid van totale reduksionisme aan te dui. Clouser voer aan dat ons nooit enige aspek van die werklikheid in volkome isolasie van die ander aspekte kan begryp nie. Hy argumenteer dat dit onmoontlik is om byvoorbeeld die fisiese te bedink sonder om op die logiese te steun. Hierdie gedagte eksperiment is redelik intuïtief as dit getoets word. Wanneer ons eienskappe van 'n sekere aspektuele soort (byvoorbeeld die fisiese) ondersoek, hou ons konseptualisering van hierdie eienskappe altyd verband met ander soorte eienskappe as die fisiese. Dit is byvoorbeeld nie moontlik om selfs 'n eenvoudige voorwerp soos 'n klip te bedink deur slegs op die fisiese aspek te konsentreer, en sonder om dit ook in terme van sy numeriese aspek te bedink nie. Ek kan nie die klip oorweeg sonder om te reken hoeveel klippe daar is nie. Om ons ervaring van die fisiese aspekte tot uitdrukking te bring of te verstaan, berus noodwendig ook op ander aspekte, soos die ruimtelike, kinematiese, logies-analitiese, ens.

Clouser kwalifiseer sy argument verder deur te sê dat hy daardeur nie reduksie weerlê nie, maar dat dit wel dui op die epistemologiese onregverdigbaarheid daarvan. Clouser (2005:193) sluit af:

Our point is rather that if you can't so much as frame the idea of independently existing X (where X is any aspect you please), then you can never *justify* the claim that X exists that way.

Clouser se analise en kritiek op reduksie en reduksionisme bied insigte oor waarom reduksionisme so algemeen voorkom in filosofie en wetenskap, en waarom reduksionisme nooit 'n volkome bevredigende verklaring van die werklikheid en ons ervaring daarvan sal kan lewer nie.

3.4.4.2 Glas se kritiek op Churchland se reduksionisme

Noudat reduksionisme in die algemeen bespreek is, en Churchland se filosofiese raamwerk en standpunt oor vrye-wil (reeds in hoofstuk 2) as reduksionisties geïdentifiseer is, kan in meer besonderhede ondersoek word hoe Churchland se reduksionisme spesifiek problematies is in die bespreking van vrye-wil.

Gerrit Glas kritiseer Churchland se reduksionistiese teorie van verstand/brein³³ (en by implikasie haar standpunt oor vrye-wil) deur idees uit die Reformatoriese filosofiese tradisie te put. Glas argumenteer teen Churchland se eliminerende materialisme en staan haar verdediging van reduksie as bloot 'n wetenskaplike epistemologie teen. Hy doen dit deur daarop te wys dat Churchland verkeerdelik wetenskaplike intravlak reduksie met holistiese intervlak reduksie verwar:

Many scientists, Churchland included, view the hierarchy³⁴ of levels as a constellation of structures which are ordered from macro- to micro-entities; they see it as a hierarchy of part-whole entities in which the parts at a certain level become wholes at the underlying level. According to this view there exists indeed a reductive relation between, roughly speaking, heat (as measured by a thermometer) and molecular motion; and between classical optics and the laws of thermodynamics. However, from another point of view, these are only intra-level reductions. For, the reductive explanations just mentioned remain explanations at

³³ Die oorspronklike Engels is "mind / body".

³⁴ Glas se gebruik van die term 'hiërargie', in samewerking met die terme 'inter-vlak' en 'intra-vlak' is demonstratief van Churchland se werklikheidsbeskouing en nie sy eie nie. Die Reformatoriese opvatting van modale aspekte is nie hiërargies van aard nie.

the level of physics; and the predictions that are based on these explanations, can be substantiated with the tools of physics (Glas, 2002:154).

Hier sluit Glas se argument aan by die breër nie-reduksionistiese benadering van Reformatoriese filosofie, waaraan ons reeds geraak het in Clouser se algemene kritiek op reduksionisme. Wat Glas hier stel, is dat legitieme reduksie iets is wat intra-aspektueel dikwels plaasvind, maar nooit inter-aspektueel kan gebeur nie. Die kleure van 'n skildery kan bv. in 'n epifenomenale sin gereduseer word tot die molekulêre struktuur van die verf, aangesien albei fisiese eienskappe (eienskappe in dieselfde aspek) het. Die skoonheid of betekenis van die skildery kan egter nie tot die molekulêre struktuur daarvan gereduseer word nie, aangesien die betekenis-modus³⁵ en estetiese, onderskeie en unieke aspekte is.

Glas rig hom ook teen 'n ander belangrike deel van die reduksionistiese posisie van Churchland, naamlik haar argument teen 'n intuïtiewe begrip van die werklikheid. Volgens Glas (2002: 151) voer Churchland aan dat ons intuïtiewe begrip van die werklikheid as bestaande uit verskillende aspekte, in stryd is met enige 'reduktiewe'³⁶ (en volgens haar korrekte) wetenskaplike poging. Glas betwis Churchland se standpunt deur die onderskeid te tref tussen reduksie en abstraksie. Hy voer voorts aan dat die begrip van wetenskaplike denke as hoë abstraksie, wetenskaplike ondersoek moontlik maak, en wel sonder dat reduksie in 'n nie-legitieme sin nodig is. Met verwysing na diegene wat 'n nie-reduksionistiese benadering volg, sê Glas (2002:154) dat:

Most of them will acknowledge that their position is compatible with the investigation of phenomena at a certain level with the conceptual and experimental tools from lower levels. They feel not coerced to ontological reductionism when they study visual perception with the tools of radiology, neurobiology and molecular biology.

Glas argumenteer dat Churchland se verwerping van die onderskeid tussen verskillende aspekte van ervaring, ten gunste van 'n reduksionistiese ontologie en wetenskapsfilosofie, gedryf word deur 'n valse gelykstelling van reduksie en abstraksie. Volgens Glas verwar Churchland die mentale abstraksie van eienskappe in soorte (aspekte), wat ons dan sistematiseer tot wetenskaplike kennis, met die ontologiese reduksie van 'n voorwerp tot een aspek van daardie voorwerp. Uiteindelik voer Glas aan dat Churchland se verwerping van 'n modaal diverse werklikheid gemotiveer word deur dieper voorwetenskaplike oortuigings. Dit

³⁵ In Engels is dit die "sign mode".

³⁶ In hierdie geval verwys die term na reduksie in 'n legitieme sin, wat Glas en Clouser eerder abstraksie sou noem.

beteken dat haar oortuigings ten opsigte van wetenskap, materialisme en determinisme funksioneer as vooronderstellings van 'n argument wat ten doel het om wetenskap, materialisme en determinisme te bewys. So 'n sirkulariteit skiet ver tekort van 'n bewys.

Met inagneming van bogenoemde blyk dit dus dat daar sterk argumente teen reduksionistiese ontologieë en reduksionisme as metode van ondersoek is. In die lig van die geldigheid van hierdie kritiek teen reduksionisme, sou dit ook redelik wees om tot die gevolgtrekking te kom dat reduksionisme 'n problematiese vertrekpunt is in die vorming van wetenskaplike begrippe van die werklikheid. Dit begin ook duidelik word hoe reduksionisme die bespreking oor vrye-wil kan beïnvloed.

3.5 Die wyse waarop wetenskapsfilosofie, ontologie, en reduksionisme gesprekke oor vrye-wil beïnvloed

Noudat ons fasette van die verband tussen wetenskapsfilosofie en ontologie, en ook die verband tussen wetenskapsfilosofie en wetenskaplike teorieë nagegaan het, kan ons fokus op hoe hierdie verskillende raamwerke die gesprekke aangaande vrye-wil beïnvloed. Die idee van 'n verbintenis tussen wetenskapsfilosofie, ontologie, en reduksionisme is in 'n sekere sin reeds deur die loop van hierdie projek oorweeg. Ek gaan dus nou poog om 'n sintese of gedeeltelike samevatting te bied van die meeste van die idees wat reeds bespreek is.

'n Sinvolle plek om te begin kyk na hoe die vrye-wil bespreking direk deur ontologieë en wetenskapsfilosofieë beïnvloed word, is om 'n ondersoek te loods na hoe 'n begrip van vrye-wil met 'n wetenskaplike entiteitsteorie vergelyk kan word. Daar is reeds begin kyk na hoe ontologieë en wetenskapsfilosofieë die ontwikkeling en evaluering van wetenskaplike teorieë kan beïnvloed. As daar aangetoon kan word dat die konsep van vrye-wil 'n entiteitsteorie is, sal die verband nog duideliker word.

Clouser (2005:72) beskryf 'n entiteitshipotese of entiteitsteorie (wat vakwetenskaplik of filosofies kan wees) as 'n teorie wat "...proposes some new reality as the solution to a question or puzzlement." Met ander woorde, 'n entiteitsteorie postuleer die bestaan van iets nuuts om 'n verskynsel te verklaar of om 'n teregende vraag te beantwoord. Vrae ten opsigte van swaartekrag bied 'n goeie voorbeeld. Ons ervaar nie swaartekrag as sodanig nie, maar ons ervaar dinge wat val en die sensasie van gewigtheid, ens. Dit is die reëlmatigheid of patroon van sulke ervarings wat vir ons dui op die bestaan van 'n standhoudende entiteit as 'n verklaring van daardie reëlmatigheid. Ten einde hierdie ervarings te verduidelik, word die entiteit genaamd swaartekrag daargestel.

Dieselfde kan van vrye-wil gesê word. Ons beskik oor die intuïtiewe gevoel dat ons soms vryelik keuses kan maak, in teenstelling met die feit dat ons wel soms deur omstandighede gedwing word tot die keuses wat ons maak. Hiermee saam het ons intuïties van morele verantwoordelikheid wat, so kan aangevoer word, voortvloei uit 'n bewustheid van moraliteit. Dit wil voorkom asof besprekings van vrye-wil 'n soortgelyke patroon wil volg as die van swaartekrag, waar daar sekere vrae en reëls is oor hoe die vraag as sodanig beantwoord moet word. Om dit te doen, word 'n entiteit (in hierdie geval: vrye-wil) gepostuleer en word die kenmerke van hierdie entiteit bespreek deur byvoorbeeld te vra of dit 'n werklike ding is of bloot menslike illusie? En as dit 'n ware ding is, hoe presies moet dit verstaan word?

Die vrye-wil debat loop oor van teorieë wat die een of ander opvatting van vrye-wil voorstel as verklarende entiteit. Teorieë soos hierdie blyk nie vrygestel te wees van die soort implikasies van reduksionistiese sienings in ontologiese teorieë en in die wetenskapsfilosofie nie. Die bespreking wat nou hieronder volg, is daarop gemik om hierdie argument te staaf.

3.5.1 Fisikalisme as spesifieke gevallestudie

Oorweeg fisikalisme as voorbeeld. Fisikaliste beskou die werklikheid as fundamenteel gekonstitueer deur die fisiese aspek, en glo ook dat wetenskaplike teorieë uiteindelik verduidelikings moet wees van fisiese dinge wat in ooreenstemming met die wette van fisika optree. As fisici die kwessie van vrye-wil sou aanpak in hulle hoedanigheid as fisikaliste, sal hulle moet aanvaar dat vrye-wil die reëls van fisiese oorsaaklikheid moet nakom. Dit maak 'n sinvolle begrip van vrye-wil as meer as 'n illusie onmoontlik.

3.5.2 Voorbeelde van meer subtiele gevalle

Suiwer fisikaliste is redelik dun gesaai in filosofiese kringe, en dikwels het vrye-wil filosowe meer genuanseerde en ingewikkelde ontologieë wat wissel van dualisme tot panpsigisme. In gevalle soos hierdie word die voorbeeld van hoe Einstein en Heisenberg verskil het (en wat hierbo in detail bespreek is) baie belangrik. Die rede waarom selfs genuanseerde denkers sukkel om sin van vrye-wil te maak, of om dit te probeer reduceer, word duideliker as ons kyk na die subtiele maniere waarop hulle begrip van oorsaaklikheid en verklaring beïnvloed kan word deur hul voorwetenskaplike of filosofiese vertrekpunte. Soos vroeër aangetoon is, het Einstein en Heisenberg se onderskeie ontologieë daartoe gelei dat hulle verskillende standpunte inneem ten opsigte van oorsaaklikheid en waarskynlikheidsverklarings³⁷. Oorweeg Cartesiese dualisme as 'n volgende voorbeeld.

³⁷ In Engels is dit algemeen bekend as "probabilistic explanations".

In Cartesiaanse dualisme word vrye-wil gesien as iets wat fundamenteel nie-fisies is, maar wat op die een of ander manier die fisiese wêreld kan beïnvloed (Hoffman, 1986:342-343); die Spook-in-die-masjien hipotese. Vanuit 'n Cartesiese perspektief is hierdie gedagte 'n nodige en geldige verklaring. Descartes het geglo dat die wêreld op 'n meganistiese wyse bestaan en funksioneer (Descartes, 2014:38-41) en dat hierdie 'n nodige voorwaarde is vir die rasonale verstaanbaarheid daarvan (realiteit) in logiese en wiskundige terme. As verskynsels sonder oorsaak of rede kan gebeur, sou dit 'n vraag wees hoe die rede sulke verskynsels kan verklaar? Hy het ook besef dat as 'n mens hierdie meganistiese werklikheidsbeskouing sou uitbrei na wat dit beteken om mens te wees, dit tot verskeie ernstige probleme sou lei. Ten einde die mens se rasionaliteit, morele verantwoordelikheid, vrye-wil, ensovoorts te beskerm, het Descartes (2014:38-41) geargumenteer dat die siel ingryp in 'n andersins gedetermineerde werklikheid, maar nie self onderhewig is aan die meganistiese reëls van daardie werklikheid nie. Die mens se vrye-wil, morele verantwoordelikheid ensovoorts, word dus so toegelaat in 'n andersins meganistiese (deterministiese) realiteit.

Die fout wat Descartes gemaak het, soos gesien vanuit 'n nie-reduksionistiese of Reformatoriese oogpunt, is om aan te neem dat sekere aspekte meer werklik is as ander, en ook om op 'n reduksionistiese wyse om te gaan met wat hy beskou het as geldige modes van inferensie en verklaring. Descartes het aangeneem dat die verklaringstyl wat in klassieke logika en meetkunde gevind word, die enigste is wat wetenskaplik op die werklikheid toegepas kan word. Op hierdie wyse het hy gesuggereer dat enige verklaring van die natuur in terme van noodwendige oorsake moet wees. In 'n demonstrasie van sy dubbele voorwetenskaplike verbintenisse, is hy gedwing om aan die idee van 'n werklikheidsfeer wat nie onderhewig is aan natuurwette nie, vas te hou toe hy die onversoenbaarheid van 'n meganistiese verklaringswyse met menslike agentskap besef. Met inagneming van ons vorige voorbeelde, kan ons nou ook sien waarom Cartesiese dualisme (maar ook dualisme in die breër sin) sukkel om vrye-wil met die "natuurlike" wêreld in verband te bring. Die reduksionistiese begrip van oorsaaklikheid in die natuur as 'n reeks van noodwendige oorsake, sluit inherent die funksie van vrye-wil as 'n nie-noodwendige oorsaak van gevolge uit.

3.5.3 Die algemeen geldende argument

Nou dat 'n paar spesifieke voorbeelde ondersoek is, kan 'n meer algemene argument geformuleer word. Enige filosofiese sisteem wat 'n reduksionistiese perspektief as uitgangspunt neem, hetsy ontologies of in die wetenskapsfilosofie, sal noodwendig sukkel om die probleem van die vrye-wil sinvol te behandel. Dit is omdat die aanname dat enige spesifieke aspek (of onvolledige stel aspekte) van die werklikheid die fundamentele bousteen van die werklikheid is, noodwendig tot die gepaardgaande oorbeklemtoning van daardie tipe

oorsaaklikheidsanalise lei. Hierdie resultaat gee weer aanleiding tot óf 'n deterministiese beskouing van die werklikheid, wat in stryd met die voorwaardes vir die bestaan van vrye-wil in die libertariese sin is, óf tot 'n siening van die werklikheid wat oor geen konsekwente manier beskik om die verband tussen vrye-wil, oorsaak en gevolg te verreken nie.

3.6 Die rede waarom sekere filosofiese raamwerke reduksionisties is, en of dit vermybaar is

In die vorige afdeling is aandag gegee aan die verband tussen teorievorming en filosofiese raamwerke. Die idee dat voorwetenskaplike aannames 'n belangrike rol in filosofiese stelsels speel, is ook aangeraak. Aandag is geskenk aan die problematiek verbonde aan reduksionisme en die wyses waarop verskillende vorms van reduksionistiese denke 'n samehangende en sinvolle begrip van die vrye-wil kan beperk of ondermyn. Die volgende vraag waaraan aandag gegee moet word, is of reduksionistiese denke hoegenaamd vermy kan word. Met die oog hierop moet daar eers van naderby gekyk word na waarom sekere filosofiese raamwerke reduksionisties is. Vervolgens sal die vraag of reduksionisme onvermydelik is, ondersoek word. In hierdie bespreking sal dit ook duideliker word hoe spesifieke voorwetenskaplike oortuigings 'n rol speel in die vorming van filosofiese raamwerke, en sodoende ook in ander wetenskaplike teorieë.

3.6.1 Die onvermydelikheid van voorwetenskaplike oortuigings in ontologieë en spesiale wetenskaplike teorieë

Die invloed van voorwetenskaplike idees oor wat wetenskap behels, is 'n bekende tema in die wetenskapsfilosofie. Thomas Kuhn (1961) het in sy baanbrekerswerk voorgestel dat so 'n verband bestaan en dat voorwetenskaplike idees die wyse waarop wetenskaplike kennis gevorm word, beduidend beïnvloed. Sedertdien, ook voor Kuhn, is die rol van voorwetenskaplike oortuigings 'n aktiewe gesprek onder filosowe. Die verdere vraag na die manier en die mate waartoe wetenskaplike teorieë beïnvloed word deur voorwetenskaplike idees (insluitend idees oor wat die wetenskap self is), is 'n prominente en uiters komplekse probleem in wetenskapsfilosofie.

Die idee dat voorwetenskaplike oortuigings belangrike vertrekpunte vorm in die skepping van filosofiese en vakwetenskaplike teorieë is, alhoewel nie eksklusief tot Reformatoriese filosofie nie, sentraal in Reformatoriese denke. Dit is vervolgens ook die perspektief van waaruit die hoofargument van hierdie projek ontwikkel word. Daarom sal ek die rol van voorwetenskaplike oortuigings in ontologieë en vakwetenskaplike teorieë uiteensit deur na die argumente van Reformatoriese denkers te kyk.

Herman Dooyeweerd, wat sekerlik beskou moet word as een van die grondleggers van hedendaagse Reformatoriese filosofie, het aangevoer dat alle wetenskaplike teorieë ten diepste religieus gereguleer word. Dit is aan die hand van hierdie idee van religieuse beheersing dat die Reformatoriese argument vir waarom wetenskaplike teorieë en filosofiese raamwerke dikwels reduksionisties is, duidelik word.

Dooyeweerd het die opvatting dat menslike rasionele aktiwiteite, spesifiek in die wetenskap en filosofie, onafhanklik of selfstandig is, verwerp. In plaas daarvan het Dooyeweerd (2012:4) aangevoer dat die aktiwiteit van rasionele, of eerder *teoretiese*, denke 'n soort supra-rationele voorveronderstelling, of stel voorveronderstellings, benodig. Een van sy kernargumente (Dooyeweerd, 1948:16-18) om hierdie uitgangspunt te begrond, of om ten minste die geldigheid van die vraag wat hierdie bewering wil beantwoord te motiveer, is soos volg: As rasionele denke, soos beoefen in die filosofie en in die vakwetenskappe, 'n outonome aktiwiteit was wat nie deur supra-rationele vooronderstellings geraak word nie, waarom vind ons dan so maklik sulke ernstige meningsverskille in die filosofie en vakwetenskappe? Ons kan selfs bewyse sien van hoe ingrypend en algemeen sulke meningsverskille kan wees in gevalle waar gerekende wetenskaplikes nie net verskil oor die besonderhede nie, maar ook oor die grondbeginsels. Hierdie meningsverskille kan van so 'n diepgaande aard wees dat wetenskaplikes binne dieselfde veld en met dieselfde "data", mekaar vanuit wedersyds uitsluitende raamwerke teoretiseer.

Roy Clouser, soos hierbo bespreek, bou voort op Dooyeweerd se redenasie en bied 'n omvattende beskrywing van die maniere waarop wetenskap deur voorwetenskaplike idees beïnvloed word. Ons het sy beskrywing reeds begin ondersoek in die besprekings hierbo oor reduksionistiese wetenskap en die rolle van voorwetenskaplike vooronderstellings in die wetenskap.

Daar is ook reeds vermeld hoe reduksionistiese vertrekpunte filosofiese en vakwetenskaplike teorieë kan beperk. Voorgenoemde bespreking het egter ondersoek ingestel na *hoe* teorieë beïnvloed, gelei en beperk kan word, en nie na óf dit *noodwendig* die geval is nie. Dooyeweerd het self erken dat 'historiese' voorbeelde soos hierbo genoem, sowel as sy eie ontleding van die geskiedenis van die Westerse denke in terme van fundamenteel teenstrydige ideale (wat hy 'grondmotiewe' noem), nie die vraag van noodwendigheid beantwoord nie. Volgens Dooyeweerd (2012:5):

Much rather, the question at issue is whether this autonomy is required by the inner nature of thought, and thus is implied in this nature as an intrinsic possibility.

This question can only be answered by a transcendental criticism of the theoretical attitude of thought as such.

Om hierdie vraag te beantwoord, het Dooyeweerd begin met 'n ondersoek na die aard van die teoretiese denke, en na 'n saak waarna hy verwys het as die “teoretiese denkhouding”. Dooyeweerd (2012:7) het aangevoer dat teoretiese denke 'n antitetiese struktuur vertoon waarin die logiese aspek van menslike denke ingeopponeer word met die nie-logiese aspekte van ons tydelike ervaring. Vervolgens stel hy ook: “To comprehend this antithetical relation it is necessary to consider that our theoretical thought is bound to the temporal horizon of human experience and moves within this horizon.” Hier verwys Dooyeweerd na die aspekte van menslike ervaring (wat reeds hierbo bespreek is) en voer hy aan dat teoretiese denke beperk is tot hierdie orde van aspektuele ervaring wat boonop in tyd gebind is. Die “orde van tyd” speel 'n sleutelrol in die denke van Dooyeweerd oor die aspekte van ervaring en hoe dit verband hou met die teoretiese denke. Dooyeweerd (2012:8) het die rol wat die “orde van tyd” in hierdie verband speel, kortliks beskryf:

This whole diversity of modal aspects of our experience makes sense only within the order of time. It refers to a supra-temporal, central unity and fulness of meaning in our experiential world, which is refracted in the order of time into a rich diversity of modi, or modalities of meaning, just as sunlight is refracted by a prism in a rich diversity of colors (sic).

Hier word dit ook duideliker hoe, volgens Dooyeweerd, 'n betrokke denker se idee van die fundamentele aard van temporele realiteit daardie denker se wetenskaplike teorieë kan beïnvloed.

Dooyeweerd (2012:8) argumenteer verder dat ons in teoretiese denke poog om die logiese aspek van ons denke *teenoor* die ander aspekte van ervaring te stel om sodoende 'n analitiese insig in laasgenoemde (nie-logiese aspekte) te verkry. Hierdie opposisie van die logiese teenoor die nie-logiese noem Dooyeweerd 'n "Gegendstand" verhouding. So 'n teoretiserende denker word egter gekonfronteer met vrae oor die aard van hierdie verskillende aspekte self en hoe hulle met mekaar saamhang. Vrae oor byvoorbeeld wat die fisiese as sodanig *is* en wat die verband tussen byvoorbeeld die fisiese en die estetiese *is*.

Hy voeg ook by dat hierdie aspekte die vakwetenskaplike vakgebiede afbaken. Die bestudering van hierdie soort probleme is egter nie moontlik binne die vakwetenskappe self nie, aangesien dit juis deel vorm van die voorveronderstellings van waaruit die vakwetenskappe werk. Vakwetenskappe, het Dooyeweerd (2012) aangevoer, vestig hulle

aandag nie op die innerlike aard en struktuur van hierdie modale aspekte as sodanig nie, maar eerder op die veranderlike verskynsels wat op 'n spesiale manier daarin funksioneer. Volgens Dooyeweerd kan hierdie basiese probleme slegs deur filosofie aangespreek word, omdat dit verstaan moet word binne die konteks van die samehang van die hele temporele orde van modale aspekte. Ons filosofiese begrip van hierdie modaliteite of aspekte van ervaring, en hoe dit verband hou met mekaar, en onderskei word van mekaar, is ook nie outonoom nie. Die afhanklikheid van filosofiese denke op iets buite sigself word reeds gedeeltelik getoon deur 'n ander stel kwessies wat volgens Dooyeweerd nog meer fundamenteel van aard is en wat ter sprake kom wanneer ons die vrae van modale ervaring (soos pas bespreek) wil beantwoord.

Dooyeweerd se eie analise van hoe mense die wêreld om hulle ontleed, staan nie bo wesenlike kritiek nie. Strauss (2009:361-367) voer aan dat alhoewel daar waarheid is in die resultaat van Dooyeweerd se analise van die teoretiese denkhouding, die ontleding self problematies is. Strauss stel voor dat die karakterisering van die teoretiese denke as 'n antitetiese opposisie van die logiese aspek teenoor die nie-logiese uiteindelik inkonsekwent is. Strauss is van mening dat Dooyeweerd se begrip van teoretiese denke gedeeltelik gebaseer is op 'n valse Neo-Kantiaanse karakterisering van wat analise is. Strauss (2009:361-367) se kritiek van hierdie sogenaamde "Gegenstandverhouding", blyk na my mening geldig te wees. Strauss wys daarop dat daar geen abstraksies van die verskillende aspekte kan plaasvind sonder 'n voorafgaande begrip van die geheel³⁸ nie. Hierdie opvatting van die geheel is op sigself reeds al 'n sintese. Volgens Strauss, kan modale sintese dus nie iets wees wat eers plaasvind nadat abstraksie en die daarstelling van 'n vermeende antitetiese verband reeds plaasgevind het nie.

Strauss is wel nog steeds van mening dat wetenskaplike teorieë noodwendig gereguleer en gelei word deur voorwetenskaplike oortuigings, en maak dus min of meer dieselfde aanspraak as Dooyeweerd. Strauss volg egter 'n ander weg in die substantivering daarvan. Dooyeweerd het geglo dat ons 'supra-teoretiese' verbintenisse ter sprake kom wanneer ons probeer om dit wat deur ons uitmekaar gehaal word, te 'sintetiseer'. As Strauss se kritiek op Dooyeweerd se analise geldig is, dan is die Gegenstand benadering nie meer haalbaar nie. Om hierdie rede gaan ons vervolgens na 'n meer onlangse benadering kyk wat hierdie kritiek vermy deur die "Gegenstand" -kwessie in geheel te omseil.

³⁸ Met 'geheel' word daar verwys na enige gegewe entiteit in die totaliteit van al die betrokke entiteit se aspektuele eienskappe.

Clouser se argument vir waarom wetenskaplike teorieë noodwendig deur voorwetenskaplike oortuigings gereguleer en gelei word, vermy die probleme wat Strauss by Dooyeweerd uitwys. Clouser (2005:186-192) steun op verskeie soortgelyke argumente as dié teen die epistemiese legitimiteit van reduksie, wat ons vroeër bespreek het. Clouser (2005:188) begin deur die volgende vraag te stel: “What makes it possible (and actual) for properties of different aspectual kinds to be connected in the way we find them to be in our experience, or postulate them to be in our theories?” Clouser voer aan dat hierdie die basiese vraag is wat in alle wetenskaplike teorieë, eksplisiet of implisiet, in ag geneem moet word. Hy wys daarop dat alhoewel ons dikwels in wetenskaplike denke abstrakte eienskappe en wette afsonderlik van spesifieke voorwerpe of entiteite beskou, ons nooit aspekte heeltemal van mekaar kan isoleer nie.³⁹ Om hierdie stelling te begrond verwys Clouser weereens na die denk-eksperiment waarin gevra word om ’n aspek, soos die fisiese, volledig in isolasie van alle ander te probeer voorstel. Die resultaat is dat niemand dit nie kan regkry nie. Dit is eenvoudig nie moontlik om byvoorbeeld die fisiese aspek vir ’n mens self voor te stel sonder om op ander aspekte soos die sensoriese, ruimtelike en die numeriese te steun of daarvan gebruik te maak nie.

Op grond van hierdie gedagte eksperiment voer Clouser aan dat iets ook afgelei kan word oor die ontologiese afhanklikheid van hierdie aspekte: “For if the aspects are unthinkable apart from their existence on (sic) that connectedness, then so far as we know, they depend for their existence on that connectedness” (Clouser, 2005: 190). Omdat wetenskaplike denke aspekte vanaf entiteite abstraheer, maar nie die aspekte werklik in algehele isolasie kan plaas nie, word wetenskaplikes altyd gedwing om die vraag te beantwoord oor hoe hierdie aspekte in ons ervaring van die temporele werklikheid as geheel, met mekaar verband hou. Die onmiskenbare feit van die aspektuele samehang van aspektuele eienskappe, volgens Clouser, bring onvermydelik die vraag na vore na die spesifieke aard van daardie inter-aspektuele samehang. As ’n aspek beskou word as die een wat al die ander verbind, word ’n ontiese primaat aan daardie aspek toegeken en word dit by implikasie geag as die een waarvan die ander aspekte afhanklik is. Die aspek word dan verabsoluteer en die ander word daartoe gereduseer⁴⁰.

Volgens Clouser, Strauss, Dooyeweerd en ander Reformatoriese denkers kan reduksionisme nooit werklik wetenskaplik geregverdig word nie. Volgens Dooyeweerd is dit die keuse om

³⁹ ’n Standpunt wat Dooyeweerd ook aanvaar het, maar tog volgens Strauss in stryd is met Dooyeweerd se siening dat die struktuur van teoretiese denke ’n antitetiese teenoormekaarstelling van aspekte behels. Die aspekte verkeer immers in ’n onverbreekbare samehang.

⁴⁰ Vir ’n meer volledige weergawe van hierdie argument sien “*The Myth of Religious Neutrality*”, Hoofstuk 10 (Clouser, 2005). Hy bespreek ook verskeie moontlike besware teen die geldigheid en toepassing van hierdie argument.

sekere aspekte van die werklikheid te verabsoluteer in die afwesigheid van 'n teoretiese regverdiging daarvan, wat die rol van sogenaamde “supra-teoretiese” motiewe in teoretiese / wetenskaplike denke openbaar.

3.6.2 Is die Reformatoriese kritiek op outonome rede selfvernietigend?

Met inagneming van bogenoemde, kan ons duideliker begin sien hoe besprekings oor vryewil beïnvloed en beperk kan word deur die filosofiese, sowel as nie-filosofiese vertrekpunte waarbinne dit plaasvind. Ons staan egter voor 'n verdere vraag: as die idee van die outonomie van rede en die wetenskap verwerp word soos wat die Reformatoriese filosofie voorstel, is 'n alternatiewe benadering hoegenaamd moontlik? Daar is verskillende vrae wat kan ontstaan in verband met Dooyeweerd, Clouser en ander se argument teen die outonomie van die rede.

Een moontlike beswaar is, wat Clouser hierbo self-uitvoerende onsamehangendheid noem. Die vraag waarmee ons hier te make het, is bekend in filosofiese benaderings waarin die vermoëns van die rede beperk word: Is so 'n redenasie waarin menslike rasionaliteit daarvan verdink word daarvan dat dit deur bo-rasionele motiewe gelei word, nie maar self ook die produk van so 'n supra-rasionele motief nie? Hierdie kwessie kan ook aanleiding gee tot die probleem van inkommensurabiliteit. Die probleem van inkommensurabiliteit is ter sprake indien elke persoon se denke op so 'n wyse deur bo-rasionele faktore gelei word, dat 'n gemeenskaplike grondslag vir gesonde dialoog ontbreek.

Een moontlike antwoord op die beswaar van self-uitvoerende onsamehangendheid is te vinde in die werk van Clouser (2005:122-127). Hier bespreek Clouser die aard en funksie van voorveronderstellings, en stel dat voorveronderstellings, spesifiek voorveronderstellings wat betref die ware aard van die werklikheid, “...do not entail exactly which specific hypotheses a thinker must hold.” Volgens Clouser is dit eerder die geval dat hierdie voorveronderstellings teorieë onderbepaal. Hiermee bedoel hy dat hoewel voorwetenskaplike voorveronderstellings teorieë beslis op 'n beduidende manier rig en beperk, dit nie die teorieë volledig bepaal nie. Verdere insig in hierdie antwoord word verkry as ons die bogenoemde probleem van inkommensurabiliteit ook aanspreek.

As vooronderstellings nie sienings volledig bepaal nie, is daar miskien ruimte vir dialoog tussen denkers. Die vraag bly egter steeds wat hierdie algemene grondslag wat ons in staat stel om teenstellende idees op 'n redelike manier te bespreek en daaroor te debatteer is? Hierdie vraag is dan ook een van die basiese vrae van epistemologie en wetenskapsfilosofie. Coletto (2007:140) voer aan dat gemeenskaplike grond gevind moet word in 'n geordende

werklikheid waarin ons gesamentlike leef. Hierdie werklikheid, hou Coletto vol, moet 'n herkenbare struktuur hê wat ons almal ervaar. Hy sê (ibid):

Comparison and dialogue are therefore possible not because of the existence of a neutral language, or because scholars can enter a neutral position outside their paradigms, or because the paradigms are all the same, but because presuppositions are not decisive in a final sense and we live in a common (though not neutral) world. In the long run, the real world resists our reductions and distortions.

Die gedagte dat teorieë oor die wêreld gelei word deur vooronderstellings, maar ook beperk word deur die struktuur van die werklikheid self, kan ook gesien word in die idee van antinomieë. Antinomie, soos bespreek deur Strauss (2009:264), verwys (vir sover as wat dit hier ter sake is), na die onvermydelike probleme wat voorkom met verklarings wat vanuit 'n reduksionistiese filosofiese raamwerk aangebied word. Volgens Strauss manifesteer antinomieë dikwels in sogenaamde paradokse. Hier verwys hy byvoorbeeld na Zeno se sogenaamde bewegingsparadoks. Die werklike probleem ontstaan egter nie in die eerste plek in 'n intra-modale botsing nie (bv. 'n blote logiese teenstrydigheid), maar eerder in 'n inter-modale botsing. Hierdie inter-modale botsing tussen wette van verskillende modaliteite vind plaas wanneer 'n mens die onherleibare kern van een aspek van die werklikheid deur middel van 'n ander probeer verklaar. Hierdie antinomie is die resultaat van 'n filosofiese raamwerk wat nie strook met die werklikheid nie. Pogings soos hierdie misluk noodwendig. 'n Belangrike kenmerk van hierdie antinomieë is vervolgens dat dit ook na vore kom as logiese teenstrydighede. Aangesien logiese kontradiksies spannings binne die logies-analitiese sfeer behels, is hulle intra-modaal. Hierdie antinomieë kan gevolglik wel in logies-analitiese terme herken word, wat ook die bespreking daarvan tussen verskillende denkers makliker, of minstens moontlik, maak.

Dit is dus in die lig van bogenoemde duidelik dat die Reformatoriese idee van voorwetenskaplike oortuigings en die funksie wat dit in wetenskaplike denke verrig, swig nie voor self-uitvoerende onsamehangendheid en inkommensurabiliteit nie. Vooronderstellings beperk en lei wetenskaplike denke sonder die algehele determinering daarvan. Hiermee saam maak 'n gestruktureerde gemeenskaplike werklikheid voorsiening vir kommunikasie tussen verskillende filosofiese raamwerke.

Daar is verdere vrae rakende hierdie onderwerp. Byvoorbeeld: as antinomieë binne hul onderskeie filosofiese stelsels immanent waarneembaar is, waarom kan 'n "ware" filosofiese raamwerk nie bereik word deur 'n proses van iteratiewe eliminatie nie? Dit sou kon aangevoer

word dat die geldigheid van so 'n proses van iteratiewe eliminasië die funksie van voorveronderstellings miskien kon negeer. Alhoewel ek van mening is dat hierdie en ander besware van soortgelyke aard aangespreek kan word, sal dit ons buite die bestek van hierdie projek neem.

3.7 Samevatting: 'n tree na 'n beter benadering

Nadat ons verskeie kwessies in die bespreking oor vrye-wil ondersoek het en gekyk het na die oorsprong van hierdie kwessies, kan ons in die volgende hoofstuk begin kyk na 'n alternatiewe benadering tot die bespreking oor vrye-wil wat hierdie kwessies kan verbeter of heeltemal vermy. Ons het bespreek hoe reduksionistiese sienings van wetenskap en filosofie probleme veroorsaak in die vrye-wil gesprek. Ons het ook gekyk na hoe reduksionisme tot stand kom, naamlik as gevolg van supra-teoretiese verbintenisse, en deur die grondslag van die werklikheid en rasionaliteit in iets binne die orde van die temporele werklikheid te soek. Met inagneming van bogenoemde, voer ek aan dat 'n benadering wat reduksionisme vermy en wat die rol van supra-teoretiese verbintenisse in teorieë erken, 'n belowende alternatief kan wees.

HOOFSTUK 4: 'n NIE-REDUKSIONISTIESE ALTERNATIEWE BENADERING TOT VRYE-WIL

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstukke is daar aandag gegee aan sekere kern-kwessies aangaande vrye-wil. Vanuit hierdie ondersoek het dit duidelik geword dat daar 'n behoefte is aan 'n alternatiewe benadering. Hierdie benadering, wat reduksionisme moet vermy en wat die impak van voorwetenskaplike oortuigings moet verreken, moet verkieslik ook in staat wees om die ander indringende probleme en tekortkominge wat uitgewys is, te kan ontkom. Behalwe vir hierdie behoefte het dit ook duidelik begin word dat die verwydering van struikelblokke alleen nie genoegsaam sal wees nie. Bevryding van determinisme en struktuurloosheid is nie as sodanig vryheid nie. Net soos vrye-wil nie ten diepste sinvol verstaan kan word binne die perke van 'n deterministiese realiteitsorde nie, kan dit ook nie verstaan word te midde van die afwesigheid van orde nie. 'n Alternatiewe benadering tot vrye-wil moet verkieslik juis 'n soort ordelikheid of struktuur bied waarbinne vryheid, en nie net lukraakheid nie, moontlik is.

Soos reeds aangedui bied die Reformatoriese tradisie die moontlikheid vir so 'n alternatiewe benadering. Die vorige hoofstukke bied alreeds die breë kontoere van hierdie tradisie in sover as wat dit relevant is vir hierdie projek – veral wat betref abstraksie, reduksionisme, aspekte, en die sogenaamde outonomie van rede in wetenskap. In hierdie hoofstuk sal 'n verdere uiteensetting van hierdie tradisie gegee word met die doel om dit as vertrekpunt te gebruik in 'n verrekening van die vrye-wil probleem. Hierdie is nie 'n poging om die vrye-wil problematiek *volledig* aan te spreek nie, maar om minstens die kontoere van so 'n verrekening te skets. Die hoofstuk sal afsluit deur die reformatoriese antwoord op die vrye-wil vraagstuk te evalueer in die lig van die kern-kwessies wat uitgewys is in vroeëre hoofstukke.

4.2 Kern-elemente van Reformatoriese filosofie

Ten einde Reformatoriese filosofie as blik op vrye-wil te gebruik, moet daar eers 'n verdere uiteensetting van hierdie filosofie gegee word. In hierdie afdeling sal gevolglik sekere elemente wat reeds bespreek is, saamgevat word, en daar sal ook ander elemente na vore gebring word wat nog nie in vorige hoofstukke behandel is nie.

Eerstens sal die idee van Reformatoriese filosofie as 'n nie-reduksionistiese benadering tot die (temporele) werklikheid uiteengesit word, waarna 'n nie-reduksionistiese wetenskapsbeskouing ook bekyk sal word. Hierop sal daar laastens na 'n nie-reduksionistiese antropologie, of mens-beskouing gekyk word.

Wat hier volg is dus geensins 'n volledige uiteensetting van Reformatoriese filosofie nie, maar eerder 'n meer volledige uiteensetting as wat in die vorige hoofstukke hanteer is. Vir 'n breedvoerige uiteensetting van Reformatoriese filosofie en die geskiedenis daarvan, kan gekyk word na Strauss (2009), Troost (2012), Clouser (2005), of Van der Walt (2014).

In hierdie uiteensetting en bespreking sal staatgemaak word op die werk van verskeie gevestigde Reformatoriese denkers, onder andere Clouser, Strauss, Vollenhoven, Dooyeweerd, Troost, Kok, en ander. Hoewel daar, soos te wagte behoort te wees, noemenswaardige nuanse verskille⁴¹ tussen hierdie (en ander) Reformatoriese filosowe is, stem die karakter van hulle filosofie ooreen. Waar noemenswaardige standpuntverskille tussen skrywers is, sal dit vermeld word.

4.2.1 'n Nie-reduksionistiese benadering tot die werklikheid

4.2.1.1 Ons ervaring van die werklikheid

Alhoewel daar reeds aan hierdie onderwerp in vroeër hoofstukke geraak is, sal sekere elemente ter wille van herinnering en verheldering uitgebrei word.

Vanaf hierdie punt sal “Reformatoriese filosofie” en “nie-reduksionistiese filosofie” hoofsaaklik as wissel terme gebruik word. Hiermee word egter nie gesuggereer dat slegs 'n Reformatoriese filosofie, nie-reduksionisties kan wees nie.

In ons daaglikse belewenis van die wêreld om ons, ervaar ons as mense 'n klaarblyklike diversiteit van dinge en die wyses waarop hulle bestaan. Wanneer ons byvoorbeeld 'n boom ervaar, neem ons waar dat die boom verskillende eienskappe het. Die boom is groot of klein, vol blare of kaal, mooi of lelik, ens. Waar 'n reduksionistiese denker na so 'n boom sou kyk en argumenteer dat hierdie “skynbaar” diverse eienskappe herlei sou kon word tot mekaar of tot net een soort eienskap (byvoorbeeld die fisiese aard van die boom), sal die nie-reduksionistiese denker hierdie denkpatroon probeer vermy. Vanuit 'n Reformatoriese oogpunt word die klaarblyklike diversiteit van realiteit nie ontken nie, maar eerder erken.

Wanneer daar gekyk word na die diverse eienskappe wat ons in die wêreld om ons ervaar, word dit ook duidelik dat hierdie eienskappe iets gemeenskapliks het. Sekere soorte eienskappe blyk om by mekaar te hoort, of blyk of om lede van 'n bepaalde klas te wees. Hierdie verskillende soorte of klasse of kategorieë van eienskappe transendeer die besondere iterasies van hoe daardie eienskappe in spesifieke gevalle manifesteer. 'n Huis toon sekere soorte eienskappe, en so ook 'n ruimteskip. Hierdie eienskappe het duidelik 'n soort

⁴¹ Soos die “Gegenstand” kwessie wat in 'n vorige hoofstuk bespreek is.

ooreenstemming (nl. huis-wees en ruimteskip-wees) wat dus nie gebonde is aan die spesifieke huis en ruimteskip nie.

Die aard en funksie van hierdie soorte eienskappe word verreken in die Reformatoriese ontologie as “modaliteite” of “maniere van wees” beskou.

4.2.1.2 Die modaliteitsleer

Soos vroeër aangedui, word daar in die Reformatoriese filosofie onderskei tussen vyftien verskillende modaliteite. Hierdie konsep staan sentraal in die Reformatoriese ontologie en vorm deel van die basis van ’n Reformatoriese verrekening van vrye-wil. Die vyftien modaliteite is naamlik die:

	Modal aspects		Sciences
15.	Certitudinal	Norms Humanities or Social sciences	Theology
14.	Ethical		Ethics
13.	Jural		Law
12.	Aesthetic		Aesthetics
11.	Economic		Economics
10.	Social		Sociology
9.	Sign mode		Linguistics
8.	Cultural-historical		History
7.	Logical-analytical		Logic
6.	Sensitive	Laws Natural sciences	Psychology
5.	Biotic		Biology
4.	Physical		Physics
3.	Kinematic		Phoronomy
2.	Spatial		Geometry
1.	Numerical		Mathematics

Figuur 4-1 Uitgebreide lys van aspekte

(Van der Walt, 2020:35)

Die numeriese (oftewel die kwantitatiewe) aspek/modus⁴² verwys na die domein van kwantitatiewe eienskappe, naamlik getalle en hoeveelhede, d.w.s. een, twee, drie ens., asook die rangverhoudings van meer en minder. Die ruimtelike aspek verwys na ruimtelike dimensie van dinge; terwyl die kinematiese aspek na eienskappe van beweging of beweegbaarheid verwys. Die fisiese aspek verwys na fisiese eienskappe soos atomiese struktuur, energie, ens. Die biotiese aspek verwys na dié funksies en prosesse van lewe soos dit in besonder in die biologie en fisiologie bestudeer word. Die sensitiewe of sensoriese aspek verwys na die

⁴² Die terme aspek en modus kan hier as wisselterme gebruik word.

eienskappe, kwaliteite, en wette rakende lewende wesens se sintuiglike ervarings en emosies. Die analitiese of logiese aspek verwys na die (veral) menslike vermoë om logies te analiseer/verstaan. Die historiese aspek behels die kultuur-vormgewende vermoë van die mens. Die taal of teken-modaliteit verwys na kommunikatiewe eienskappe en vermoëns. Die sosiale aspek het onder andere te make met interpersoonlike interaksie, hetsy tussen individue of in 'n breër konteks. Die ekonomiese aspek is die domein van waarde-oorweging en hulpbron bestuur. Die estetiese verwys na skoonheid sowel as verbeeldingrykheid, nuanse, ens. Die juridiese modus verwys na regverdigheid, wette, ens. Die etiese aspek verwys na basiese goedheid, na vertrouwe, betroubaarheid, opregtheid, ens. Die sekerheidsaspek het te make met oortuiging en geloof (Kok, 1998:193-194). Strauss (2009:79-102) bied 'n breedvoerige beskrywing van die aspekte.

Die term “modaliteite” verwys nie na konkrete *dinge*, objekte of entiteite as sodanig nie. Modale terme verwys na die onderskeie *bestaanswyses* van konkrete dinge, prosesse en gebeure (Troost, 2012:72) en vorm deel van die *orde van temporele realiteit* (Clouser, 2005:243). Die verskillende modaliteite verwys na die wetsordelike samehang van temporele realiteit self. Vroeër is modaliteite (aspekte) beskryf as soorte eienskappe wat deur objekte vertoon word. Hier moet dit beklemtoon word dat aspekte dan juis ook verwys na die bestaanswyse van hierdie soorte eienskappe en kan dus ook as wette gesien word (Clouser, 2005:243). Daar moet egter onderskei word tussen aspekte as soorte eienskappe en aspekte as wette. Clouser (2005:66) onderskei tussen aspektuele eienskappe en aspektuele wette. Elke modaliteit is 'n sekere manier van wees wat uniek en onreduseerbaar is. Hierdie unieke bestaanswyse geld ook op 'n konsekwente wyse vir alle eienskappe wat binne 'n sekere modaliteit val.

Die modaliteitsleer voorsien ook 'n ander perspektief op die eeu-oue kwessie van die *locus ordi*, of subjektivisme/objektivisme probleem. Die *locus ordi* vraag vra na waar die setel van ordelikheid geleë is. Objektiviste vind die setel van ordelikheid in die objekte van ons ervaring, dit wil sê, in die “dinge”. Hiervolgens word kennis dus verkry deur ons opvatting van realiteit te belyn met die orde wat die objekte vertoon. Hierteenoor glo subjektiviste dat orde eerder geskep word deur die waarnemer wat dit, gewoonlik onbewustelik, “afdwing” op die ordelose eksterne werklikheid. Die sogenaamde reformatoriese wetsidee, waarvan die modaliteitleer 'n komponent is, voorsien 'n derde opsie. In hierdie benadering lê die *locus ordi* nie in die objekte of in die subjekte nie, maar eerder buite temporele realiteit self. Daar sal later hierop uitgebrei word. Die wet-sy van temporele realiteit moet konseptueel onderskei word van die objekte en subjekte wat daardeur gereguleer word. In dié sin is dit 'n drie-party benadering, objek, subjek, én wet (Clouser, 2005:247).

Om terug te keer na die samehang van die vyftien modaliteite soos hierbo gelys, moet daar ook aandag gegee word aan die spesifieke orde van die lys. Die orde waarin die vyftien aspekte gelys word, is nie bedoel as 'n aanduiding van 'n hiërargie van afhanklikheid nie. Die verskillende modaliteite is almal verweef in 'n onverbreekbare samehang en kan nie van mekaar geskei word nie. Die onderskeie modaliteite is dus eweveel afhanklik van mekaar. Die volgorde van die lys verwys ook nie na 'n volgorde van oorsaaklikheid⁴³ nie. Die fisiese is byvoorbeeld nie meer fundamenteel in terme van oorsaaklikheid as die ekonomiese nie. Die volgorde (van onder na bo) van die lys verwys wel na die volgorde waarin hierdie aspekte as eienskappe verskyn in ons ervaring van die werklikheid en voorwetenskaplike denke (Clouser, 2005:248-249).

Op hierdie punt kan daar vervolgens gekyk word na die struktuur en funksie van die modaliteite in soos in verhouding tot mekaar staan. Die eerste kenmerk van modaliteite waarop daar uitgebrei kan word, is die uniekheid van elkeen van die vyftien. Soos hierbo genoem hou die Reformatoriese standpunt in dat hierdie verskillende aspekte nie na mekaar herlei kan word nie. Die argumente ten gunste hiervan is ook vroeër hanteer in die kritiek teen reduksionisme en hoef nie hier herhaal te word nie. Aan die hart van elkeen van die vyftien modaliteite lê daar 'n kernbetekenis wat nie in ander terme as die-aspek-self beskryf kan word nie. Die fisiese is die fisiese, die numeriese die numeriese, ens. Hierdie is die kern wat nie tot 'n iets anders herlei kan word nie (Troost, 2012:79).

'n Verdere belangrike saak ten opsigte van die fundamentele uniekheid van die modaliteite is dat hulle nie net uniek is in terme van ons ervaring en konseptualisering nie, maar ook in terme van hulle betrokke funksies binne hulle eie wette. Elkeen van die vyftien modaliteite funksioneer ook op 'n unieke wyse volgens uniek gepaste reëls. Die reëls van oorsaaklikheid wat geld ten opsigte van die ekonomiese aspek, is nie dieselfde as die reëls wat geld ten opsigte van oorsaaklikheid van die juridiese, of die numeriese nie (Taylor, 1969:262). Hierdie uniekheid word afgelei vanuit ons ervaring van realiteit, asook vanuit die onmoontlikheid van inter-aspektuele reduksie. Daar is egter 'n samehangendheid tussen die reëls van die verskillende aspekte. Dit is byvoorbeeld nie moontlik om 'n mooi skildery te verf sonder die fisiese teenwoordigheid van verf, of een of ander medium, nie. Daar is wel ook 'n fundamentele onderskeid: Die teenwoordigheid van verf en die aksie van verf waarborg geensins dat die skildery noodwendig mooi sal wees nie. In hierdie sin word dit ook duidelik hoe die aspektuele wette eienskappe beperk, maar nie as sodanig veroorsaak nie – een van die kern insigte van die Reformatoriese filosofie.

⁴³ Soos gesien word in byvoorbeeld die epifenomeen benaderings tot vrye-wil.

Die unieke funksie en samehang van die verskillende modaliteite word in Reformatoriese kringe soms ook onderskeidelik sfeer-soewereiniteit (uniekheid) en sfeer-universaliteit (samehang) genoem (Strauss, 2009). Sfeer-universaliteit verwys na die gedagte dat alle modale wette ten alle tye (gelyktydig) vir alle entiteite in die temporele werklikheid geld. Om hierdie idee beter te verstaan moet daar eers gekyk word na die verhouding tussen entiteite en modale wette.

4.2.1.3 Modaliteite en entiteite

Soos vroeër genoem onderskei Reformatoriese denke tussen die modale wette en spesifieke entiteite. Reformatoriese denke gaan egter ook daarvan uit dat alle objekte ten alle tye in alle modaliteite funksioneer. Dit is egter geldig om te vra hoe is dit moontlik is? Hoe kan 'n klip, wat byvoorbeeld duidelik ruimte beslaan en 'n sekere chemiese samestelling het, byvoorbeeld, in etiese modaliteit funksioneer?

Clouser (en ander Reformatoriese denkers) se antwoord hierop is dat alhoewel alle objekte ten alle tye in alle modaliteite funksioneer, hulle dit op verskillende wyses doen. Daar word 'n onderskeid getref tussen aktiewe en passiewe⁴⁴ funksionering. Die 'n klip waarna hierbo verwys is, funksioneer aktief binne die eerste vier aspekte, naamlik die numeriese, ruimtelike, kinematiese, en fisiese aspekte. Die funksie is aktief ten opsigte van hierdie aspekte omdat die klip op sig self hierdie soorte eienskappe toon, onafhanklik van die betrekking van 'n ander subjek, en dus ook ander dinge kan beïnvloed of beperk in ooreenstemming met hierdie eienskappe. 'n Klip kan byvoorbeeld my pad fisies versper. 'n Klip funksioneer egter nie aktief in aspekte soos byvoorbeeld die juridiese of bo genoemde etiese modaliteit nie. 'n Klip kan nie enigiets eties "doen" nie. Die etiese eienskappe van die klip verskyn eers, of kom eers na vore, wanneer dit deur 'n entiteit wat wel aktief in die etiese modaliteit funksioneer, geaktualiseer word deurdat 'n mens (wat wel aktief binne die etiese kan funksioneer) die klip byvoorbeeld gebruik om iets wat goed of sleg is te doen soos om 'n lekplek te blokkeer of om 'n moord te pleeg. Dit wil egter nie sê dat die klip nie funksioneer in die etiese aspek nie, want dit kan steeds op 'n passiewe wyse deel vorm van 'n etiese gebeurtenis (Clouser, 2005:250). 'n Mens (wat aktief in die etiese aspek funksioneer) kan 'n klip byvoorbeeld as moordwapen gebruik. Sien ook die onderstaande tabel vir verdere illustrasie van hoe verskillende soorte entiteite op verskillende maniere aktief en passief in alle modaliteite funksioneer.

⁴⁴ Hierdie terme is nie eksklusief nie. 'n Objek funksioneer altyd passief in alle modaliteite, en dan soms ook aktief in sommige van, of al die modaliteite (Clouser, 2005:250).

Sekerheidsaspek	P	P	P	P + A
Etiese	P	P	P	P + A
Juridiese	P	P	P	P + A
Estetiese	P	P	P	P + A
Ekonomiese	P	P	P	P + A
Sosiale	P	P	P	P + A
Linguistieke	P	P	P	P + A
Historiese	P	P	P	P + A
Logiese	P	P	P	P + A
Sensoriese	P	P	P + A	P + A
Biotiese	P	P + A	P + A	P + A
Fisiese	P + A	P + A	P + A	P + A
Kinematiese	P + A	P + A	P + A	P + A
Ruimtelike	P + A	P + A	P + A	P + A
Kwantitatiewe	P + A	P + A	P + A	P + A
P = Passief A = Aktief	'n Klip	'n Plant	'n Dier	'n Mens

Figuur 4-2 Aktiewe en passiewe aspekte in entiteite

'n Kern-element van die Reformatoriese modaliteitsleer wat hier beklemtoon moet word, is die van die normatiewe aard van sommige modaliteite. In die modaliteitsleer word daar 'n onderskeid getref tussen twee groepe, naamlik die normatiewe- en natuurwetlike-modaliteite. Die natuurwetlike modaliteite sluit die kwantitatiewe, ruimtelike, kinematiese, fisiese, biotiese, en sensoriese modaliteite in. Hierdie modaliteite is van so aard dat hulle in beginsel onoortreebaar is. Die normatiewe aspekte sluit die logiese, historiese, linguistieke (of tekenmodus), sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, en sekerheidsaspekte in. Hierdie normatiewe aspekte verskil van die natuurwetlike aspekte in dié opsig dat hulle wel oortreebaar is. 'n Mens kan onlogies, of onekonomies handel, terwyl niemand iets on-fisies of

on-kwantitatief⁴⁵ kan doen nie. Die feit dat die normatiewe wette oortree kan word, maak dit nie minder werklik of geldend as die natuurwette nie. Die idee dat onoortreebaarheid gekoppel moet word aan werklikheid, is een wat reeds afgelei word van die idee dat die natuurwette meer werklik is.

'n Verdere punt wat ondersoek moet word, is die *kwalifiserende aspek* van entiteite. Soos in die vorige paragrafe verduidelik is, kan onderskei word tussen aktiewe en passiewe aspekte. Eenvoudig gestel is die *kwalifiserende aspek* 'n *natuurlike*⁴⁶ entiteit se “hoogste” aktiewe aspek. Hierdie hoogste aktiewe aspek speel dan ook die vernaamste rol ten opsigte van die aard en interne struktuur van daardie natuurlike entiteit. Daar is ook 'n sterk korrelasie tussen die kwalifiserende aspek van 'n entiteit, en ons ervaring van die aard en funksie van daardie objek. Wanneer ons na byvoorbeeld klippe en bome kyk, sien ons dat beide soorte entiteite aktief in die fisiese aspek funksioneer, maar dat net bome aktief in die biotiese aspek is. So korreleer die kwalifiserende aspekte van hierdie entiteite met ons voorwetenskaplike ervaring van daardie entiteite. Die kwalifiserende aspek van 'n gegewe entiteit stem ooreen met wat ons intuïtief sou ag om die aard van die betrokke entiteit te wees. Verder is daar ook 'n korrelasie tussen die kwalifiserende aspek van 'n entiteit en die manier waarop daardie objek gewoonlik geanaliseer en oor geteoretiseer word. Wanneer daar bv. gevra word waarom hierdie klip op die berg sus of so is, sal die verklaring gewoonlik in terme van fisiese (geologiese) gebeure gegee word – tensy die klip byvoorbeeld tot 'n artefak omvorm is, wat dit in 'n ander kategorie sou plaas⁴⁷. Hierteenoor sal die antwoord op waarop hierdie of daardie boom is soos wat dit is, gewoonlik sentreer om biotiese verklarings (alhoewel dit nie noodwendig tot sulke verklarings beperk is nie) (Clouser, 2005:254-255).

'n Verdere kwessie is waarom 'n bepaalde entiteit juis daardie stel aspektuele eienskappe het wat dit vertoon? Om hierdie vraag te beantwoord moet daar weereens gelet word op die idee van die kwalifiserende aspek van 'n entiteit. Clouser (2005:260) stel dat die kwalifiserende aspek deels ook dié aspek is wat die interne struktuur en samehang van die entiteit reguleer: “...the qualifying aspect of a thing is the aspect whose laws regulate the internal organization of the thing taken as a whole.” Dit wil nie sê dat die interne samehang of aard van die betrokke entiteit gereduseer word tot dié van die kwalifiserende aspek nie, maar wel dat die kwalifiserende aspek die vernaamste rol speel in die bepaling van hoe die verskillende aspekte georganiseer is. Alhoewel 'n boom bv. oor fisiese eienskappe beskik, dien hierdie

⁴⁵ Iets soos byvoorbeeld, 'n optelfout is nie on-kwantitatief nie, maar eerder on-logies.

⁴⁶ Daar is 'n onderskeid wat getref moet word tussen natuurlike entiteite en artefakte. Hierdie onderskeid is nie so belangrik vir ons argument nie. Meer hieroor kan gevind word in Clouser (2005: 260-268).

⁴⁷ Clouser (2005:263-268) gee 'n goeie uiteensetting van objekte as artefakte en hoe dit verstaan word binne die modaliteitsleer.

eienskappe as die onderbou van die biotiese eienskappe en word so ook deur die biotiese eienskappe begelei. Die fisiese struktuur van die boom en haar bas is byvoorbeeld so gestruktureer dat water daardeur kan vloei en groei kan plaasvind. Soos wat dit duidelik uit hierdie voorbeeld blyk kom die werklike bestaan van die fisiese aspek van die boom glad nie hiermee in gedrang nie.

4.2.1.4 Tipe-wette

’n Uiteensetting van die idee van “wet” sal verder help om te verduidelik hoe die identifikasie van ’n kwalifiserende aspek, nie reduksionisties is nie. Die wette waarvolgens die samehang van aspekte in ’n entiteit georganiseer word, is nie alleenlik modale wette nie. Die soort wet/te wat hierdie organisering tesame met modale wette bepaal is sogenaamde *tipe-wet*.⁴⁸ Waar aspektuele wette die verhouding tussen eienskappe binne ’n sekere aspek bepaal, bepaal tipe-wette die strukturele kombinasies tussen eienskappe van verskillende aspekte.

Op hierdie punt behoort dit al duideliker te begin word hoe die verskillende aspekte saam funksioneer en gerig word sonder dat daar een aspek of aspektuele wet is waartoe alles gereduseer moet word. Daar is egter, vir die doeleindes van hierdie projek, ’n laaste saak ten opsigte van die modaliteitsleer wat ondersoek moet word, naamlik die vraag dat as die fundamentele aard van die werklikheid en die objekte daarin, nie in enige spesifieke aspek gesetel kan word nie, waar word dit dan gesetel?

4.2.1.5 Die oorsprong en samehang van temporele realiteit

In die vorige kritiek op reduksionisme is die gevolgtrekking gemaak dat die oorsprong en samehang van die verskillende aspekte van temporele werklikheid nie in ’n spesifieke deel van temporele werklikheid self gevind kan word nie. Hieruit volg dit dat, indien die Reformatoriese kritiek op reduksionisme wel aanvaar word, die fondasie van temporele werklikheid slegs gevind kan word buite temporele werklikheid self. Op hierdie punt begin die belang van die term “temporele” wat tot dusver gebruik is om “die werklikheid” te kwalifiseer, na vore te kom. Die Reformatoriese filosofie verwys met “temporele werklikheid” na die werklikheid van die skeppings-orde binne tyd. Hiermee onderskei die Reformatoriese tradisie tussen die geskape werklikheid en werklikheid in geheel.

In Reformatoriese filosofie word temporele realiteit “skepping” genoem, omdat God as die transenderende oorsprong daarvan aanvaar word. “God” verwys spesifiek na die (unieke) God van die Christelike geloof. Dit sou dalk selfs moontlik wees vir ’n realiteitsbeskouing om te

⁴⁸ Die term wat in Engels gebruik word, is “type law”.

funksioneer met die idee van 'n transendente oorsprong van temporele realiteit wat nie die God van die Christendom as sodanig is nie, vir solank as wat dit wel voldoen aan die kriteria van 'n transendente oorsprong wat orde skep en onderhou. In die lig van ons vorige kritiek op die sogenaamde neutraliteit van rede, is dit egter duidelik dat om God as vertrekpunt te neem, nie wetenskaplik problematies is of hoef te wees nie.

Ten einde misverstande te voorkom, is dit belangrik om daarop te let dat die Reformatoriese filosofie, en veral die kritiek op die outonomie van rede, en die kritiek op reduksionisme, nie ten doel het om God se bestaan te bewys nie. In Reformatoriese filosofie word geloof in God gesien as 'n vertrekpunt en nie as 'n afleiding of gevolgtrekking nie.

Hierdie beskrywing van die Reformatoriese, nie-reduksionistiese ontologie, kan vervolgens soos volg saamgevat word: Die Reformatoriese ontologie, as nie-reduksionistiese opvatting, sien temporele realiteit as 'n samehangende struktuur wat georden is, en in stand gehou word deur 'n transendente oorsprong, naamlik God. Die funksionering van entiteite binne hierdie temporele werklikheid geskied volgens 'n sekere wetsordening wat ervaar word as 'n diversiteit van verskillende aspekte wat elkeen uniek, dog onseibaar is. Die objekte in die temporele werklikheid is gelyktydig onderworpe aan die volle verskeidenheid van aspektuele wette, en met die gevolg dat enige stand van sake nie alleenlik verklaar kan word aan die hand van 'n aantal aspektuele wette nie.

4.2.2 'n Nie-reduksionistiese benadering tot wetenskap

Nou dat die breë kontoere van 'n Reformatoriese werklikheidsbeskouing (ontologie) uiteengesit is, kan daar gekyk word na 'n Reformatoriese benadering tot wetenskap. Daar sal net aan sekere elemente van die Reformatoriese wetenskapsleer aandag gegee word, naamlik die benadering tot teorievorming.

Abstraksie en die rol van voorwetenskaplike oortuigings in teorievorming is reeds vroeër bespreek en sal dus nie herhaal word nie. Daar sal hier eerder gepoog word om te kyk na hoe 'n nie-reduksionistiese entiteitsteorieë sou lyk. Hierdie beskrywing sal uiteraard baie algemeen wees. Die beginsels van 'n nie-reduksionistiese benadering voorsien net sekere riglyne en kriteria vir teorievorming en is nie iets waarvan spesifieke entiteitsteorieë as sodanig afgelei sou kon word nie.

In samevatting van die bostaande kan daar, ook ter wille van duidelikheid, 'n opsomming van die kriteria vir nie-reduksionistiese teorievorming gegee word. Clouser (2005:259) gee 'n bondige formulering van hierdie regulerende kriteria:

1. 'n Teorie behoort nie die modale diversiteit van temporele realiteit te ontken nie.
2. 'n Teorie behoort nie die omvang van 'n aspek van temporele werklikheid te beperk nie.
3. 'n Teorie moet nie die skynbare isolasie van enige aspek van temporele werklikheid as (die eintlike) werklik sien nie, en moet dit verstaan as die produk van hoë-abstraksie (of wat Strauss noem “modale abstraksie”).

As hierdie kriteria op 'n elementêre vlak sou toegepas sou word op sommige van die wetenskaplike teorieë wat vroeër bespreek is, word dit gou duidelik dat sulke teorieë (soos byvoorbeeld dié waarop Churchland se standpunt geskoei is) nie slaag nie. In die lig van die bostaande kan Glas (2002) se kritiek op Churchland ook beter verstaan word.

Die Reformatoriese benadering tot teorievorming vereis wel nie dat die hele korpus van wetenskaplike kennis uitgegooi moet word nie. Soos vroeër aangedui, het wetenskaplikes tog 'n intuïtiewe verstaan van abstraksie en aspekte. Die meerderheid wetenskaplike teorieë bevat immers waarheidsmomente, en wel in sover as wat die teorie nie die bostaande kriteria oorskry nie.

In die geval van die neurologiese teorieë waarop Churchland (1993) se standpunt gebaseer is, is daar verseker waarheidsmomente ten opsigte van hoe die brein op 'n sellulêre vlak funksioneer. Verder is daar beslis ook 'n sekere mate van ooreenstemming tussen wat as sellulêre gebeurtenisse in die brein gesien word en hoe daardie gebeurtenisse op ander aspektuele “vlakke” plaasvind. Iemand sal byvoorbeeld nie skaak kan speel sonder dat daar enige neurale aktiwiteite in die brein is nie. Die samehang van hierdie aspekte van 'n gebeurtenis kan egter beslis nie gereduseer word tot die sellulêre (of enige ander) vlak nie. Wanneer fenomene geanaliseer word, moet dit gedoen word vanuit die oogpunt dat alle fenomene, of entiteite, ten alle tye volgens alle modale wette funksioneer en dus ook so onderhewig is aan hierdie wette, insluitend die normatiewe wette (Strauss, 2009: 463).

'n Verwerping van Churchland se reduksionistiese aannames sal egter 'n herinterpretasie van neurologiese data vanuit 'n Reformatoriese perspektief vereis. So 'n nie-reduksionistiese interpretasie is 'n sinvolle geleentheid vir verdere studie.

4.2.3 'n Nie-reduksionistiese beskouing van die mens

Voor daar gekyk kan word na hoe die vrye-wil moontlik verreken kan word in die lig van 'n Reformatoriese perspektief, moet daar eers gekyk word na 'n Reformatoriese antropologie. Daar bestaan noodwendig 'n noue verband tussen 'n gegewe beskouing van vrye-wil en die

gepaardgaande antropologie. Dit is gevolglik belangrik om eers te oorweeg hoe 'n nie-reduksionistiese antropologie lyk.

Strauss (2009:136-138) gee in *Philosophy: Discipline of the disciplines* 'n bondige samevatting van 'n nie-reduksionistiese antropologie. Volgens Strauss funksioneer die mens, soos enige entiteit in temporele realiteit, gelyktydig in alle modale aspekte, en is ook so onderhewig aan alle aspektuele wette. Ons is immers wesens met 'n fisiese sy, asook met lewende selle wat aan die biotiese realiteite onderhewig is ens. Ons sal sterf sonder kos of suurstof. Ons kan net só vër hardloop, of sóveel gewig optel. Die brein, as deel van die mens, speel 'n bepaalde rol in menswees en vertoon ook sekere dienooreenkomstige eienskappe wat gevolglik ook volgens sekere wetmatighede funksioneer. Ons is ook onderhewig aan byvoorbeeld ekonomiese realiteite. Tog is hierdie wetmatigheid nie van so aard dat die mens as (volledig) daardeur gedetermineer word nie. Die mens is ten volle onderhewig aan die wetsorde van realiteit, maar die aard van die wetsorde as sodanig, en dus ook van die mens onderhewig daaraan, is nie ten volle deterministies nie. Die rede hiervoor is daarin te vinde dat die diverse aspektuele struktuur van temporele realiteit ook normatiewe modaliteite insluit.

Strauss (2009:137) voer aan dat die mens 'n unieke *normatiewe struktuur* het. Hierdie “struktuur” moet egter nie net as 'n statiese samestelling of orde verstaan word nie, maar ook as 'n dinamiese struktuur wat normatief dog wetmatig kan optree. Die mens as geheel-struktuur funksioneer aktief in alle modaliteite wat dan ook die normatiewe aspekte insluit. Die normatiewe aspekte is juis van so aard dat hulle, alhoewel hulle beslis ordelik is, nie deterministies is nie. Dit wat normatief is, is as sodanig iets wat oortreebaar moet kan wees.

Die mens as geheel kan nie verklaar word aan die hand van 'n beperkte stel aspekte nie. Die funksie en aard van een aspek kan verder ook nie verklaar word in terme van 'n ander nie. Wanneer daar dus gepoog word om die mens se funksie geheel en al binne een modaliteit (byvoorbeeld die normatiewe) te verklaar aan die hand van 'n ander modaliteit (byvoorbeeld, die biotiese of die fisiese), kan daardie verrekening op 'n fundamentele vlak nie slaag nie.

Die mens moet dus dan gesien word as 'n geheel-struktuur (trans-modale entiteit) wat gelyktydig aktief in alle modaliteite funksioneer. Die wyse waarop die mens in hierdie verskillende modi funksioneer moet ook nie op 'n hiërargiese wyse beskou word nie. Die wyse van funksionering is ewe werklik in alle aspekte en daar is ook geen inter-aspektuele oorsaaklikheidsreduksie nie.

'n Belangrike eienskap van hierdie antropologie is dat dit nie die mens probeer beskou in reduksionistiese terme monisme of dualisme nie. Sodoende word baie van die probleme wat,

soos vroeër aangedui, vanuit dualisties en monistiese vertrekpunte voortvloei, vermy. 'n Belangrike effek hiervan is dat die reeds genoemde liggaam-siel of brein-verstand probleem omseil word.

Glas (2002:164) toon aan hoe die sogenaamde brein-verstand probleem ontstaan vanuit vermybare reduksionistiese analyses en verklarings van die brein en verstand:

Psychophysical dualism and dualist interactionism may be seen as a result of the unjustified belief in the independent existence of mind and of body as (quasi-) substances. The modal aspect — mental functioning as a mode of functioning that qualitatively differs from biological functioning — is substantialized and changed into a mental substance or a mental entity called 'The Mind'. Psychophysical identity theories, on the other hand, run the risk of being transformed into one or another form of monism. This occurs when the nature of the 'common ground' of different forms of functioning, is defined in terms of one particular scientific discipline, such as biology.

In 'n Reformatoriese antropologie word daar wel onderskei tussen die biotiese funksie van die brein en die ander aspekte waarin die mens funksioneer, hoewel hierdie nie 'n onderskeid is wat verskillende substansies voorhou nie. Al die verskillende aspekte vorm eerder 'n samehangende geheel-struktuur.

Soos reeds genoem kan die mens wel nie gesien word as 'n bloot strukturele samestelling wat op 'n ordelike wyse funksioneer nie. Die Reformatoriese antropologie is meer genuanseerd as wat tot dusver beskryf is. Daar is verdere konsepte soos strukturele *enkapsis* wat ook 'n rol speel in die nuanserings van die Reformatoriese antropologie. Daar is egter nie plek om hier 'n volledige uiteensetting daarvan te gee nie. Vir 'n meer volledige Reformatoriese antropologie kan daar na Troost (2012:165-196) gekyk word. Vir die doeleindes van hierdie projek sal daar op net nog een element van die Reformatoriese antropologie gefokus word, naamlik die eenheid, oftewel die "ek" van menswees.

Hierdie kwessie is ook 'n uitgebreide onderwerp wat nie hier volledig bespreek kan word nie. Dit is wel belangrik om hier daarop te wys dat daar wel volgens die Reformatoriese perspektief so 'n eenheid in die mens is. Hierdie eenheid setel egter nie in 'n enkele spesifieke aspek nie, en word ook nie in een aspek verwesenlik nie. Hierdie eenheid van menswees word in meeste gevalle beskou as 'n transendente eenheid wat gesetel is in die mens se besondere verhouding met God. Die "ek" kan dus nie begryp word nie, maar eerder net benader word as idee. Die "ek" is nie 'n objek wat logies geanaliseer kan word nie (Troost, 2012:175).

Wat wel kan en gesê moet word oor hierdie “ek”, is dat hierdie “ek” nie gesien word as ’n aparte deel van die mens nie; dit is nie ’n bo-natuurlike substansie (soos byvoorbeeld die “siel”) nie. Dit is ook nie die setel van iets soos vrye-wil wat dan “inmeng” in die modaliteite nie. Die “ek” staan nie vir ’n deel van menswees nie; dit is eerder juis menswees in sy of haar geheel.

Alhoewel hierdie opvatting van menswees steeds sekere vrae onbeantwoord laat, bied dit wel reeds die ruimte om sekere van die probleme wat reduksionistiese mens-beskouings kniehalter, te omseil.

4.3 Die vrye-wil begin verreken vanuit ’n Reformatoriese, nie-reduksionistiese oogpunt

Nou dat die breë kontoere van ’n Reformatoriese filosofiese raamwerk geskets is, kan daar gekyk word na hoe vrye-wil binne so ’n raamwerk verreken kan word.

4.3.1 Wat is vrye-wil: herbesoek

Ter herinnering, ons aanvanklike definisie van vrye-wil was: vrye-wil is die werklike vermoë van die mens om keuses te maak. Hierdie definisie impliseer dat die mens minstens by tye oor die werklike vermoë beskik om outentieke keuses te maak wat nie volledig bepaal word deur vaste kettings van oorsaaklikheid wat buite die wil van die mens self val nie.

Hierdie definisie van vrye-wil pas goed binne die Reformatoriese verrekening daarvan, waarin die mens gesien word as ’n wese wat oor ’n daadwerklike vermoë beskik om outentieke keuses te maak. Die oorsprong van hierdie keuses is ook juis van so aard dat mense in die meeste gevalle morele verantwoordelikheid daarvoor kan neem.

Vanuit die Reformatoriese perspektief gesien, begin dit duidelik word dat vryheid as *vryheid van determinisme* beskou word. Hoewel dit ’n kern voorwaarde vir vryheid is, is dit nie as sodanig genoeg vryheid en vrye-wil genoegsaam te verstaan of te verskans nie. Vrye-wil begin eers waarlik verstaanbaar word binne die konteks van ’n spesifieke soort orde waarin vryheid gefasiliteer word – en nie net eerder as net toelaat of verdra word nie (Geertsema, 2011:36).

Dit moet benadruk word dat vrye-wil nie gesien moet word as ’n entiteit wat deel vorm van die mens nie. Vrye-wil is eerder ’n funksie of vermoë van die mens as geheel. In dié sin is daar nie die een of ander setel (in ’n entitêre sin) van vrye-wil nie. Die vraag na wat die oorsprong van vrye-wil dan sou wees, is beslis een vir verdere studie. Dit sou egter nie onredelik wees om te argumenteer dat die vrye-wil as vermoë van die mens vloei uit die selfde bron as menswees self nie.

4.3.2 Hoe funksioneer die vrye-wil as deel van menswees: Die vrye-wil dilemma as valse dilemma

’n Groot deel van die vrye-wil gesprek handel oor hoe die vrye-wil funksioneer. Hoe word die idee van vrye-wil as die daadwerklike vermoë om (soms) outentieke keuses te maak, versoen met ons ervaring van die oorsaaklike geordendheid van realiteit? Daar moet dus moet noukeurig aandag gegee word aan hierdie oënskynlike teenstrydigheid.

Vanuit ’n Reformatoriese perspektief maak dit duidelik dat die skynbare opposisie tussen wet en vryheid, ’n valse dilemma is. Soos uitgewys in vorige hoofstukke word wetenskaplike opvattings van oorsaaklikheid voortdurend verwring deur reduksionistiese vertrekpunte wat tot determinisme wanopvattinge lei. Dit wil sê dat die idee dat oorsaaklikheid op ’n volledig deterministiese wyse, veral ten opsigte van die entiteite se funksie in alle aspekte, verstaan moet word, nie geldig of noodwendig is nie. Vryheid moet gevolglik in dieselfde asem ook nie gesien word as die onttrekking van ’n oorsaak nie. Vryheid, vanuit ’n Reformatoriese perspektief gesien, is dan juis die vermoë om te kies binne die konteks van verskillende soorte wette en oorsake wat in mekaar verweef is, maar wat nie noodwendig die uitkoms ten volle determineer nie. Die Reformatoriese modaliteitsleer se insig dat daar ook normatiewe modaliteite bestaan (Strauss, 2009:279-282) wat juis die moontlik van oortreding inhou, binne die konteks van struktuur voorsien hier ’n baie sinvolle alternatief.

Wanneer die mens gesien word as ’n geheel-entiteit wat volgens ’n verskeidenheid van modaliteite funksioneer (Strauss, 2009:136-138), en nie net as ’n samestelling van verskillende substansies nie, word die spanning tussen vryheid en wet, omseil. ’n Kern probleem wat aangetref is in ander benaderings tot vrye-wil, is die pogings om vrye-wil, of in ’n breër sin, die eenheid van menswees, in ’n sub-entiteit van die mens te setel. Die vele monismes, soos dié van Churchland (1993:395), poog om “menswees” te setel in die biotiese of fisiese aspekte. Descartes het probeer om dit te setel in iets soos die “siel”. Soos aangetoon lei sulke pogings noodwendig tot ’n reduksionistiese en onsamehangende beskouing van vryheid en van menswees.

Binne die Reformatoriese perspektief word die “setel” van menswees nie binne ’n aspek van menswees geplaas nie. Die mens word eerder gesien as ’n geheel en eenheid wat gesetel is in die oorsprong van temporele realiteit. Die mens bestaan gelyktydig in alle aspekte (modaliteite), en is dus gevolglik ook onderhewig aan hierdie aspektuele wette in ons dienooreenkomstige eienskappe. Ons funksioneer dus binne ’n raamwerk van fisiese, historiese, ekonomiese, etiese, ens. wette. Hierdie wette is egter, soos vroeër aangetoon, nie

deterministies van aard nie. Menswees kan dus ook nie gereduseer word tot enige spesifieke aspek nie (Strauss, 2009:140). Die geheel is in hierdie sin meer as die som van die dele.

Op hierdie punt moet daar weereens beklemtoon word die “beperking” van wette wat “ruimte” laat vir vryheid, nie in ’n dualistiese sin verstaan moet word nie. Die term “beperking” word hier gebruik om te beklemtoon dat die wette se funksionele aard en sfeer van soewereiniteit nie op ’n reduksionistiese wyse verstaan moet word nie.

4.4 Die Reformatoriese verrekening van die vrye-wil in die lig van voorafgaande kriteria en probleme

Ter wille van ’n verdere nuansering en evaluering van die Reformatoriese verrekening van vrye-wil, sal vlugtig gekyk word na hoe die nie-reduksionistiese benadering moontlik ’n antwoord kan gee op van die kern kwessies wat in vroeër hoofstukke bespreek is.

4.4.1 Vrye-wil, determinisme, en wetenskap

Een van die eerste kwessies wat in vorige hoofstukke geopper is, is dié van determinisme. Daar is aangetoon dat deterministiese sienings van vrye-wil problematies is, hoofsaaklik aangesien determinisme blyk om onversoenbaar te wees met die libertariese opvatting van vrye-wil. Determinisme blyk ook om sekere epistemologiese probleme tot gevolg te hê. Indien determinisme geldig sou wees, kan ons nie enige sekerheid ten opsigte die waarheid wat dit sou bied, hê nie.

Die Reformatoriese verrekening van vrye-wil verval egter nie in ’n determinisme nie. Die modaliteitsleer beskryf hoe entiteite – insluitende die mens – ten opsigte van hulle spesifieke organisering (tipe-wette) en eienskappe wetmatig funksioneer. Verder is die aard van hierdie wetmatigheid, nie deterministies nie deurdat alle oorsaaklikheid word tot een soort gereduseer word nie. Die Reformatoriese wetsidee laat juis die ruimte vir ’n sinvolle verstaan van intra-aspektuele oorsaaklikheid wat op ’n konsekwente en wetenskaplike wyse ruimte skep vir die uniekheid van verskillende aspekte se wyses van wees en wat vervolgens die normatiewe aspekte juis insluit.

Daar is ook geargumenteer dat die oënskynlike inter-aspektuele reduksie van sekere wetenskappe, soos fisika of biologie, die produk is van die betrokke navorsers se voorwetenskaplike oortuigings en dus nie noodwendig ’n akkurate weerspieëling van die werklikheid is nie (Glas, 2002:154).

4.4.2 Lukraakheid

Die kwessie van lukraakheid as moontlike antwoord op die vrye-wil probleem ook ondersoek. Die argument ten gunste van lukraakheid as antwoord op die vrye-wil probleem stel voor dat die moontlikheid van lukraakheid in byvoorbeeld natuurwette (kwantum fisika) die probleem van determinisme vermy. Die beswaar wat na vore kom, is egter dat vryheid vanaf determinisme nie as sodanig vrye-wil in die Libertariese sin is nie. Alhoewel vryheid van determinisme 'n vereiste is, is dit nie genoegsaam op sig self nie. Die vraag bly dus staan, as selfs die moontlikheid van lukraakheid nie vrye-wil kan beredder nie, wat kan?

Vanuit 'n Reformatoriese perspektief gesien, huldig hierdie uitgangspunt 'n valse teenstelling tussen vryheid en wet. Oordelike en wet moet nie in reduksionistiese en / of deterministiese terme verstaan word nie. Daar is verskillende soorte wette, waaronder sommige wat juis normatief van aard is. Vryheid is nie iets wat net moontlik is in die afwesigheid van wette (lukraakheid) nie, maar is iets wat juis slegs daarbinnen moontlik is. Die geldige funksionering van bv. logiese norme (gewoonlik die “wette van logika” genoem) is 'n ontiese voorvereiste vir die moontlikheid van logiese argumente (sowel as onlogiese) argumente. Die Reformatoriese beskouing van vrye-wil behels juis dat vryheid uitgeoefen word in ooreenstemming met die verskeidenheid van aspektuele wette sowel as tipe-wette. Vrye-wil is dus wel wetmatig (en word dus wel wetmatig gedetermineer), maar die aard van hierdie wetmatigheid is nie deterministies nie (Geertsema, 2011:41).

'n Onderliggende kwessie wat na vore kom in ten opsigte van lukraakheid is die vraag na die oorsprong van die besluit of aksie wat uit vrye-wil geneem word. 'n Reformatoriese perspektief hierop is dat die ware oorsprong van die daad gesetel is in die “ek” van menswees wat op “sy” beurt weer gesetel is in die oorsprong van temporele realiteit.

4.4.3 Vrye-wil en verantwoordelikheid

Een van die kern en sekerlik mees pertinente kwessies ten opsigte van vrye-wil het betrekking op verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Die algemene opvatting van aanspreeklikheid, is dat dit direk gekoppel is aan vrye-wil in die libertariese sin. As ek byvoorbeeld iemand se dood veroorsaak, maar daar was niks wat ek kon doen om dit te verhoed nie (as ek dus nie anders kon optree nie), word my aanspreekbaarheid / toerekeningsvatbaarheid in 'n ander lig gesien as wanneer ek wel 'n keuse gehad het. Een van die kern-punte van kritiek ten opsigte

van deterministiese sienings van vrye-wil, is juis dat dit nie werklik versoen kan word⁴⁹ met aanspreeklikheid / toerekeningsvatbaarheid in hierdie sin nie.

Indien determinisme verwerp word, is die algemene alternatief om te sê dat die mens wel soms sy of haar vrye-wil kan uitoefen. Hierdie standpunt laat, soos aangetoon, egter 'n verdere vraag, naamlik hoe en wanneer vryheid uitgeoefen kan word? In die ondersoek van hierdie probleem is gevind dat verskeie reduksionistiese benaderings tot vrye-wil op 'n fundamentele wyse nie geskik is om hierdie vraag op 'n nie-deterministiese⁵⁰ wyse te beantwoord nie.

In teenstelling met reduksionistiese benaderings tot vrye-wil laat die Reformatoriese benadering juis ruimte vir vryheid te midde van wetmatigheid. Hoewel die bespreking van 'n Reformatoriese verrekening van vrye-wil nie tot 'n vlak gevoer is wat voldoende sou wees om te kan bepaal *wanneer* 'n daad vry en verantwoordbaar is nie, is dit wel belangrik om daarvan kennis te neem dat 'n Reformatoriese benadering wel in beginsel so 'n riglyn of antwoord sou kon bied aangesien dit nie noodwendig in reduksionisties beskouings van oorsaaklikheid en vryheid vasgevang sal word nie.

4.5 Beperkings en geleenthede in ons verstaan van vrye-wil

Net soos wat dit duidelik gemaak is dat vrye-wil soos vanuit 'n Reformatoriese perspektief gesien, sekere kwessies oplos of omseil, is dit ook duidelik gestel dat sekere vrae wel nog onbeantwoord gelaat is. Hierdie oorblywende vrae kan in twee kategorieë ingedeel word. Daar is eerstens die vrae wat wel beantwoord sou kon word, en tweedens die wat heel moontlik in beginsel nie beantwoord kan word nie.

Ten opsigte van die eerste soort vrae, naamlik die wat moontlik beantwoord kan word moet daar hier gestel word dat hierdie bespreking van die Reformatoriese verrekening van die vrye-wil nog net 'n begin is. 'n Vollediger uiteensetting, bespreking, en sintese van Reformatoriese filosofie wat dieper ingraawe in die samehang en funksie van verskillende wette kan moontlik ons verstaan van die verhouding tussen vryheid en wet verbeter. Verder kan 'n meer noukeurige ondersoek in die Reformatoriese antropologie, veral in terme van die verhouding tussen vryheid, die "ek", en hoe dit in verhouding tot God staan as beeld van God, ook dieper insig lewer.

⁴⁹ Alhoewel daar beslis pogings was, soos ons gesien het met "compatibilism".

⁵⁰Die probleem kan ook nie met behulp van lukraakheid aangespreek word nie.

Ten opsigte van die tweede soort vrae, naamlik die wat moontlik nie beantwoord kan word nie: Soos vroeër aangetoon, is daar 'n sekere fundamentele probleme wat teëgekom word wanneer daar gepoog word om vrye-wil te verklaar of te verstaan. Wanneer 'n menslike handeling verklaar word op 'n manier waarin die handeling nie gesien word in konteks van die mens as “doenende” geheel-struktuur nie, maar eerder gereduseer word tot een of ander (of stel van) aspek/te van daardie handeling, kan daardie verklaring nie voldoen aan die libertariese definisie van vrye-wil nie. Daar sal dus altyd ruimte gelaat moet word in die verklaring van enige menslike handeling vir 'n “want hul wou” as die oorsprong van 'n betrokke daad. Die wyse van, en van die redes vir 'n handeling kan, en moet, in modale terme verklaar word, maar nie die daad in geheel nie. Myns insiens is dit nie toevallig dat hierdie “onbegrypbaarheid⁵¹” van vrye-wil tot 'n groot mate ooreenstem met die onbegrypbaarheid van die “ek” nie. Dit is heel moontlik aangesien die vrye-wil 'n funksie van menswees in geheel is, dat dit nie werklik in aspektuele (d.w.s. teoretiese) terme verklaar kan word nie. Dit sou beteken dat die wortel-verklarings vir waarom iemand iets gedoen het, of nie gedoen het nie, heel moontlik net “omdat hulle wou” kan wees. Dalk is dit juis die soort antwoord wat daarby sal pas.

4.6 Hoofstuk samevatting

In hierdie hoofstuk is daar 'n uiteensetting gegee van die breë kontoere van 'n Reformatoriese verrekening van vrye-wil. Daar is eerstens gekyk na wat 'n Reformatoriese nie-reduksionistiese ontologie, wetenskapsfilosofie, en antropologie inhou. Ten slotte is daar gekyk na hoe, in die lig van die voorafgenoemde raamwerk, elemente van 'n Reformatoriese verrekening van vrye-wil en die vrye-wil kwessie sou kon lyk.

Daar is bevind dat die Reformatoriese wetsidee erkenning gee aan die ontiese diversiteit van temporele realiteit en nie poog om temporele realiteit tot een of meer aspek daarvan te reduceer nie. Vanuit hierdie erkenning van die diverse modale aspekte is daar ook aangetoon dat sommige van hierdie aspekte juis normatief van aard is, en nie slegs determinerend van aard is nie. Daar is geargumenteer dat dit juis hierdie normatiewe karakter is wat die soort struktuur skep wat vrye-wil moontlik maak.

Daar is bevind dat vrye-wil as 'n funksie van menswees-in-geheel gesien moet word, wat nie gereduseer kan word of tot een of meer aspekte van die werklikheid nie. Dit is dan ook gestel

⁵¹ Hier verwys ek daarna dat die kern van “want ek wou” as wortel-oorsaak nie juis verder geanaliseer kan word in wetenskaplike terme nie.

dat vrye-wil nie gelokaliseer kan word in een of ander substansie of deel van die mens nie, maar dat dit iets is wat vloei uit die kern (geheel) van menswees as geheel-struktuur.

Daar is ook bevind dat ons dat teoretiese verklarings van vrye-wil – sover as wat dit plaasvind in modale terme – nie allesomvattend van aard kan wees nie. 'n Menslike handeling aktualiseer binne die temporele werklikheid volgens modale wette en kan ook deels in die betrokke aspektuele-terme verklaar word, terwyl die oorsprong en geheel van so 'n handeling nie slegs tot die modaliteite gereduseer kan word nie.

Die Reformatoriese verrekening van vrye-wil is ook gemeet aan van die kriteria en die kwessies wat in vorige hoofstukke as problematies aangetoon is. Daar is bevind dat die Reformatoriese benadering wel van die kern kwessies van vrye-wil op 'n sinvolle manier aanraak en ter gelykertyd die probleme van determinisme, lukraakheid, en reduksionisme vermy.

Ten slotte is moontlike beperkings en geleenthede ten opsigte van ons verstaan van vrye-wil bespreek en daar is bevind dat 'n reformatoriese verrekening van vrye-wil beslis uitgebrei kan word en ook 'n sinvolle bydrae lewer tot hoe kwessies aangaande vrye-wil verstaan kan word.

HOOFSTUK 5: SLOT

In hierdie verhandeling is die probleem van vrye-wil ondersoek. Die sentrale vraag wat rigting aan die ondersoek gegee het, was soos volg: Hoe behoort vrye-wil en die vrye-wil probleem verstaan te word ten einde die dilemma van vryheid teenoor oorsaaklikheidsfaktore te vermy of te oorkom? Vanuit die literatuur blyk dit dat die vrye-wil diskoers in 'n dooploopstraat vasgevang is. 'n Nie-reduksionistiese Reformatoriese filosofie is as alternatiewe benadering voorgestel in die soeke na 'n moontlike uitweg.

5.1 Uiteensetting van hoe doelwitte behaal is

Ten einde die bostaande vraag te beantwoord is die volgende gedoen:

5.1.1 Doelwit een

Om 'n kritiese en breedvoerige uiteensetting te voorsien van die algemene standpunte aangaande die vrye-wil vraagstuk is daar in die tweede hoofstuk ondersoek ingestel na wat die algemene standpunte aangaande vrye-wil en die vrye-wil kwessie is en is daar 'n breedvoerige, kritiese oorsig gegee van die vernaamste standpunte in die vrye-wil diskoers. Daar is ingedelf in die groot verskeidenheid van posisies aangaande die vrye-wil problematiek. Daar is drie hoof-kategorieë standpunte binne die debat geïdentifiseer naamlik die deterministiese, kompatibiliste, en die libertariese beskouing van vrye-wil. Die redes vir, en besware teen elkeen van hierdie standpunte is ondersoek. Daar is besondere aandag gegee aan die argumente van vrye-wil filosowe soos Patricia Churchland wat poog om vanuit 'n reduksionisties-materialistiese oogpunt aan te toon dat vrye-wil, in die libertariese sin, nie werklik bestaan nie. Vanuit hierdie ondersoek het dit begin duidelik word dat daar wel dieper vrae onderliggend tot die vrye-wil kwessie is wat 'n ondersoek regverdig.

5.1.2 Doelwit twee

Om aan te toon dat daar onderliggende en fundamentele probleme is met die algemene standpunte aangaande die vrye-wil kwessie, en om dit op so wyse te doen dat die kriteria vir 'n alternatiewe filosofiese raamwerk duidelik sal word, is daar in die derde hoofstuk die onderliggende faktore in die vrye-wil gesprek ondersoek. Ná 'n kritiese analise van die vernaamste standpunte in die vrye-wil diskoers, is daar bevind dat daar wel dieper onderliggende probleme is wat as sodanig buite die vrye-wil debat is, maar wat wel binne die debat manifesteer en dus van belang is. Daar is vervolgens gekyk na hoe filosofiese raamwerke 'n beduidende rol in die vrye-wil debat speel, en spesifiek ook na hoe wetenskaplike teorieë en teorievorming deur filosofiese en voorwetenskaplike vertrekpunte

beïnvloed word. Die kwessie van reduksionisme is in besonder ondersoek en daar is gekyk na hoe dit spesifiek die sienings oor vrye-wil beïnvloed. Daar is bevind dat reduksionisme as sodanig problematies en onregverdigbaar is, en dat dit moontlik 'n beperkende rol speel ten opsigte van teorievorming in die algemeen, asook ten opsigte van teorieë oor vrye-wil in besonder. Die kwessie van reduksionistiese raamwerke is vervolgens ondersoek met besondere aandag aan die redes vir, en die vermyding van sodanige raamwerke. Daar is immers bevind dat alhoewel reduksionisme 'n dieperliggende probleem is, dit wel omseil kan word. Laastens is voortgebou op die uiteensettings en argumente wat deur die loop van die hoofstuk ontwikkel is om sodoende 'n duideliker begrip te vorm van wat die kriteria sou wees vir 'n alternatiewe benadering wat die spesifieke probleme wat geïdentifiseer is, moontlik sou kon vermy.

5.1.3 Doelwit drie

Om te begin demonstreer hoe 'n nie-reduksionistiese filosofie 'n sinvolle en oortuigende verrekening kan bied ten opsigte van vrye-wil en vrye-wil probleem is in die vierde hoofstuk 'n uiteensetting gegee van hoe 'n Reformatoriese nie-reduksionistiese filosofie die raamwerk sou kon bied vir 'n alternatiewe, meer sinvolle, perspektief op vrye-wil. Hierdie raamwerk is belig deur 'n bondige beskrywing van die tersaaklike elemente daarvan te gee, naamlik die modaliteitsleer, 'n Reformatoriese wetenskapsfilosofie en antropologie. Hierdie elemente van die raamwerk is vervolgens toegepas op die verstaan van vrye-wil om sodoende 'n begin te maak met die daarstel van 'n Reformatoriese verrekening van vrye-wil en die vrye-wil diskoers as sodanig. Vervolgens is die kontoere van 'n Reformatoriese beskouing van vrye-wil beoordeel in die lig van die kriteria en probleme wat is in die vorige hoofstukke ontwikkel is. Hierin is bevind dat die Reformatoriese benadering blyk om enersyds wel aan die tersaaklike kriteria te voldoen en om die vooraf geïdentifiseerde probleme te vermy. Die werklikheidsorde wat die Reformatoriese siening in die modaliteitsleer bied, voorsien 'n soort struktuur waarin vrye-wil verreken en verstaan kan word binne die konteks van verskillende intra-aspektuele oorsaaklikheidsverhoudings sonder om in determinisme te verval. Die Reformatoriese antropologie blyk verder om ook 'n samehangende en kardinaal belangrike beskrywing te gee van die mens as unieke geheel-struktuur wat onderhewig is aan, maar nie beperk nie tot, aspektuele wette en oorsaaklikheidsverhoudings. Laastens is sekere beperkings en geleenthede in ons verstaan van vrye-wil en die gepaardgaande kwessies, uitgewys.

Ten slotte word daar dus in hierdie verhandeling aangevoer dat die Reformatoriese filosofiese tradisie se nie-reduksionistiese filosofie 'n deurslaggewende bydrae kan maak tot 'n sinvolle verrekening van die vrye-wil kwessie.

BRONNELYS

Anscombe, E. 2000. Causality and determinism. In: Ekstrom, L.W., ed. Agency and responsibility: essays on the metaphysics of freedom. Boulder, CO: Westview Press. pp. 84-100

Baker, L. 2009. Higher-order theories of consciousness. In: Mclaughlin, B., ed. The Oxford handbook of philosophy of mind. Oxford: Oxford University Press. pp. 109-127.

Bril, K.A. 2005. Vollenhoven's problem-historical method: introduction and explorations. Sioux Center, IA: Dordt College Press.

Churchland, P.S. 1993. Neurophilosophy: toward a unified science of the mind-brain. 1st ed. Cambridge, MA: The MIT Press.

Churchland, P.S. 1994. Can neurobiology teach us anything about consciousness? Proceedings and addresses of the American philosophical association, 67(4):23-40.

Clarke, R. & Capes, J. 2017. Incompatibilist (nondeterministic) theories of free will. In: Stanford encyclopedia of philosophy.
<https://plato.stanford.edu/archives/spr2017/entries/incompatibilism-theories> Date of access: 24 June 2019.

Clouser, R.A. 2005. The myth of religious neutrality: an essay on the hidden role of religious belief in theories. Rev. ed. Notre Dame, IN: University of Notre Dame Press.

Descartes, R. 1972. Treatise of man. Translated from the French by Thomas Steele Hall. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Double, R. 1990. The non-reality of free will. 1st ed. Oxford: Oxford University Press.

Earman, J. 1986. A primer on determinism. 1st ed. Boston, MA: D. Reidel Pub. Co.

Ekstrom, L.W. 2000a. Indeterminist free action. In: Ekstrom, L.W., ed. *Agency and responsibility: essays on the metaphysics of freedom*. Boulder, CO: Westview Press. pp. 138-157

Ekstrom, L.W. 2000b. Introduction. In: Ekstrom, L.W., ed. *Agency and responsibility: essays on the metaphysics of freedom*. Boulder, CO: Westview Press. pp. 1-14

Fara, M. 2008. Masked abilities and compatibilism. *Mind*, 117(468):843-865.

Feser, E. 2013. *Philosophy of mind: a beginner's guide*. 1st ed. London: Oneworld.

Fischborn, M. 2016. Libet-style experiments, neuroscience, and libertarian free will. *Philosophical Psychology*, 29(4):494-502.

Fischer, J.M. 1982. Responsibility and control. *Journal of Philosophy*, 79(1):24-40.

Fischer, J.M. & Ravizza, M. 1998. *Responsibility and control: a theory of moral responsibility*. 1st ed. Cambridge: Cambridge University Press.

Frankfurt, H.G. 1969. Alternate possibilities and moral responsibility. *The Journal of Philosophy*, 66(23):829-839.

Frankfurt, H.G. 1971. Freedom of the will and the concept of a person. *Journal of Philosophy*, 68(1):5-20.

Freud, S. 1957. *The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud*. Vol. 14, (1914–1916) *On the history of the psychoanalytic movement, papers on metapsychology, and other works*. 1st ed. London: Hogarth.

Geertsema, H.G. 2011. Embodied freedom. *Koers*, 76(1):33-57.

Glas, G. 2002. Churchland, Kandel, and Dooyeweerd on the reducibility of mind states. *Philosophia Reformata*, 67(2):148-172.

Hobbes, T. 1991. *Leviathan*. 1st ed. Cambridge: Cambridge University Press.

Hodgson, G.M. 2004. Darwinism, causality and the social sciences. *Journal of Economic Methodology*, 11(2):175-194.

Kane, R. 2011. *The Oxford handbook of free will*. 2nd ed. Oxford: Oxford University Press.

Kearns, S. 2015. Free will agnosticism. *Noûs*, 49(2):235-252.

Kok, J.H. 1998. *Patterns of the western mind: a reformed Christian perspective*. 1st ed. Sioux Center, IA: Dordt College Press.

Ludwig, D. 2015. *A pluralist theory of the mind*. 1st ed. New York, NY: Springer.

McKenna, M. 2018. Compatibilism. In: *Stanford encyclopedia of philosophy*.
<https://plato.stanford.edu/archives/spr2017/entries/incompatibilism-theories> Date of access:
18 June 2019.

Nagel, T. 2012. *Mind and cosmos: why the materialist neo-darwinian conception of nature is almost certainly false*. 1st ed. Oxford: Oxford University Press.

O'Connor, D.J. 1972. *Free will*. 1st ed. London: Palgrave Macmillan.

Oerter, R. 2006. *The theory of almost everything: the standard model, the unsung triumph of modern physics*. 1st ed. New York, NY: Pi Press.

Resnick, S.A. & Wolff, R.D. 1982. Marxist epistemology: the critique of economic determinism. *Social Text*, (6):31-72.

Searle, J.R. 2004. *Mind: a brief introduction*. 1st ed. New York, NY: Oxford University Press.

Slote, M. 1982. Selective necessity and the free will problem. *Journal of Philosophy*, 79(1):5-24.

Stapp, H.P. 2017. *Quantum theory and free will: how mental intentions translate into bodily actions*. 1st ed. Cham: Springer.

Strauss, D.F.M. 2009. *Philosophy: discipline of the disciplines*. Grand Rapids, MI: Paideia Press.

Strawson, P. 1962. Freedom and resentment. In: Watson, G., ed. *Proceedings of the British Academy*. Volume 48. Oxford: Oxford university press. pp. 1-25.

Taylor, E.L.H. 1969. The Christian philosophy of law, politics and the state: a study of the political and legal thought of Herman Dooyeweerd of the Free University of Amsterdam, Holland, as the basis for Christian action in the English-speaking world. *Philosophia Reformata*, 34(1-2):56-59.

Troost, A. 2012. *What is reformational philosophy?: an introduction to the cosmonomic philosophy of Herman Dooyeweerd*. Grand Rapids, MI: Paideia Press.

Van der Walt, B.J. 2014. At the cradle of a Christian philosophy: in Calvin, Vollenhoven, Stoker, Dooyeweerd. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.

Van der Walt, M.F. 2020. *Mens, wetenskap, en samelewing*. Fakulteit Geesteswetenskappe. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit. (Studiegids, PAC311 AC).

Van Inwagen, P. 1983. *An essay on free will*. 1st ed. Oxford: Oxford University Press.

Van Inwagen, P. 2000. The incompatibility of free will and determinism. In: Ekstrom, L.W., ed. *Agency and responsibility: essays on the metaphysics of freedom*. Boulder, CO: Westview Press. pp. 17-29.

Verplaetse, J. 2012. *Zonder vrije wil: een filosofisch essay over verantwoordelijkheid*. Amsterdam: Nieuwezijds.

Vihvelin, K. 2013. *Causes, laws, and free will: why determinism doesn't matter*. Oxford: Oxford University press.

Vollenhoven, D.H.T. 2000. *Schematische kaarten: filosofische concepties in probleemhistorische verband*, bewerkt door K.A. Bril, K.A. & P.J. Boonstra. Amstelveen: De Zaak Haes.

Vollenhoven, D.H.T. 2005. The problem-historical method and the history of philosophy, edited by K.A. Bril. Translated from the Dutch by John de Kievit. Amstelveen: De Zaak Haes.

Watson, G. 1975. Free agency. *Journal of Philosophy*, 72(8):205-220.

Widerker, D. 1995. Libertarianism and Frankfurt's attack on the principle of alternative possibilities. *The Philosophical Review*, 104(2):247-261.

Wolf, S. 1990. *Freedom within reason*. Oxford: Oxford University Press.

Young, R.P.D. 1975. *Freedom, responsibility, and God*. London: Macmillan.

Zheng, Y., Van Osselaer, S.M.J. & Alba, J.W. 2016. Belief in free will: implications for practice and policy. *Journal of Marketing Research (JMR)*, 53(6):1050-1064.